# HOOFSTUK 6

# 'N ONTLEDING VAN *SITATE OM 'N REWOLUSIE* (JEANETTE FERREIRA, 1985)

## 6.1 Mesovlak: die bedoeling van die skrywer afgelei uit die verhaalstruktuur

### 6.1.1 Inleidend

Hoewel Jeanette Ferreira in 1984 aan prof. P.J. Nienaber skryf dat sy in daardie stadium besig is om aan 'n 'novelle' te werk, word *Sitate om 'n rewolusie* in 1985 gepubliseer met die genre-etiket: *'n roman* op die voorblad aangebring. Ook sommige resensente, byvoorbeeld Brink (1985:16) en Hambidge (1990:8) verwys na hierdie werk as 'n novelle, sodat dit hier weer eens, soos in die geval van die twee tekste wat reeds bespreek is, hoogstens gaan om 'n korter roman, wat die ontleding vanuit 'n ideologiekritiese taalhandelingsperspektief meer haalbaar maak as wat 'n vollengte roman sou toelaat. Ook in hierdie 'roman' word die politieke aktualiteit in Suid-Afrika (in hierdie geval van die sewentigerjare) op 'n eksplisiete wyse betrek, wat daaraan 'n aura van *engagement* verleen, en by die leser die verwagting skep van illokusies en bedoelde perlokusies van 'betrokkenheid' en "commitment".

Omdat die verhaal by uitstek ook handel oor 'n jong vrou se 'hopelose' liefde en vriendskap, is dit gou vir die leser duidelik dat die taalhandelinge wat deur middel van hierdie teks gemaak word, nie so geredelik as progressief en ideologiekrities getipeer kan word as wat die titel op die oog af suggereer nie. Die strukturele ontleding wat volg, is daarop afgestem om die skrywer se illokutiewe bedoeling te probeer agterhaal, veral vir sover dit die geïmpliseerde ideologiese en/of ideologiekritiese boodskap van die teks as 'n taaluiting binne die Suid-Afrikaanse konteks aangaan. Omdat die effektiewe oordrag van hierdie boodskap ook berus op die geslaagdheid van die strukturering daarvan as literêre teks, sal daar op hierdie vlak van die ontleding ook algaande estetiese evaluerings gemaak word van die onderskeie strukturele aspekte van *Sitate om 'n rewolusie.*

### 6.1.2 Die vertelinstansie as deiktiese sentrum

Die deiktiese sentrum van hierdie verhaal is, soos in *Om te awol*, 'n ek-verteller wat terselfdertyd die hoofkarakter is (d.w.s. 'n intra-homodiëgetiese verteller), en deurgaans as 'n ongeveer egosentriese spreker (vgl. Levinson, 1983:63) aan die woord is, met die belangrike verskil dat die spreker in hierdie geval vroulik is en gevolglik (vanuit 'n feministiese oogpunt gesien) 'n nog meer problematiese sosiale posisie beklee as die ek-verteller in Van Heerden se werk. Hierdie hoofkarakter, met die betekenisvolle naam **Jeanne de Bruyn** (vgl. die bespreking hieronder), is die waarnemings- of fokaliseringspunt waaraan die beelding van ander karakters, ruimtelike en tydsaspekte, kortom die ganse verhaalwêreld, verbonde is. Die houding (*stance*) wat sy inneem teenoor al hierdie aspekte, sowel as haar status as spreker (geloofwaardigheid, kompetensie ens.), bepaal die leser se interpretasie van die teks en sy/haar reaksie op die taalhandelinge waaruit dit bestaan.

Jeanne se geloofwaardigheid as verteller van haar eie 'storie' (vgl. p.9) in die vorm van 'sitate' uit 'n groot verskeidenheid ander (veral literêre) tekste, word bevestig deur die feit dat sy 'n dosent in Literatuurwetenskap is en daarom ingestel is op woorde, verhale en interpretasies. Eksplisiete outentifisering van die verhaal word ook in die begin van die verhaal reeds verskaf wanneer sy haar houding by die skryf van en stofkeuse vir die daaropvolgende vertelling onder meer soos volg beskryf: "Nee, dan eerder te veel, eerlik en opreg, álles wat ek kan onthou" (12). Die volgende kwalifikasie word hierby gevoeg: "Natuurlik kan ek nie waarborg dat ek objektief sal vertel nie; dit sou my eerlikheid aantas, ek sou niks anders kon doen as om my storie te vertel nie" (12), waarmee die verteller by implikasie aandui dat sy 'n aanspraak op 'objektiwiteit' as oneerlik en ongewens beskou. In die loop van die verhaal word dit dan ook duidelik dat Jeanne se toenemende betrokkenheid by Hillary de Wit en Dawn Mokgatla, wat twee opponerende standpunte verteenwoordig, verhoed dat sy enige van die twee kante enigsins 'objektief' kan beoordeel.

Die spesifieke houding wat sy inneem tot haar verhaal as taalhandeling, word soos volg aangedui: "My storie sal hoort by dit wat ek dieselfde oggend nog vir die Literatuurwetenskapstudente as triviaalliteratuur voorgehou het. 'n Verhaal sonder enige 'weerstande', 'n gewone verhaal wat almal baie maklik sou kon uitlees (...) 'n Herhaalbare liefdesverhaal, en uiters voorspelbaar" (11). Daar word ook in hierdie

verband melding gemaak van haar "onbetrokke wit hand" (11), sodat die leser aflei dat die bedoeling met die vertel van hierdie verhaal niks meer is as bloot die weergawe van 'n hoogs persoonlike liefdesgeskiedenis nie. Die *engagé*-illokusie wat deur die titel gesuggereer is, word hiermee (veral ook tesame met die motto voorin - vgl. 6.1.5) skadeloos gestel, byna asof die leser gewaarsku word om nie spesifieke literêre en *engagé*-verwagtinge van die teks te koester nie. Mettertyd word die sosio-politieke omstandighede waarin sy haar bevind as dosent aan 'n swart universiteit egter so dwingend, dat dit haar storie onwillekeurig binnedring en déél word daarvan; uiteindelik word die mislukte verhoudings (met Hillary en Dawn), haar mislukte swangerskap, en die mislukte studente-rewolusie by wyse van die verhaal saamgesnoer tot een kollektiewe ervaring.

Die hoofkarakter, wat vanuit 'n agternaperspektief vertel van dit wat aanleiding gegee het tot haar eerste miskraam tien jaar tevore, se verhaal toon subtiel hoedat haar betrokkenheid, ook wat die politiek betref, al vertellende toeneem. Aan die begin laat sy haar selfsug ten opsigte van haar liefde vir Hillary botvier: "Partykeer wens ek die studente kom weer in opstand sodat ek jou in die week ook kan sien. As die studente siek raak van vlugskrifte en plakkate, as hulle befoeterd in optogte begin beweeg, dan dink ek eerste aan myself" (24). Haar opregte pogings om 'n 'normale' vriendskapsverhouding met Dawn aan te knoop, veroorsaak egter dat Jeanne haar mettertyd nie meer kan distansieer van die studente-opstande nie. Ook uit haar kinderjare doem die beelde van swartmense wat op plase verneder en aangerand word (bv. p.45), sowel as dié van haar swart speelmaat, Lassie Mohale (45, 46, 64) telkens by haar op, hoewel sy reken dat sy haar "vrygekoop" (58) het van die potensiële skuldlas deur afstand te doen van die kerk en van die mense uit haar jeug wat Sondae "wit strikdasse en swart pakke" (58) gedra het, maar van Maandag af "tiranne kon word as 'n swartmens oortree het" (44). As verdere verontskuldiging (by implikasie) beskryf sy haarself dan ook soos volg: "Ek was een van dié wat uit die ou mense se skote weggegroei het" (46).

Die hoofkarakter-as-kind se siening van haar pa en van God toon ooreenkomste met die gevoelens wat die verteller in *Om te awol* koester jeens die outoriteit van die voorgeslagte, sy eie vader en die "Calvinistiese God" van die Afrikaner (vgl. 5.1.5). Jeanne verwoord die sieninge wat sy in haar kinderjare op die plaas gehuldig het soos volg:

"God was soos Pa; Pa het geheers, God het geheers; God was goed en Pa was goed; God het gestraf en Pa ook, ek weet: God was lief vir my, soos Pa." (46)

Die verteller verwys egter ook na Hillary as iemand wat (veral oor haar) heers, by implikasie dan soos haar pa en soos God: "Hy was soos 'n heerser (20); "hy loop soos 'n sterk, groot mens wat heers" (51), en so meer. Hiermee word 'n bykomende dimensie van onderdrukking geskep wat die manlike hoofkarakter in *Om te awol* nie ervaar nie, naamlik die gedwonge onderwerping van die vrou aan die man, wat in die tradisionele Afrikanerkultuur nog algemeen geld. As gevolg van haar eie ervaringe van die ontvangkant van ander se magsmisbruik, is dit vir hierdie hoofkarakter (en skrywer?) makliker om die afstand na die onderdrukte swartmense (via Dawn) rondom haar te oorbrug, en kan sy die identifikasie met Dawn meer konsekwent volhou as wat die hoofkarakter in Van Heerden se roman dit kon doen. Die mees eksplisiete bewyse van die ondergeskikte posisie wat Jeanne in die simboliese magsorde inneem, word aangetref waar hulle in London terugkeer van 'n partytjie saam met Hillary se Britse vriende (73 e.v.). In skerp teenstelling met die ietwat teatrale, maar instemmende beskrywing van haarself aan die begin van hulle verhouding as "(v)rou, vrou, vrou, troebel pit in die grond" (22) - waardeur assosiasies met haar van (De Bruyn) opgeroep word, beleef sy opstand en magteloosheid wanneer Hillary haar hier duidelik as sy mindere hanteer: "Ek was te moedeloos om te baklei. Wát is 'n manlike 'mistress', Hillary? Het enige taal al 'n naam daaraan gegee, of bestaan hulle nie? Is daar geen einde aan 'n man se gemaklike voorregte nie?" (76-77). Hier word dit vir haar duidelik dat die man se bevoorregte posisie selfs in die taal vasgelê is. Twee ander insidente wat daarvan getuig dat Jeanne bewus is van hierdie ongelykheid, is waar sy as kind geskok toekyk hoe 'n olifant met sy slurp aan 'n olifantkoei vreet "tot net die kaal ribbeskas daar bly sit" (44), en wanneer sy en Hillary in London na 'n ontstellende rolprent gaan kyk: "'n Primitiewe man het sy ontroue vrou in die sneeu agtergelaat om te sterf. Sy het geroep, aanhoudend, wag, wag vir my, ek kan nie meer nie!" (70-71). Haar ontreddering, veral by die tweede geleentheid, dui op haar onvermoë om haar met hierdie onderdrukkende sosiale ordening te versoen.

Die hoofkarakter se siening van haarself het 'n spesifieke uitwerking op die kontak[1]

1 Lanser (1982:92) dui aan dat die spreker se status en houding die kontak wat met die leser bewerkstellig word, medebepaal, en voeg by: "Contact, in turn, is a powerful conditioner for the degree

wat sy as verteller met die leser bewerkstellig, ook aangesien sy haar eie houding teenoor die verhaal wat vertel word (vgl. hierbo) en haar status as vertellende instansie definieer. Sy verwys onder meer na haarself as 'n "verkluimde kind van die reën" (22) en later weer as Mabula, kind van die reën (84); as iemand wat dikwels vrees ervaar (bv. p.10, 22, 38), hoewel haar naam assosiasies oproep met Jeanne d'Arc, 'n vrou wat dapper geveg het (soos 'n man!); as iemand wat dikwels alleen is (41 ens.); en ook as die "mooi jongvrou wat oornag kon verdwyn" (78) uit Hillary se lewe. Hillary beskryf haar in 'n brief soos volg: "*Waar pas jy in? Hoekom hardloop jy altyd? Soos 'n kind wat nie kan wag om te lewe nie, waar gaan jy heen, is jy bang dat die lewe by jou sal verbygaan, hoekom rus jy nie? Altyd met jou deurmekaar hare in die wind, jou gladde bly oë wat maklik treurig kan word*" (23). Deur die oë van die gemeenskap gesien, beskryf die ek-verteller haarself só: "Die slegte geselskap./ Die wilde enetjie./ Die arme, voortvarede kind./ Die onbetaamlike prostituut./ Die arme hoertjie./ Die een met die fok-jou-houding" (28). Dit word vroeg reeds vir haar duidelik dat daar van haar verwag word om "hok toe" (27) te kom soos 'n "verskrikte duif", wat impliseer dat sy moet konformeer en haar aan die establishment se norme moet onderwerp. Dat sy self groot waarde heg aan haar vryheid en aan lewensruimte, is egter telkens ter sprake, byvoorbeeld wanneer sy en Hillary saam in London is: "'n Mens raak angstig van die aanhoudende saamwees, dit word 'n bedreiging. Jy moet ruimte hê" (80). Deur indrukke soos hierdie verkry die leser algaande 'n duidelik beeld van hierdie vroulike ek-verteller as 'n indiwidu wat deur verskeie kragte beïnvloed en bepaal word, sodat die taalhandelinge wat sy uitvoer, na my mening geredelik gesnap en aanvaar behoort te word.

Jeanne se ingesteldheid teenoor die politiek is uiters ambivalent, sodat die leser nie maklik 'n enkelvoudige indruk daaroor kan saamstel nie. Wanneer Dawn haar aanraai om die politiek te "los" omdat haar handjies te klein en te wit is daarvoor, reageer sy só: "Ek het. Tito en Dawn se politieke ideale het 'n duister doel vir my gebly, 'n logiese uitvloeisel van hul velkleur, iets waarmee ek my begryplikerwys nie kon identifiseer nie" (36). Tog gee sy soveel vir Dawn om dat sy wel betrokke raak en begin deel in die pyn (vgl. p.39 waar sy verneem van Tito se dood). Hoewel Dawn ook vir Jeanne kollektief verantwoordelik hou vir die onreg van die

---

of receptivity to the message which the audience will choose to bestow, and co-determines the way a message will be understood." Na my mening is die soort vertelinstansie wat gekies word, 'n deurslaggewende faktor in hierdie proses van kontak bewerkstellig.

apartheidstelsel en haar dikwels indirek verwyt, erken sy tog dat Jeanne een van die min wittes is wat bereid is om die swart studente in die oë te kyk (57). Jeanne erken egter deurgaans dat sy nie weet hoe die studente dink nie (37) en dat sy nie daarin kan slaag om die "grens tussen swart en wit" (39) oor te steek en vir Dawn aan te raak nie. Dat sy nie ongevoelig staan nie, blyk egter reeds waar sy as kind toon dat sy sensitief is vir die onreg wat sy op die plase waargeneem het (45 e.v.). Later konfronteer sy vir Hillary oor sy regeringsgesinde, *status quo*-houding (74) en spreek haar sterk uit teen apartheid wat swart- en witmense van kleins af in twee rigtings dwing sodat hulle mekaar nooit leer ken en aanvaar nie (76). In weerwil van haar uitgesproke onwilligheid om by die politiek as sodanig betrokke te raak, staan die hoofkarakter duidelik nie afsydig teenoor die mense wat daardeur veronreg word nie; dit is ook betekenisvol dat sy haar ten slotte in haar uur van nood slegs tot Dawn wend vir bystand (99, 101). Na my mening realiseer daar tog in Jeanne de Bruyn iets van dit wat deur haar van geaktiveer word, in samehang met die positiewe suggesties in die volgende uitspraak van Dawn: "Ons moet òf in 'n land met diep bruin grond saamleef, òf op 'n swart-en-wit-skaakbord" (65).

Die hoofkarakter se skisoïde gevoelens oor afstand en betrokkenheid word meermale aangedui, selfs die *Private Collection*-parfuum wat sy kies (68, 70) impliseer dat sy bewus is van die kollektiewe sowel as van die noodsaak van privaatheid. Hierdie innerlike verdeeldheid is per definisie reeds kenmerkend van mense wat onder die sterreteken van die Gemini gebore is, soos Jeanne self. Die sentrale sitaat uit Cirlot wat sy aanhaal, verskaf 'n belangrike sleutel tot die ontsluiting van hierdie hoofkarakter sowel as van die roman as makrotaalhandeling. Die gedeelte van die aanhaling wat spesifiek op Jeanne betrekking het, lui só:

"The glyph for Gemini is the Roman numeral two, and these natives are more aware than others of the duality of the human condition as mind and body, spirit and flesh... However, their love of freedom and variety often militates agains lasting relationships." (52)

Die simboliek van die getal twee kan verder gevoer word indien die leser Cirlot (1976:232) se interpretasie daarvan hierby voeg: "In all esoteric thought, two is regarded as ominous: it connotes shadow (...), or dualism (represented by the basic myth of the Gemini) in the sense of the connecting-link between the immortal and the mortal, or of the unvarying and the varying." Hierdie inherente dualiteit by

Jeanne vorm skering en inslag van die roman en die kodesiteme wat daarin opgebou word (vgl. 6.1.5), maar dit word ook aangetref by die ander belangrike karakters in die verhaal, veral by Hillary, wat ook onder hierdie sterreteken gebore is. Die direkte teenpool van Hillary is die swartvrou Dawn, wat op 'n heel ander wyse saam met Jeanne 'n eiesoortige karakterpaar vorm (vgl. 6.1.3 hieronder). Karakterisering en die wyse waarop dit aangewend word om die oorkoepelende illokusies van die roman te laat slaag, kom vervolgens aan die orde.

### 6.1.3 Karakterisering

Aangesien Jeanne de Bruyn in hierdie roman deurentyd as ek-verteller en waarnemingspunt die deiktiese sentrum van die verhaal vorm, is haar siening van die karakters outoritêr in die teks. In die lig van die dualiteit wat 'n wesenskenmerk van hierdie hoofkarakter is, kan die leser te wagte wees dat haar siening van ander karakters ook ambivalent en wisselvallig sal wees, wat inderdaad die geval is, veral wat die twee ander hooffigure in haar verhaal betref. Die dualisme kom die sterkste na vore in die feit dat sy haar byna verskeur voel tussen hierdie twee pole: Hillary, 'n man en 'n "heerser", wat as tipiese "white liberal" tog maar die *status quo* ondersteun, teenoor Dawn, wat swart is én 'n vrou (dus dubbel onderdruk), maar die moed van haar oortuiging het om alles in die (bevryding-) stryd te werp. Van hierdie twee opponerende standpunte sê Jeanne by geleentheid: "Tussen Dawn en Hillary, êrens was die waarheid" (42). Soms wil dit selfs voorkom asof hierdie twee karakters twee kante van die hoofkarakter self verteenwoordig, sodat haar posisie voortdurend verskuif, veral wat haar sieninge van die Suid-Afrikaanse sosio-politieke situasie betref.

Die dualistiese posisie waarin die hoofkarakter haar bevind, word reeds in die metaforiese naamgewing gesuggereer. Die naam Hillary de Wit kan dui op 'die vrolike witman', maar teen die einde van die verhaal lyk dit eerder of hy 'die lagwekkende witman' word. Dawn is 'n swartvrou wie se naam haar met die opkomende son ('n simbool van die bevryding van Afrika?) verbind. Dawn se van, Mokgatla, dui dui volgens 'n Sotho-moedertaalspreker[2] onder meer op iemand wat sy/haar heupe omgord, wat strydvaardigheid impliseer, net soos Jeanne (d'Arc) se

---

2 Ek verwys hier na mnr. Diketso Thulo van die Dept. Afrikatale, UOVS. Sotho-woordeboeke gee ook die betekenisse 'iemand wat afsny' en 'iemand wat afkap' aan.

voornaam. Tussen Hillary en Dawn huiwer Jeanne 'de Bruyn' - assosiasies word opgeroep met die vrugbare bruin grond van Suid-Afrika, as skakel tussen wit en swart, soos wat in die loop van hierdie bespreking (vgl. ook 6.1.5) duideliker uiteengesit sal word. Ook die naam Tito is betekenisvol aangesien dit sterk ooreenkomste toon met die naam van Steve Bantu Biko, 'n leier van die Swart Bewussyn-beweging wat in 1977 in Pretoria gesterf het terwyl hy deur die Veiligheidspolisie aangehou is.

Wanneer die verteller vir **Hillary de Wit** ontmoet, beskryf sy hom as "die lang man" (17) met "die skerp blou oë" (18) en die houding van 'n heerser; as gesoute joernalis is hy iemand "met sy voorvinger op die pols van die samelewing" (20). Die Ph.D.-graad waaraan hy werk, is getiteld: "Die rol van swart universiteite in die Suid-Afrikaanse politieke ordening." Hy is gesteld op wetenskaplikheid (18), en beantwoord Jeanne se vrae "analities, verstandig" (20) soos sy van iemand van sy statuur verwag het. Dit blyk algaande dat hy 'n getroue ondersteuner van *status quo*-standpunte is, byvoorbeeld waar hy hom soos volg uitlaat oor die verhouding tussen Jeanne en Dawn: "Dis 'n proefneming, Jeanne. Enige swart-wit-verhouding is 'n waagstuk. (...) Dis bloot weer 'n bewys dat jy nooit verwagtings moet hê van mense wat soveel van jou eie belewingswêreld verskil nie" (41). Na Tito se dood ontken hy enige moontlikheid dat hy deur regeringsmagte vermoor kon wees (42) en verklaar sinies dat die (blanke) owerheid in elk geval altyd die skuld moet dra vir dit wat met die swartman verkeerd loop. Ironies genoeg steun hy SASO (die *South African Student's Organisation*) se aandrang op die "volkome verswarting" van universiteite, maar met die toenmalige regering se apartheidsideaal in die oog, soos blyk uit hierdie stelling: "Hulle identiteitsoeke na groter swart bewussyn is nie noodwendig tot nadeel van die wit Suid-Afrikaner nie" (72). Teen die einde van hulle verhouding beskuldig Jeanne hom daarvan dat hy niks anders as 'n gewone 'Nasionalis' (d.w.s. 'n ondersteuner van die Nasionale Party) is nie en voeg by: "Jy skryf koerantberigte sodat die Afrikaners moet glo hulle is nie verkeerd nie" (74).

Hoewel die twee minnaars se groot uitval in die Londonse woonstelletjie ten diepste oor meer as blote politieke verskille gegaan het, blyk dit die deurslaggewende insident te wees wat tot hulle finale verwydering sou lei. Waar Jeanne voorheen gemeen het dat sy haar eerder by Hillary as by Dawn voeg ("Ek het my by Hillary geskaar, of was dit wat ek wou glo?" - p.42), blyk dit ten slotte dat sy haar hoofsaaklik vanweë hul uiteenlopende politieke standpunte distansieer van hom. In

die hitte van hierdie uitval voeg sy hom onder meer toe: "... toe jy vanaand daar gestaan en profeteer het, het ek gedink dat ek jou nog nooit geken het nie, ek het gedink as jy 'n Afrikaner is, was ek nog nóóit een nie!" (76). In hierdie stadium meen sy dat sy vir Dawn beter ken as vir hom: "Ek wéét ten minste dat sy anders as ek is en dat sy onvoorspelbaar is" (76). Die agternaperspektief wat sy in die begin van die roman verskaf, wat chronologies 'n later tydstip verteenwoordig, is egter nie in ooreenstemming hiermee nie: "As ek hom weer sien, sal ek hom dadelik herken. (...) Dis Dawn wat ek nooit geken het nie" (8). Teenstrydighede in die verteller se houding teenoor dié twee karakters, illustreer haar verwardheid en skisoïde aard - na my mening ook 'n neweproduk van die atmosfeer van *interregnum* (vgl. 5.1.5) waarin die hoofkarakter haar bevind as wit dosent by 'n swart universiteit waar 'n rewolusie op hande is (na analogie van die dreigende magsoorname in die Mosambiek van 1974).

Naas haar liefdesverhouding met Hillary is die belangrikste relasie wat die verteller aangaan gedurende die tydperk waarvan daar in die primêre storie vertel word, die besondere vriendskapsverhouding met **Dawn Mokgatla**. Die leser is uit die staanspoor op sy/haar hoede gestel oor hierdie verhouding aangesien daar in die eerste verwysing in die teks reeds gesê word dat die verteller vir Dawn nooit geken het nie (8), en kort daarna weer dat Dawn haar sou gehaat het as sy, Jeanne, haar storie ook naas die studente se storie oor die rewolusie sou aanbring: "Dit sou katastrofaal wees as ek tog die geleentheid sou gekry het om my storie êrens te kon neerkrap. Hulle sou my gehaat het! Veral Dawn. Dan sou ek presies gewees het waarvan sy my altyd beskuldig het. Wat niks met spyt te make het nie" (11). Die verbintenis tussen Jeanne en Dawn word egter in die res van die verhaal, soos die verteller dit destyds beleef het, oorwegend positief weergegee - daar is selfs belangrike ooreenkomste tussen die twee vroue aan te toon: wanneer Jeanne vir Dawn die eerste keer werklik raaksien, beskryf sy haar onder meer só: "Sy het tussen die ander gestaan, maar opsigtelik alleen" (28), wat ook dui op 'n soort *Private Collection*-houding (vgl. 6.1.2). Hierna vervolg Jeanne: "Dit was normaal om 'n gesprek aan te knoop, ek het immers ook alleen gestaan" (29) en identifiseer sodoende met hierdie baPedi-vrou. Hulle gesprek vlot van die begin af: "Miskien omdat ons vroue is? Ons sou iets gemeen kon gehad het: 'n man êrens, eensaamheid soms (...)" (29). Daar word klem gelê op die feit dat Dawn "A touch of dass" (32) het en besonder mooi is (soos die verteller haarself ook by geleentheid beskryf - p. 78); die verteller heg die volgende betekenis hieraan: "Ek hou van mooi mense. Mooi

mense het my nog altyd aangetrek" (33).

Die vriendskap tussen die twee vroue groei spoedig sodanig dat hulle in mekaar se leed begin deel. 'n Treffende voorbeeld van die deernisvolle houding wat Dawn teenoor Jeanne inneem, blyk wanneer Jeanne pas deur een van die hoofde voor stok gekry is oor haar "ongeoorloofde verhouding" (34) met Hillary; Dawn wag haar in en bied aan om saam met haar woonstel toe te stap: "Die besorgdheid, die openlike beskerming in haar stem, het my weker gemaak" (36). Wanneer Dawn egter later, nadat sy van haar verloofde, Tito, se dood verneem het, by Jeanne gaan troos soek, spreek laasgenoemde (ironies genoeg) haar dankbaarheid uit oor die feit dat Dawn nie dié aand gehuil het nie, omdat sy wat Jeanne is nie sou weet hoe om dit te hanteer nie: "Ons het nog nie die grens tussen swart en wit waar ons mekaar sou kon aanraak, oorgesteek nie" (39) - 'n skokkende erkenning van haar onvermoë om uit te reik na 'n persoon van 'n ander velkleur, ongeag die hegte vriendskapsband tussen hulle en ongeag die leed wat haar sogenaamde vriendin ervaar het. Vóór hierdie aand noem sy haar byvoorbeeld: "My vriendin met die bosduif-oë en die donker vel" (36), asof die kleur van Dawn se vel vir Jeanne geen probleem ingehou het nie. Terugskouend oor 'n afstand van tien jaar, besef Jeanne dat sy tekortgeskiet het en weet sy ook waarom: "Ek het haar noukeurig waargeneem, want sy was vreemder en verder.(...) Ek begryp nou: om te kyk is nie genoeg nie" (8) - sy moes ook werklik uitgereik, 'aangeraak' en meegeleef het!

Na Tito se dood neem die vervreemding, polarisasie en wedersydse verwyte tussen Dawn en Jeanne hand oor hand toe; die begrip en deernis wat daar eens tussen hulle was, wyk algaande voor die aanslag van die politieke druk van die situasie waarin hulle verkeer. Dawn maak toenemend keuses vir haar eie groep en vir 'swart', waardeur Jeanne by implikasie uitgesluit word: "Jy's nie swart nie, Jeanne, Jy sal nooit weet hóé swart is nie" (58). Sy knoop 'n verhouding aan met die nuwe studenteleier, Netshifhefhe en daar word gesuggereer dat sy ook swanger is, soos Jeanne self: "My kind sal nie stukkend gebore word soos Tito nie" (65). Hier is dus nog 'n ooreenkoms tussen die twee vroue, maar met 'n belangrike verskil: Jeanne se kind word wel 'stukkend' (d.w.s. dood) gebore. Nog 'n ooreenkoms met 'n beduidende verskil daarby ingeslote, is die verwysings na beide se kinderjare "agter die berg" (46 en 55 e.v.), wat so uiteenlopend blyk te gewees het soos dié wat *Om te awol* se verteller en Tombile (vgl. 5.1.2) op dieselfde plaas deurgebring het. Hoewel daar wat hierdie gegewens betref van die vooronderstelling uitgegaan kan word dat

die geïmpliseerde leser sal snap dat die verskilpunte, die vervreemding en die verwydering tussen die twee vriendinne teruggevoer kan word na die rassekwessie in Suid-Afrika, word dit ook eksplisiet uitgespel dat die teenstellende kleure van hulle velle die deurslaggewende faktor is: "Kyk, kyk hier, kyk my arm teen joune, dis swart en wit... so...", sê 'n desperate Dawn in haar dronkenskap (59) en bevestig daarmee hulle onversoenbaarheid binne die apartheidsbestel.

Dit is insiggewend dat Dawn klaarblyklik oor die vermoë en dinamiek beskik om die 'grens' oor te steek waarna Jeanne vroeër verwys het (vgl. hierbo) en wat Jeanne nie kon doen nie (39); by hul afskeid voor Jeanne se vertrek na London, gee Dawn vir haar 'n "drukkie om die skouers" (68). Teen die einde van die verhaal, in die aanskyn van 'n dreigende kampusrewolusie, is dit Dawn na wie Jeanne desperaat bly uitreik in die nood van 'n dreigende miskraam: "As ek net by Dawn kon uitkom..." (99); "As Dawn net wou kom..." (101), en so meer. Die leser kan nie vasstel of Dawn haar wel te hulp kom nie. Die enigste aanduiding van waar sy haar die laaste keer gesien het, klaarblyklik toe Jeanne na Dawn gaan soek het met die aanvang van die rewolusie en die miskraam, is die volgende: "Ek het haar die laaste keer by die graffito teen die vuil muur gesien" (9). Wat hierna met beide vroue gebeur het, tot en met Jeanne se tweede miskraam tien jaar later, word aan die leser se verbeelding oorgelaat. Dat Dawn vir Jeanne onder daardie omstandighede na die dokter sou neem, lyk egter onwaarskynlik aangesien sy toe reeds heeltemal gekompromitteer en deel van die opstand was.

Naas die genuanseerde uitbeelding en dinamiese optrede van Dawn in die verhaal, word byna geen ander swart karakter aan die woord gestel of in 'n relasie tot die hoofkarakter gestel nie. By die herfsgradeplegtigheid raak die verteller vir die eerste keer bewus van die smeulende onrus op die kampus wanneer **Ephraim Tito**, die studenteraadsvoorsitter, 'n opruiende toespraak lewer. Deur haar oë sien die leser hom onder andere só: "Tito het kwaai gesweet; sy woorde soms heeltemal onverstaanbaar in sy begeestering, sy aksent hoekig, sy ruwe gesig onaantreklik vertrek: 'n onskadelike man het voor ons oë 'n verwoede aanvoerder geword" (17). Ná sy dood maak Jeanne uit koerantberigte die volgende stereotiperende afleidings oor Tito: "'n Getemde dier wat weer wild geraak het en uiteindelik deur sy agtervolgers ingehaal is toe daar 'n brand in die bos uitgebreek het" (39); koerantfotos beeld uiteindelik volgens die verteller die latere, aktivistiese Tito uit: "die onverskrokke spreker, die blootlegger van onreg, 'n verwoede swarte met kwaai

oë" (63) - sy metamorfose het dus 'n blywende nuwe gedaante tot gevolg gehad wat na sy dood steeds die ander studente sou inspireer. Die informasie wat Dawn oor Tito gee, bied 'n nuwe, positiewe perspektief op sy optrede:

"Tito was anders. Hy het uit die stad gekom. Sy ouers was opgevoede mense. Tito het my geleer 'n swartmens is swart, nie 'n afskynsel van wit nie. Ek het in myself begin glo toe ek in Tito begin glo het. Tito het my geleer swart is swart, nie 'nie-blank' nie." (57)

Die afstandelike manier waarop die vertellende instansie die swart ouers by die gradeplegtigheid beskryf, kenmerk deurentyd haar houding teenoor swartmense. 'n Moeder word só geteken: "'n Middeljarige vrou langs die paadjie het versit, die baadjiepak knellend om haar bultende heupe, die potsierlike breërandhoed het gekantel (...) Haar een swaar been het sy in die paadjie uitgeskuif" (13). Dit is ironies dat sy te midde van die gebeure wat voor haar afspeel juis by die venster uitkyk en onthou dat die gebied waarop die universiteit staan "Sekhukune se land" (14) was. Haar bewustheid van swartmense blyk reeds in haar kinderjare, toe sy dikwels snags geluister het na hulle musiek: "Maar in die nag was die tromme mooi, 'n skoon, diep geluid" (45). Sy beleef dié mense as anders, en onthou byvoorbeeld hoe vreemd hulle reaksie op pyn en hartseer vir haar was: "Maar ek onthou dat die swartmense op die plaas hulle koppe vasgegryp het, hulle gesigte bedek het en gebukkend begin huil het, dubbelgevou, terwyl hulle 'n paar treë heen en weer steier. Hartstogtelik. 'n Dans" (38). Jeanne is egter later skerp bewus daarvan dat Dawn nie reageer volgens hierdie stereotiepe idee nie: Nadat sy die nuus van Tito se dood aan Jeanne oorgedra het, staar sy soos 'n sfinks na haar en weier om simpatie te aanvaar.

Ook die swart speelmaat van haar jeug word op 'n afstand gehou: met **Lassie Mohale** kon sy onder die maroelaboom speel, kwansuis (volgens Jeanne se ma) omdat dit koeler daar sou wees, maar nie in haar kamer nie. Later wonder sy hoe sy en Lassie sou optree indien hulle mekaar op die kampus sou raakloop. Sy stel haar voor dat Lassie die volgende sou kon sê indien sy in lyn met hulle jeugervaringe sou optree: "Kan ek vandag maar op die nonnatjie se stoel sit? Hoe lyk jou kamer? Kan ons vandag maar in jou kamer speel?" (64) - die pynlike, selfs bitter selfspot hierin kan die leser nie ontgaan nie! Daar word iteratief veralgemenend (vgl. Brink, 1987:105) vertel van 'n bepaalde herhaalde gebeurtenis uit Jeanne en Lassie se

saamspeel op die plaas wat heenwys na al die mislukte verhoudings wat Jeanne in die loop van die verhaal aangaan: "as ek en Lassie hande gevat het om sáám te dryf, het die stompe altyd uitmekaar gedryf" (45). Wat haar relasies met Dawn en met Lassie betref, het die apartheidswetgewing presies die soort uitwerking gehad wat sy só aan Hillary beskryf:

"Buitendien, as mense gedwing word om apart te bly leef, sal hulle mekaar nooit leer ken nie. Swart en wit word in Suid-Afrika van kleins af in twee rigtings gedwing; as hulle mekaar vorentoe ontmoet, het hulle geen benul van wat die ander dink of voel of glo nie." (76)

Naas Hillary word ook verskeie ander blanke karakters geteken, almal slegs op terloopse, sketsmatige wyse, ter ondersteuning van die hoofkarakter se ambivalente gevoelens oor mense wat tot haar eie groep behoort. In die terugverwysings na Jeanne se kinderjare word haar ma slegs genoem met betrekking tot die kerk, sonde en straf: "Ma sou gesê het dis omdat ek nooit kerk toe was nie. (...) Ma-hulle kon enige sonde en straf aan kerkversuim koppel" (44). Die kerk het egter sedertdien uit haar lewe verdwyn en sy onthou slegs "die vroom seremonies Sondae" op die klein dorpie naby Magoebaskloof: "wit dasse en swart pakke, en slepende gesange, daardie boodskap van liefde wat ek vandag nog nie verstaan nie" (44). Die rede waarom sy dié boodskap nie kan begryp nie, word by implikasie in verband gebring met die "swartpakooms" (49) wat op 'n Maandag 'n totaal ander gedaante aangeneem het (44) en soos tiranne opgetree het teenoor swartmense (44). Hierdie karakterisering van mense uit haar kinderjare dien as agtergrond vir Jeanne se vervreemding van daardie agtergelate gemeenskap met sy benouende norme en dubbele waardesisteme.

Jeanne se opstand teen die gevestigde sosiale orde en verwagtingspatroon word verder bevestig wanneer daar vertel word van die mansvriende wat sy voor Hillary gehad het. 'n Moontlike huwelik met ene Martin word summier afgewys met: "ek het nog nie kans gesien vir sokkies en pampoen nie" (48). Herman, 'n geskeide man, was 'n "gevestigde sielkundige" (48) met ernstige persoonlikheidsprobleme! Ferdinand was "goedgeteel uit 'n bo-gemiddelde Afrikanerhuis" (48), wat herinner aan Van Heerden se verbandlegging tussen rasegtheid by stoetdiere en die

suiwerheid van ras waarop sommige Afrikaners klem lê[3]. Herman se suster word beskryf as 'n later en welvarende weergawe van Breughel se Boerenbruid. Sy word dan besonder negatief geteken as "vet en gelukkig, dom en gemoedelik, haar bene weer eens wydgeplant uit haar swanger skoot" (49); wanneer sy lekker lag, rol daar trane oor haar blink wange. Hierdie afwysende, stereotiepe siening van 'n getroude Afrikanervrou dien as bykomende motivering vir Jeanne se opstand - 'n soort persoonlike rewolusie - teen die geykte rol wat deur die gemeenskap aan haar as vrou voorgehou word.

'n Ander getroude vrou word ook negatief voorgestel, naamlik **mev. Krause**, die eggenote en sekretaresse van die dekaan. Sy word eksplisiet deur die verteller beskryf as "'n onbeskofte, onaantreklike vrou" (32) met "massiewe borste" en 'n "ongelukkige lyf" (33): "Die langbroek van haar broekpak was te kort by haar hoëhakskoene en ek het met vergenoegde katterigheid opgemerk hoe die some om haar enkels swaai" (33). Hierdie beskrywing vorm 'n skerp kontras met Dawn wat pas tevore beskryf is as "te mooi en te sexy", en as iemand met "(a) touch of class" (32). Mev. Krause se rassisme, wat blyk uit die feit dat sy Dawn "met haar gewone minagting vir studente" ignoreer (33), word ook gekontrasteer met "die onverwagte sagtheid" in Dawn se "mooi oë" en die "meewarige begrip" wat sy toon in hierdie situasie (33). Die keuse van die verteller vir die swartvrou blyk duidelik uit die twee beskrywings.

Prof. Krause en die huisdokter het heelwat meer deernis met Jeanne as die res van die klein gemeenskap, omdat hulle elkeen self reeds buite-egtelike verhoudings gehad het. Naas haar verhouding met Hillary wat konsternasie veroorsaak onder die blanke personeellede by die universiteit, is daar volgens Jeanne se waarneming ook negatiewe gevoelens oor haar vriendskap met Dawn: "My wit kollegas het die vriendskap hoflik afgekeur" (37). **Dr. Gouws**, 'n Fisiologie-dosent en die mees uitgesproke rassis onder hulle, neem 'n belangike plek in die verhaal in vanweë sy uiteensetting van die fisiologiese prosesse van seldeling, groei en voortplanting (19-20) wat 'n sentrale gegewe in die verhaal word. Hoewel Jeanne soms neersien op hierdie "klein, lelike mannetjie met rooierige ore en 'n borselkop" (18), identifiseer sy ook eksplisiet by twee geleenthede met hom: "ek was ook maar soos Gouws" (21); en: "ek was ook maar bang soos Gouws" (97). 'n Eksplisiet positiewe uitspraak oor

---

3 Vgl. 5.2.2. no.3, en "Slap grensdrade" in *My Kubaan* (Van Heerden, 1983).

hom kom ook voor: "Gouws is nie onnosel nie" (51). Ook uit hierdie karakterbeelding blyk die verteller se eie innerlike ambivalensie en haar onvermoë of onwilligheid om een, gesentraliseerde posisie in te neem binne 'n uiters komplekse sosio-politieke situasie.

6.1.4 Tyd en ruimte

Wanneer Jeanne haarself vir die eerste keer aan die leser voorstel, is dit 1984 en het sy pas 'n tweede miskraam gehad. By hierdie geleentheid word haar gedagtes as gevolg van drome teruggevoer na die vorige "verlore kind en sy verlore vader, Hillary" (7). Die funksie van die retrospektiewe wyse waarop byna die hele primêre storie vertel word, kan enersyds wees om 'n mate van afstand te skep vanaf die gebeure waarby sy emosioneel so intens betrokke was; slegs met die bykomende insig wat oor 'n periode van tien jaar bekom is, kan sy sekere verbande lê en vooruitwysings maak, byvoorbeeld: "Maar toe was daar nog tyd" (70), wat impliseer dat dit later nie meer die geval sou wees nie, of die verwysing na die "(w)alglike aborsie van 'n ongeborene" (24) vroeg in die verhaal, toe Jeanne-as-karakter nog nie haar latere lotgevalle kon vermoed het nie. Andersyds meen ek dat die agternaperspektief ook op 'n subtiele wyse as verontskuldiging wil dien vir die selfsugtige, egosentriese posisie wat sy destyds ingeneem het te midde van die politieke krisis op die kampus en in Dawn se lewe: "Ek weet nie. Ek was jonk" (31), sê sy by geleentheid as verteller.

Die terugverwysing begin in die herfs, Aprilmaand 1972, met die gradeplegtigheid op die kampus van die swart universiteit naby Magoebaskloof, dit wil sê die Universiteit van die Noorde, hoewel dit nooit in die teks by die naam genoem word nie. Die verteller beskryf die omgewing in die liriese, ontroerde taal van iemand wat dié wêrelddeel en sy geskiedenis intiem ken:

"Sekhukune se land. Die grysheid van plat aarde tot waar die eskarp by Veekraal en Magoebaskloof val. Hutte en statte op 'n vlakte, Berg Moria en Zion City se townshiphuisies, die blou skooltjie op die kaal bult. En verstrooi oor die vlakte: ronde bakens van die *kgoro*, met sy spits strooidakkies, woning, familie, lewe. (...) Hier en daar twee klipkoppies, drie, gerusstellend bymekaar, met hensopvingers van nabome, knoppiesdoring en marlothii (...)" (14)

Sekhukune, opperhoof van die Pedi sedert 1861, is teen 1879 finaal gedwing tot 'n ooreenkoms aangaande grondgebied[4]; met 'n bondige konstatief erken Jeanne implisiet sy en die baPedi se oorspronklike aansprake op die grond. Die inheemse bakens waarna sy verwys, dui egter ook haar persoonlike verbintenis met dié stuk aarde aan: "Ek hoort ook in Afrika! Ek het net soveel reg soos Dawn Mokgatla en Ephraim Tito en die begeesterde Netshifhefhe in daardie land (...) dis my land ook, verdomp" (72-73), protesteer sy wanneer sy en Hillary in London is. Die kontras tussen Suid-Afrika en Engeland, waar selfs die somer koud (77) en grys kan wees, versterk blykbaar haar gevoelens jeens haar land: "Dit was 'n verneuksomer gewees" (82), waar "verneuk" op ironiese wyse ook verwys na Hillary se optrede teenoor sy vrou, sowel as na Jeanne se eie ervaring van haar mislukte liefdesverhouding met hom. Oor haar eie omgewing lewer sy later dié mooi getuienis: "Ek het aangehou ry; ek wou nie eens weer terugkyk nie, deur die dooie Hoëveldse winter; 'n seisoen waarin 'n mens kan glo, nie 'n halfwassomer nie, 'n absolute winter wat nie lieg as hy koud word nie" (84).

Spesifieke, historiese tydverwysings dien as outentifisering en gee die leser ook 'n beter greep op die verloop van die gebeure, byvoorbeeld: "Die akademiese jaar van 1973 het pas begin" (27), en weer: "Dit was laat in Februarie 1974 voor ek haar weer gesien het" (37). Teen die einde van die roman word die tyd al hoe duideliker afgemeet, eers in terme van dae (22 September 1974, ens.), en daarna in ure en halfure tot op die presiese uur waarop die rewolusie (en die miskraam?) sou voltrek word. Hierdie vertelstrategie wek die indruk van keertyd en van dreigende apokalips op die persoonlike sowel as die meer kollektiewe vlak, wat die spanningslyn laat oploop tot in die oop einde, 'n antiklimaks vir dié leser wat 'n bloedige rewolusie te wagte was! Ook die verwysings na seisoene werk mee om die voortgang van die tyd, dinamies verenig met die voortstuwende gebeure, te beklemtoon. Die uitwerking wat dit op Jeanne het, word onder meer só uitgedruk: "Dit was somer, die herfs was snags nog nie eens herkenbaar in die wind nie. (...) Die seisoene verander skielik, sonder dat 'n mens jou daarop kan voorberei" (38).

Historiese tyd en 'n herkenbare sosio-politieke ruimte word deur die volgende verwysings aangedui: die Frelimobeweging en Samora Machel word deur die studente as leiers van die bevrydingstryd in die gebied gesien, hoewel Mosambiek

4 Hierdie inligting word nie in die roman verskaf nie; vgl. Cameron, 1986:155.

eers in 1975 volledig onafhanklik van Portugal geword het; soos Jeanne voorspel het (67), skud Vorster en Machel later hande. Dit is vir my effens verwarrend dat die indruk geskep word dat die rewolusie in Mosambiek reeds teen die einde van die verhaal (September 1974) tot onafhanklikheidswording gelei het, terwyl die amptelike datum daarvoor eers 25 Junie 1975 is. In April 1974 het die staatsgreep in Portugal egter plaasgevind, wat stukrag verleen het aan die bevrydingstryd in Mosambiek en Angola, maar ook elders in Afrika. Teen dié agtergrond moet slagspreuke soos die volgende dan seker gelees word: "*Samora Machel is now coming and Vorster must GO!!!*" en: "*The dignity of the Black Man has been restored in Mozambique and so shall it be here*" (11). Die toenemend rewolusionêre politieke ruimte waarin Jeanne haar op die kampus bevind, skep vir haar 'n psigologiese ruimte waarbinne sy haar eie opstand teen die sosiale orde kan bedryf, sodat swangerskap en die atmosfeer wat 'swanger' aan opstand is, sowel as miskraam en mislukte rewolusie ineengestrengel raak.

Die kontras tussen die onderskeie ruimtes, beide "agter die berg", waarin Jeanne en Dawn hulle kinderjare deurgebring het, vorm die agtergrond waarteen hulle latere onversoenbaarheid en vervreemding voltrek word. Jeanne beskryf haar (sprokiesagtige) plaasruimte onder andere só: "Daar was sysies in die langgras en groot sampioene teen die boomwortels; alles het soos die ronde, goue vleis van die botterklappers en die kiaat se ronde bossie dorinkies 'n lewe agter my kleur en vatplek gegee" (45). Die herhaalde verwysings na "ronde" kan dui op die gevoel van geborgenheid wat sy as kind ervaar het, maar dit roep ook suggesties op van die sirkel-kode wat met haar pa in verband staan: "'n Mens loop altyd in 'n sirkel as jy verdwaal; jy moenie bang wees nie, Jeannie my kind" (69). Omdat daar in die begin van die verhaal vertel word van 'n tweede miskraam, voltooi die verhaal 'n sirkelgang, wat in die lig van Jeanne se pa se woorde daarop kan dui dat sy "verdwaal" het, maar nie hoef te vrees nie - die eindpunt van die verhaal is reeds bekend, omdat dit ook die begin was....

In Jeanne se jeugruimte was die mans van haar groep in die heersersposisie, en moes veral swartmense daarop let dat hulle die "baas" is (45); die kerk en 'n oordelende, straffende God was alomteenwoordig. Hierteenoor vertel Dawn van 'n leefruimte waarin ontbering en onderdrukking (58) aan die orde van die dag was: "Die lewe in die vierkantige sementhuisie op die Van Rooyens se plaas. Haar pa het sy nooit geken nie, want ons, die wittes máák mos dat hulle gesinne in die stad

verbrokkel; hy het êrens in die stad in 'n myn gewerk. Haar ma kon nie gaan kuier nie; die aandklokreël, alles; sy het Dawn en haar nege broers en susters alleen grootgemaak" (55), ensovoorts. Ook swart onderwysers (56) en verteenwoordigers van die kerk (bv. sendeling Frans - p.54) het meegehelp om hierdie kinders se vernedering volkome te maak. Teen hierdie agtergrond word Dawn en die ander studente se opstand teen die apartheidsisteem en al sy verteenwoordigers (ook meelopers en passiewe ondersteuners) vir die leser gemotiveerd en aanneemlik.

Naby die begin van die verhaal, maar chronologies eintlik teen die einde van die ingebedde verhaal, staan Jeanne by 'n vuil muur bedek met slagspreuke en graffiti (vgl. p.11 en 100). Hier is dit duidelik dat woorde/frases/sitate wat op rewolusie dui, die ruimte op 'n byna ruwe wyse binnegedring het. Ook wanneer Jeanne Dawn se koshuis binnegaan, neem sy 'n verskeidenheid plakkers met slagspreuke en verklarings waar: "Die boodskap (van die studente se onvriendelike gesigte - MAR) was so duidelik soos die klein plakkertjies teen die mure en op deure: *Apartheid divides.* 'n Geel, swart en groen plakkertjie: *ANC*" (85). 'n Spesifieke sosio-politieke ruimte wat vir die Suid-Afrikaanse leser herkenbaar is, word hierdeur gekonstitueer. Teen die einde van die verhaal beskryf die verteller die kampusruimte soos volg: "Daar was plakkate net waar jy kyk" (94) - 'n aanduiding dat dringender taalhandelinge ("stories") as die liefdesitate en -verhale wat so 'n belangrike rol gespeel het in haar en Hillary se verhouding, besig was om oor te neem.

Wanneer Jeanne en Dawn by geleentheid 'n woordewisseling het oor die politiek, maak laasgenoemde die volgende byna visioenêre uitspraak oor swart en wit in Suid-Afrika: "'n Mens kan altyd kompromieë aangaan. Die land is groot en die mense is baie" (67). Later, as Jeanne op soek is na Dawn, maar haar nêrens kan vind nie, onthou sy die tweede gedeelte van hierdie uitspraak (85); ook wanneer sy ná tien jaar terugdink, kom dié uitdrukking by haar op: "Maar Dawn is ook weg. Die groot land met die baie mense het haar opgeneem" (8). Die positiewe inhoud van Dawn se stelling het verlore geraak en die feit dat die land groot is en baie mense het, word vir Jeanne eerder 'n bedreigende as 'n bevrydende gedagte. By implikasie bevestig die twee vroue se sieninge van die ruimte hulle uiteenlopende ingesteldhede sowel as die inherente dualiteit van die Suid-Afrikaanse werklikheid. Ook hierin word daar na my mening 'n outentieke ruimtelike agtergrond vir 'n geloofwaardige verhaal geskep, wat terselfdertyd geplaas is binne 'n herkenbare historiese werklikheid. Hierdeur word die teks as makrotaalhandelinge sterk

gesteun, sodat die waarskynlikheid groter is dat illokusies en bedoelde perlokusies suksesvol sal wees.

6.1.5 Skrywersteks en kodesisteme

Die voorbladontwerp van hierdie roman - in rooi, wit, swart, en skakerings tussenin - kan by nabetragting (d.w.s. nadat die leser die verhaal ken) geïnterpreteer word as verwysend na drie sentrale kodes in die teks: bloed, wat onder meer die rewolusie aandui, en die swart-wit-konflik. Die polêre spanning wat uit hierdie en ander konflikte in die verhaal geaktiveer word, die verdeling wat dit tot gevolg het, sowel as seldeling wat nuwe lewe impliseer, word visueel voorgestel in die rooi afbeelding op die voorblad. Die feit dat die titel gedeeltelik óm hierdie afbeelding aangebring is, dui moontlik daarop dat dít die rewolusie voorstel en dat die titel ook sou kon lui: Sitate 'rondom' 'n rewolusie. 'n Ander moontlikheid is: Sitate 'ter wille van' 'n rewolusie, wat vir my minder waarskynlik lyk. Hoe dit ook al sy, die titel stel sitate (taal, literatuur, graffiti) en die rewolusie (opstand teen die heersende orde) sentraal. Dit moet gesien word as een van die taalhandelinge van die skrywer waarmee sy vooraf reeds vir die leser 'n bepaalde rigting wil aandui vir die lees van die verhaal.

Hierdie roman se voorwerk bevat ook ander belangrike rigtingwysers vir die lees daarvan. Die opdrag lui: Vir die Gemini. Brink (1987:125) wys daarop dat hierdie opdrag nie, soos meestal die geval is met opdragte, iets is wat slegs aan die werklike outeur gekoppel kan word nie, maar die storie word inderdaad aangevul deur hierdie opdrag, en hy vervolg: "Wat ook al die 'private' bedoeling van die outeur mog gewees het, is *Gemini* 'n beduidende kode van tweeledigheid in die vertelteks self; daarom word die opdrag 'n prefiguratiewe 'duiding' van die hele vertelteks." Die "groot mite van die Gemini" (51) of die Tweeling hou verband met die mitologiese verhaal van Castor en Pollux, oftewel die Dioscuri. Hoewel dié mite nie in die teks vertel word nie, is dit myns insiens tog nodig om na te gaan of daar enige verbande met Ferreira se verhaal is. Kortliks lui dit só:

Hoewel Castor en Pollux verskillende vaders gehad het, is aan hulle albei die naam Dioscurus gegee, wat beteken 'jong seun van Zeus'. Castor was die seun van Tyndareus en sy vrou Leda, en tweelingbroer van Clytemnestra, terwyl Pollux die seun was van Leda en Zeus, wat haar in die gedaante van 'n swaan die hof gemaak

het. Pollux het ook 'n tweelingsuster gehad, naamlik Helena. Hierdie twee dapper en ondernemende jong mans het 'n hegte vriendskap gesluit en is deur Zeus se welwillendheid vergesel op hulle vele togte, onder meer saam met Jason en die Argonoute. Toe Castor in 'n geveg dodelik gewond is, het Pollux bitterlik geween by die liggaam van sy broer, want omdat hy self onsterflik was, kon hy sy broer nie volg na die Koninkryk van Hades nie. Volgens Guirands (1963:144) lui die res van die verhaal só:

"Zeus was touched by this brotherly devotion and authorised Pollux to share with his brother the privilege of immortality: thus the Dioscuri continued to live each on alternate days. Another tradition says that Zeus placed them among the stars, in the constellation Gemini, the Twins."

Hierdie verhaal toon weinig meer ooreenkoms met Larousse se uiteensetting wat Jeanne aanhaal (51-52) óf met Jeanne se verhaal, as dat dit gaan oor meervoudige, gekompliseerde verbintenisse: twee tweelinge verdeel om 'n nuwe paar te vorm, wat geskei word en weer 'n andersoortige verbintenis aangaan, ongeveer soos wanneer daar konsepsie en herhaalde seldeling plaasvind - 'n kodesisteem wat soos 'n rooi draad deur die verhaal gevleg is en verskeie, meestal positiewe inhoude oordra, waarop ek nie volledig wil ingaan nie. Wat wel van belang is vir hierdie ondersoek is die wyse waarop hierdie kode van verdeling verband hou met die rasseproblematiek wat implisiet en eksplisiet aan die orde gestel word in die roman, sowel as met die voortspruitende rewolusie op die kampus.

'n Sleutel vir die ontsluiting van 'n sentrale kodesisteem in die roman, lê na my mening opgesluit in die gedagte dat mense wat onder die sterreteken van die Gemini gebore is, meer bewus is as ander van die dualiteit van die menslik situasie as "mind and body, spirit and flesh" (52). Die dualiteite waarvan die hoofkarakter in hierdie teks bewus raak, strek egter veel wyer as dit en is veral ter sprake wanneer Jeanne oor seldeling, verdeling en so meer nadink. Gouws, die dosent in Fisiologie, vertel vir haar en Hillary hoe groei plaasvind: "Wanneer die sel verdeel, (...) begin die sel insnoer, sodat daar uiteindelik twee selle is. Dan verdeel dié twee selle weer, so gaan dit voort. Dit is 'n onafgebroke proses van verdeel en weer verdeel, die groeiproses" (19) - terme wat nie juis vir my na "gespesialiseerde kennis" klink nie, hoewel dit as sodanig deur die verteller aangebied word (vgl. p. 19). Wat betekenisvol is, is Jeanne se reaksie op die volgende stelling van Gouws: "Niks kan

immers groei as dit nie aanhoudend verdeel nie", waarna sy by haarself dink: "'n Treurige gedagte" (20). Hierteenoor word daar duidelik positiewe konnotasies geheg aan dieselfde gedagte wanneer dit die studente-opstand aangaan: "Selfs vernietiging kan skeppend wees; verdeeldheid onder studente is immers 'n bewys van vrugbare denke" (9). Hierdeur verkry die slot van die verhaal 'n inherent positiewe inhoud: wanneer meer as 'n duisend van hulle op die sokkerveld saamdrom, klaarblyklik om die begin van die rewolusie aan te dui, en wanneer hulle deur die polisie oor 'n trompetluidspreker beveel word om na hul onderskeie koshuise te gaan, vind daar 'n 'verdeling' plaas: "Hulle het gesny. Hulle het in twee groepe verdeel" (101).

Die dualiteit lê duidelik reeds in sekere kardinale woorde opgesluit: verdeling dui terselfdertyd op afskeid en vervreemding (68, 84, ens.), sowel as op groei en vernuwing (9, 20,101); bloed hou verband met vernuwing ("Bloed maak bloed" - p.7) en voortplanting ("Bloed om 'n ereksie te bewerkstellig" - p.50), maar veral ook met 'n aborsie ("Walglike aborsie van 'n bloederige ongeborene" - p.24) en 'n gewelddadige rewolusie. Op die gradeplegtigheid verwys die kanselier na die twee betekenisse van die woord 'kampus': "Die Latynse woord *campus* beteken nie net die terrein waarop universiteitsgeboue staan nie, maar ook 'gevegsterrein'" (15), wat reeds implisiet vooruitwys na die slot van die verhaal.

Onder die teken van die Gemini word teenoorgesteldes ook geaktiveer, in noue samehang met die inherente tweeledigheid van die menslike situasie. Die getal twee, die simboliese gravering (*glyph*) van die Gemini, simboliseer volgens Cirlot (1976:232) ook die volgende: "Two stands for echo, reflection, **conflict** and counterpoise or **contraposition** (...) It is also symbolic of the first nucleus of matter, of nature in **opposition** to the creator, of the moon opposed to the sun" (beklemtoning deur my - MAR). Die opvallendste teenoorgesteldes wat in *Sitate om 'n rewolusie* in opposisie geplaas word, is (1) man en vrou; (2) wit en swart; en (3) indiwidu (liefde) teenoor gemeenskap (politiek). Oor die man-vrou-opposisie is hierbo reeds heelwat gesê (vgl. 6.1.2) met betrekking tot Jeanne se ervaring daarvan. Na my mening is die twee slotsinne 'n taalhandeling waardeur die geïmpliseerde skrywer weer die leser se aandag hierop wil vestig. Wanneer die groot groep studente verdeel, geskied dit soos volg: "Die damestudente aan die noordekant van die sokkerveld./ Die mans aan die suidekant van die sokkerveld" (101). Hiermee word veral die positiewe implikasies van verdeling geaktiveer,

naamlik dat dit 'n bewys is van vrugbare denke (9) en dat dit op groei dui (20), maar na my mening ook die negatiewe, omdat die verdeling van mans en vroue (op pad na hulle onderskeie koshuise dus) klaarblyklik die einde van die opstand aandui.

Cirlot (1976:59) lê die verband tussen die Gemini-simbool en die wit-swart-dualisme op 'n wyse wat ook die kode van verdeling betrek: "The Gemini, a symbol of the necessity of nature to transmute itself into binary and contradictory aspects, is represented by both white and black." Die opposisie van swart en wit bring 'n kodesisteem in die roman tot stand wat die dualiteite binne die Suid-Afrikaanse politieke sisteem voortdurend op die voorgrond dwing en wat lig behoort te werp op die implisiete illokusie van die teks in hierdie verband. Wanneer die aanhaling uit Cirlot wat Jeanne aan Dawn voorlees, en wat laasgenoemde as "shit" (59) bestempel, vergelyk word met wat in die aangehaalde bron self staan, is dit opvallend en onthutsend om te merk dat Jeanne (en die geïmpliseerde skrywer?) gladweg 'n kardinale gedeelte weggelaat het waarin die simplistiese (Westerse?) interpretasie van swart-as-negatief en wit-as-positief, opgehef word. In die volgende aanhaling word die gedeelte wat deur Jeanne weggelaat is, vet gedruk:

"The conception of black and white as diametrically opposed symbols of the positive and the negative, **either in simultaneous, in successive or alternating opposition,** is very common. In our opinion it is of the utmost importance. Like all the dual formulae in symbolism, it is related to the number two and the great myth of the Gemini." (Cirlot, 1976:56; Ferreira, 1985:59)

Omdat Jeanne met haar rug na Dawn staan en lees (afwysende lyftaal gebruik), en aanvallend klink as sy sê: "hoor jy, Dawn?" (59), kan hierdie weglating as opsetlik beskou word, of andersins kan die leser dit interpreteer as 'n versweë ideologiese handeling waardeur die heersende (hegemoniese) siening van die wit/swart-simboliek implisiet bevestig word. In *A dictionary of symbols* (Cirlot, 1976) word daar egter 'n verwikkelde prentjie geskets van die verskeidenheid positiewe en negatiewe simboliese inhoude wat aan swart en wit toegeken kan word. Enkeles wat in hierdie roman figureer, is byvoorbeeld die volgende: "Black, in fairly generalized terms, seems to represent the initial, germinal stage of all processes", en: "the profoundest meaning of black is occultation and germination in darkness" (Cirlot, 1976:57 en 58). Dawn se beskrywing van SASO se bedrywighede sluit hierby aan: "SASO is niks meer as 'n maatskaplike groep nie. 'n Sosiale sel om swart bewussyn

te laat ontkiem. Om die swartmense te leer dat swart diep en goed is" (66). Hieruit maak Jeanne opsetlik en taamlik sarkasties die afleiding dat wit dan "vlak" en "sleg" moet wees (67); een van die negatiewe inhoude wat volgens Cirlot (1976:58) aan wit toegeken kan word, is dat dit vanweë die bleekheid daarvan die dood simboliseer. In die simbolisme van die Middeleeuse Christelike kuns staan swart egter vir boetedoening, wit vir suiwerheid en rooi vir barmhartigheid en liefde: "Through love, then, man can find the way out of the closed, double circle" (59), bestaande uit swart en wit in opposisie. Hiervolgens kan die bloed-kode in die roman dan dui op die enigste moontlikheid om die "swart-en-wit-skaakbord" (65, 73) wat in die land ontstaan het, te omskep in "diep, bruin grond" (65) waarin almal saam kan groei.

Ook met betrekking tot die godsdiens kom die wit-swart-opposisie ter sprake wanneer Dawn die volgende verwyt tot Jeanne rig: "Die God wat jy ken, is wit. Die engele is wit, alles wat heilig is, is so wit jy kan nie naby kom nie of jy is tot híér in die Ontugwet" (54). Die simboliese saambestaan van teenstellende wêrelde waarna Cirlot (1976:57) verwys, kan in hierdie verband indirek afgelei word uit die verteller se verwysings na "die wit dasse en swart pakke" (44) van die mans wat verteenwoordigers van die kerk was in haar kinderdae. Die gebruik om swart en wit saam te dra, het volgens Cirlot 'n oorsprong in sekere primitiewe rituele gebruike, en word volgens hom nog aangetref by die "Sisters of Charity" (Cirlot, 1976:57); die drag van Protestantse kerke se ampsraers kan moontlik hierby gevoeg word! Hoewel Jeanne haar distansieer van die kerk, behou die Bybel vir haar 'n sekere bekoring: "Van alles het ek die Bybel oorgehou", en: "My liefde vir die taal het die Bybel op my boekrak gehou" (47). 'n Bybelgedeelte uit Jeseja 1 wat oor geregtigheid handel, neem (as sitaat) egter 'n prominente plek in wanneer dit op die gradeplegtigheid voorgelees word: "*...leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee*" (13). Die gebed wat hierop volg, dui deur middel van die godsdiens-kode aan hoe 'verdrukkers' en diegene wat verdruk word uiteenlopende interpretasies kan heg aan iets wat oppervlakkig beskou een en dieselfde gegewe is. 'n Gedeelte van die gebed lui só: "omdat ons die reg soek en goed wil doen, vra ons U seën op hierdie plegtigheid (...)" (13); hierteenoor ervaar die studente die dosente se 'goeie bedoelings' met hulle as neerbuigende paternalisme (vgl. bv. p. 56 e.v.).

Die ingeligte witman in Afrika se morele dilemma binne hierdie situasie waarin selfs sy beste bedoelings nie die gewenste uitwerking het nie, word treffend

geïllustreer deur Jeanne se insig rakende Hillary na afloop van die partytjie in London. In hierdie geval blyk dit dat sommige teenoorgesteldes kan konvergeer of totaal verward kan raak: "Konserwatief én liberaal, ms Eliot, dis wollerige begrippe, so na aan mekaar dat hulle vorentoe eenvoudig weer moet ontmoet" (73). Wanneer sy besef dat Hillary voorgee om te wees wat hy nie is nie, dwing dié wete hulle finaal uitmekaar. Op die partytjie wat hierdie waterskeidingsgesprek voorafgegaan het, neem Jeanne standpunt in oor haar eie posisie as wit persoon in Afrika. Wanneer een van die Londonaars die mening uitspreek dat sy nie 'n "African" is nie omdat sy wit is ("jy moet sê jy is wit, European" - p.72), trap sy vas: "Ek hoort ook in Afrika!" (72).

Die wyse waarop 'n indrukwekkende hoeveelheid kodes en simbole (soos uiteengesit in Cirlot) geïntegreer is tot 'n hegte eenheid, bevestig die siening van die hoofkarakter (as 'n tipiese Gemini) aangaande die dualiteit, meerduidigheid en veelkantigheid van die werklikheid. 'n Laaste treffende illustrasie hiervan het betrekking op Jeanne se beskrywing van Dawn wanneer hulle mekaar groet voor Jeanne se vertrek na London: "Sy het in die oggendskemer verdwyn; een keer het sy nog omgedraai om te wuif, haar rooi mantel 'n bloedvlek in die digte, grys oggend" (68). Die herhaalde verwysing na 'oggend' (wanneer die son sy verskyning maak), aktiveer die simboliese betekenis van Dawn se naam. Reeds by 'n vorige geleentheid het hierdie verbintenis geblyk: wanneer Dawn en Jeanne dwarsdeur die nag gesels het ná Tito se dood, beskryf die verteller die sonsopkoms soos volg: "Deur die oop venster het die rooi begin oopbreek, (...) Ons het daar gesit en wag - 'n ronde rooi son wat vuurrooi ontplof en dag gebring het" (39). In Cirlot (1976:320) word die son met die Gemini in verband gebring, naamlik as "the beneficial influence of spiritual light" wat op hulle skyn, maar daar word ook genoem dat die son as enigma, aan die negatiewe kant, staan vir "an idealism incompatible with reality" - 'n eienskap wat Jeanne beskou as tiperend van Dawn se politieke betrokkenheid. Die begrippe 'rooi' en 'bloedvlek' roep verskeie positiewe en negatiewe assosiasies op wat reeds in die teks geaktiveer is; dit kan selfs dui op potensiële martelaarskap.

'n Laaste aspek van die skrywersteks wat bespreek moet word, is die **motto**, 'n aanhaling van D.H. Lawrence: *I am worn out/ with the effort of trying to love people/ and not succeeding.* Teenoor die politieke kode wat deur die titel geïmpliseer word, is die motto uitsluitlik afgestem op die liefde-as-kode, en waarsku dit die leser reeds

dat verhoudings kan skipbreuk ly in die verhaal. Teen die einde, wanneer die hoofkarakter swanger is, raak sy toenemend bewus van moegheid: "Dawn, Dawn, ek is te moeg. Ek wil nie meer na jou gaan soek nie. Dis 'n moegheid wat ek al weke in my ronddra" (86). Die verwysing in die motto na die liefde wat nie slaag nie, en die politieke strewe van die studente (die rewolusie waarna die titel verwys) wat ten slotte eweneens misluk, word by nabetragting 'n manifestasie van die samekoms van die indiwiduele (liefde) en die kollektiewe (politieke aksie). Hierdie roman kan dus beskou word as 'n werk waarin die indiwidu se plek in die gemeenskap ondersoek word (vgl 3.4.1). Die tradisie van die twintigste-eeuse romanvorm word ook deur die motto opgeroep, aangesien D.H. Lawrence se romans dikwels gehandel het oor die opstand van die indiwidu teen die beperkinge wat deur 'n repressiewe sosiale orde aan hom opgelê word, 'n stryd wat in *Sitate om 'n rewolusie* veral op die indiwiduele vlak, maar ook kollektief voltrek word. Vanweë die sterk Afrika-gebondenheid wat tot uitdrukking kom in die hoofkarakter (en verteller) se intieme kennis van en liefde vir die land, sy natuur en sy inheemse volke en tale, verkry die roman egter ook 'n onderskeidende Afrika-inhoud; 'n outentieke, herkenbare Afrika-ruimte word in en deur taal geskep.

6.1.6 Afleidings oor illokusies en die bedoelde perlokusie op die mesovlak

Uit die bespreking van die narratiewe elemente van die roman het dit geblyk dat hierdie roman as esteties bevredigend beskou kan word: die hoofkarakter, wat ook die ek-verteller is, oortuig in haar sterk bewussyn, reeds sedert haar kinderjare, van die dualiteit van die werklikheid en van menseverhoudinge in die besonder; die twee ander karakters wat prominent optree, naamlik Hillary en Dawn, word ook as verwikkelde mense uitgebeeld, wat soms positiewe en soms negatiewe reaksies by die verteller ontlok; die tyd-ruimtelike plasing van die verhaal is outentiek en herkenbaar vir die Suid-Afrikaanse leser; en komplekse kodesisteme is deeglik geïntegreer tot 'n hegte eenheid. Hiervolgens geoordeel, behoort die illokusies van dié literêre teks te slaag. Die vraag is nou: Watter illokusies is ter sprake, en is hulle oorwegend progressief of konserwatief?

Die dualiteit van die menslike situasie, wat 'n kerngegewe in die roman vorm, blyk ook uit 'n ontleding van die illokutiewe inhoude van die roman. 'n Verskeidenheid standpunte word deur die ek-verteller aan die orde gestel; volgens haar doen sy dit so "eerlik en opreg" (12) as wat sy maar kan, maar juis daarom nie noodwendig

objektief nie! Dit is dan ook deurgaans duidelik dat sy vol ambivalente, verwarrende gevoelens is, en dat die posisie wat sy inneem teenoor ander karakters en die sosio-politieke werklikheid om haar, voortdurend aan die verskuif is (vgl. 6.1.2). Die aard van die illokusies word hierdeur ingrypend beïnvloed, sodat die leser nie maklik 'n enkelvoudige indruk daaroor kan saamstel nie. Omdat die verteller aanvanklik eksplisiet sê dat sy bloot haar eie storie, "'n (h)erhaalbare liefdesverhaal" (11) vertel, word die indruk gewek dat sy deurentyd egosentries gerig sal wees op haar eie probleme en leed; maar dit blyk algaande dat sy toenemend onder die indruk raak van die onreg en opstand rondom haar, en dat sy ook daarmee identifiseer.

Verskeie eksplisiete verwysings na die apartheidsideologie en sy uitwerking op die gemeenskap, word as deel van die hoofkarakter se bewuswordingsproses aangebied. 'n Voorbeeld is haar gewaarwordinge by die gradeplegtigheid, in die besonder van Tito se toespraak, waarin hy volgens haar "'n verwoede aanval" (16) rig op die apartheidsisteem. Jeanne se weergawe hiervan lui só: "die swart studente, die uitgewekenes wat apart moet studeer, apart moet leef, apart moet sterf, apart gebore en ontvang is. (...) 'n Swart universiteit met die leisels stewig in wit hande", en so meer (16). Die blankes se reaksie dui daarop dat hulle ideologiese interpellasie reeds suksesvol plaasgevind het: "dit was blote herhaling van feite wat vir ons wittes by 'n normale lewenspatroon waaraan ons lankal gewoond was, ingepas het" (16) en wat nie begrip wek nie, maar wel vrees (17). Terwyl die toespraak voortduur, kyk die wit personeellede eerder by die venster uit, wat daarop dui dat hulle hul eie ideologiese posisie ontken en nie bereid is om met die skadukant van die apartheidsideologie gekonfronteer te word nie. Hierteenoor blyk dit dat Jeanne wel toenemend bereid is om dit te doen (vgl. veral haar gesprek met Hillary in London). Hillary sowel as die ander personeellede se houding teenoor die politieke werklikheid word krities bekyk. Jeanne sien byvoorbeeld in dat haar wit kollegas nie haar vriendskap met Dawn openlik kon afkeur nie, en dring deur die skyn met die volgende opmerking: "Hulle sou kwalik kon, sonder om die volgehoue beeld van goeie rasseverhoudinge na buite skade aan te doen" (37). Ook Hillary word ten slotte as vals ontmasker en deur Jeanne verwerp, hoofsaaklik op grond van sy dubbele, oneerlike politieke rol as verslaggewer wat voorgee dat hy liberaal is, maar in werklikheid die regering se standpunt verteenwoordig en dit vir blankes moontlik maak om te glo dat hulle reg is (74).

Teen die agtergrond van die studente-onrus, raak Jeanne ook toenemend bewus van

haar eie opstand teen die heersende morele, sosiale en politieke orde, sowel as teen die hiërargiese rangorde binne die gemeenskap, in hierdie geval die ongelykheid in die man-vrou-relasie. Hierdie illokusies word hoofsaaklik gedra deur twee teenoorgesteldes, naamlik Hillary as chauvinistiese verteenwoordiger van die (manlike) hegemoniese groep, en Dawn as iemand wat dubbel onderdruk is (sy is swart én vrou), maar meer moed aan die dag lê as Hillary. Jeanne verleen uiteindelik voorkeur aan Dawn, deurdat sy ten slotte na die swart vrou bly soek wanneer sy in nood verkeer. Na my mening wil die geïmpliseerde skrywer, deur middel van die hoofkarakter se keuse, die leser se simpatie oorwegend wek vir die illokusies wat aan Dawn gekoppel kan word (eerder as dié wat deur Hillary geuit word), dit wil sê ideologiekritiese illokusies wat afgestem is op die verandering van 'n onregverdige, onderdrukkende bestel.

Hoewel die titel van die roman suggereer dat die leser *engagé*-illokusies te wagte kan wees, is die motto op die oog af uitsluitlik afgestem op illokusies met betrekking tot die liefde. Die dualiteit wat in die opdrag - "Vir die Gemini" - gesuggereer word, is dus reeds in die skrywersteks aanwesig. Uit die verhaal blyk dit dat die hoofkarakter se onvermoë om suksesvol uit te reik na 'n ander, veral ook oor die kleurskeidslyn heen, in hierdie motto ter sprake is. Die grens wat Jeanne nie kon oorsteek nie, naamlik om vir Dawn aan te raak (39), word later deur Dawn oorgesteek (68), wat impliseer dat laasgenoemde wel oor die dinamiek beskik het om suksesvol uit te reik oor die kleurgrens heen. Hierdie progressiewe illokusie word subtiel ondersteun deur die verbintenis van Dawn met "rooi" en "bloedvlek" (68), wat na analogie van Cirlot se uiteensetting (vgl. 6.1.5) kan suggereer dat die vasgekeerdheid in 'n swart-wit-opposisie deurbreek sal kan word deur die liefde en deur offers. Na my mening is die perlokutiewe intensie van hierdie literêre taalhandelinge om simpatie te wek vir diegene wat onreg bestry, op persoonlike sowel as kollektiewe vlak.

Die feit dat verdeeldheid ook as positief beskou word, sluit hierby aan. Die slot wil daarom, op paradoksale wyse, suggereer dat die mislukte rewolusie, deur middel van die verdeling, juis groei teweeggebring het. Binne die konteks van die verhaal kan hierdie gebeure dus daarop dui dat verdeeldheid, wat "vrugbare denke" impliseer, 'n bestanddeel behoort te wees vir die totstandbring van 'n 'nuwe' land waarin almal saam moet groei in "diep, bruin grond" (65). Miskien voer ek die interpretasie te ver as ek sê dat Jeanne **de Bruyn** op haar beurt dan ook 'n soort

versoening kan bewerkstellig tussen Hillary **de Wit** (verteenwoordiger van die heersersgroep) en die **swart**vrou Dawn (wat die nie-hegemoniese groep verteenwoordig). Hoe dit ook al mag wees, die geïmpliseerde illokusies wat uit hierdie driehoekverhouding afgelei kan word, is myns insiens oorwegend progressief. Daar het egter ook enkele illokusies (of interpretasies daarvan) onder die loep gekom wat eerder as konserwatief, of selfs regressief, getipeer kan word.

Versweë ideologie is myns insiens onderliggend aanwesig in die volgende: Die uitbeelding van swart ouers by die gradeplegtigheid is negatief en stereotiperend (13). Swart onderwysers word (veralgemenend) voorgestel as wreedaards wat leerlinge met stokke aanrand (56); hierdie geykte siening wat soms by blankes aangetref word oor swartmense in gesagsposisies se optrede teenoor ander swartmense, word hier as outentiek aangebied omdat Dawn dit self vertel. Die weglating uit die Cirlot-aanhaling (vgl. 6.1.5) is na my mening 'n implisiete bevestiging van die tradisionele Westerse siening van swart as negatief en wit as positief. Laastens sou die ideologiekritiese leser hom-/haarself kon afvra waarom die mislukte rewolusie dan juis implisiet as positiewe groei aangebied word. Word hier nie moontlik subtiel munt geslaan uit die magteloosheid van die magteloses nie? Op grond van hierdie vier gevalle waar die (geïmpliseerde) skrywer se ideologiese interpellasie sigbaar geword het, kan die mesovlaktaalhandelinge dus nie as enkelvoudig progressief en ideologiekrities getipeer word nie (waarop daar inderdaad ook nie aanspraak gemaak word deur die verteller nie!). Hierdie kwessie word onder **6.4** en **6.5** verder beredeneer. Vervolgens word daar 'n ontleding gemaak van relevante taalhandelinge deur karakters ten einde die aard van die teks se illokusies nader te kan bepaal.

## 6.2 Mikrovlak: 'n ontleding van taalhandelinge deur die karakters

### 6.2.1 Inleidend

Die ontledings hierbo het aan die lig gebring dat *Sitate om 'n rewolusie* hoofsaaklik sodanig gestruktureer is dat die ideolgiekritiese illokusies van die geïmpliseerde skrywer voorkeur geniet, maar dit het ook geblyk dat daar versweë ideologiese reste in die teks aanwesig is (vgl. 6.1.6). Die taalhandelinge wat vervolgens bespreek word, geskied op die mikrovlak, dit wil sê dit word geuit in gesprekke tussen karakters, en behoort verdere aanduidings te verskaf van wat die oorkoepelende illokusie en bedoelde perlokusie van die roman uiteindelik is. Hoewel daar op die mesovlak reeds aangetoon is dat liefde en die politieke aktualiteit ongeveer ewe belangrike plekke inneem as kodesisteme in hierdie teks, blyk dit dat daar in die karakters se gesprekke oorwegend en (in die loop van die verhaal) toenemend klem gelê word op laasgenoemde. Die taalhandelinge wat vervolgens ontleed word, illustreer hierdie tendens in die roman.

Die driehoekverhouding tussen Jeanne, Hillary en Dawn is reeds hierbo bespreek (vgl. 6.1.2 en 6.1.3). Die gesprekke tussen Jeanne en Dawn enersyds, en tussen Jeanne en Hillary andersyds, word in die teks teenoor mekaar gestel. Vir sommige lesers sal hierdie gesprekke na te eksplisiete, oordrewe politiekery klink, en ervaar word as 'n oortreding van die gespreksvoorwaarde van kwantiteit; volgens my persoonlike ervaringe van hierdie soort situasie, is dit egter heeltemal aanvaarbaar vir mense wat intens met die eietydse sosio-politieke vraagstukke saamleef om sulke gesprekke daaroor te voer. Vanweë die uitgebreide, verwikkelde aard van dié gesprekke kan die hieropvolgende ontleding nie werklik reg laat geskied daaraan nie. Waar die kanselier en Hillary die *status quo*-standpunte stel, word die kru rassistiese stellings deur Gouws en boere uit Jeanne se jeugomgewing gestel; hierteenoor word die meer radikaal progressiewe sieninge van die swart studente hoofsaaklik verwoord deur Dawn as hulle vernaamste woordvoerder in die verhaal. As vertellende instansie verskaf Jeanne se posisie 'n belangrike aanduiding van die geïmpliseerde skrywer se illokutiewe bedoelings en van die bedoelde perlokusie van die verhaal. Hierdie aspek sal na afloop van die ontledings (vgl. 6.2.3) bespreek word.

6.2.2 'n Analise van relevante taalhandelinge

1. *...ed our soil, our dignity. It is a story. Change the name of the story and it applies to you!* (9)

Aangesien 'n graffito-kunstenaar sy/haar taalhandeling gewoonlik anoniem verrig, word hy/sy as lafhartig beskou deur die gemeenskap. Hoewel die motiewe agter so 'n graffito onder verdenking staan, word dit tog onwillekeurig deur verbygangers gelees. Die presupposisie agter hierdie uiting is dat die leser oor voldoende agtergrondkennis sal beskik om uit die woorde *our soil, our dignity* af te lei dat dit hier oor die bevrydingstryd gaan. Die uiting impliseer verder dat hierdie stryd universeel is, sodat die storie geldig kan wees vir enige persoon wat hom/haar daarmee kan vereenselwig. Binne die konteks van die verhaal is die perlokusie-effek op Jeanne as ontvanger van die boodskap die volgende: sy word onwillekeurig betrek by die gebeure, soos blyk daaruit dat sy vervolgens verwys na *my storie* (9). Die uiting is egter ook 'n indirekte taalhandeling van die geïmpliseerde skrywer, wat langs hierdie weg aandui dat dit wat volg iemand se *storie* is, enersyds die storie van 'n studente-opstand, maar veral ook die storie van 'n indiwidu se persoonlike stryd om suksesvol lief te hê. Hierdie teksstrategie word deur die geïmpliseerde skrywer aangewend om 'n gevoel van afwagting by die leser te skep.

2. "*Goeie Vader, U wat die God van Israel is en ook ons God is, omdat ons die reg soek en goed wil doen, vra ons U seën op hierdie plegtigheid, op die graduandi, Vader, en hulle dosente vir wie dit 'n lewenstaak is om die jeug in U vrese op te voed en aan u barmhartigheid toe te vertrou.*" (13)

Die persoon wat die gradeplegtigheid se opening waarneem, bid tot *die God van Israel*, binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n gelade begrip wat aan weerskante van die politieke spektrum misbruik word: sommige Afrikaners se siening van hulleself as uitverkorenes vind hierby aansluiting, sowel as die swart Bevrydingsteologie. Dawn sinspeel op laasgenoemde toepassing wanneer sy later vir Jeanne sê: "*Jy moet maar vir jouself besluit wie Isreal is*" (54). Die selftevrede gebed van die Fariseër kom by my op wanneer ek die predikant se vroom uiting lees: "*omdat ons die reg soek en goed wil doen*", bid hy. Die leser kan wel wonder wie almal onder hierdie kollektiewe *ons* gereken moet word! Die gebed is veronderstel om aan te sluit by die voorafgelese Bybelgedeelte, naamlik Jesaja 1:17, wat onder meer dié opdrag insluit:

*soek die reg, beteuel die verdrukker* (Jesaja 1:17). Die swart studente se interpretasie van hierdie woorde was gewis heel anders as die spreker s'n, soos blyk uit Dawn se woorde wat pas aangehaal is, waarin daar sprake is van 'n nuwe Isreal.

3. *"Die gemeenskap word gevoed deur dit wat u in u studiejare gedoen het en wat vandag amptelik aan u toegeken word... die geskiedskrywing, nie soos die Marxiste wat eers 'n model ontwerp en dan die gegewe daarby inpas nie, nee, laat ons die gegewe neem, en dááruit maak ons sinryke gevolgtrekkings."* (14)

Die kanselierstoespraak bevat onder meer een van die stereotiepe soort uitsprake oor die Marxisme wat oningeligte wit Suid-Afrikaners graag glo. Die swart gehoor, waarvan 'n groot groep geïdentifiseer het met Frelimo, 'n Marxistiese bevrydingsbeweging, sou dit nie met hom eens wees nie. 'n Mens sou na my mening net sowel ook kon sê dat die teendeel waar is, naamlik dat die Marxisme juis die noodsaak van die geskiedenis en van die materiële omstandighede van mense as gegewe beskou, en dat Marx en sy opvolgers uit dié werklikheid bepaalde gevolgtrekkings gemaak het. Dit is dus duidelik dat wat elke groep as *die gegewe* beskou, reeds ideologies bepaal is (vgl. ook no.22). Agter die tuislandbeleid, en die voortspruitende stigting van swart universiteite, was daar byvoorbeeld die rasionaal dat aparte rasse 'n *gegewe* is, waaruit *sinryke gevolgtrekkings* (soos die noodsaaklikheid van apartheidswetgewing) gemaak moes word.

4. *"Ek vra myself af wat van 'n universiteit sal word as die dosente en studente nie deur swaarkry en arbeid hulle band met die volk behou en verinnig nie?"* (15)

Die kanselier gaan voort met sy geykte, niksseggende toespraak. Die poging om die dosente (meestal wit) en die swart studente deur *swaarkry en arbeid* te verenig, word ondermyn deur die feit dat ook elkeen se band met *die volk* (d.w.s. aparte groepe) as deurslaggewende faktor voorgehou word. Pas tevore het hy gesê dat die leiers van die tuislande tog akademies opgelei moet word, wat impliseer dat die tuislandbeleid as 'n *gegewe* beskou moet word. Die Verwoerdiaanse droom leef dus voort! Binne die konteks van hierdie verhaal kan die geïmpliseerde skrywer se ideologiekritiese illokusies indirek afgelei word uit die grootste gedeelte van die kanselierstoespraak, as voorbeeld van die standpunte wat implisiet afgewys word deur die skrywer.

5. "(...) *en hierdie kampus behoort aan u, die graduandi, om te veg vir 'n beter toekoms vir u en vir my, vir ons almal, om dit te bevestig, te behou en opnuut te skep*" (15)

In hierdie uiting van die kanselier word daar (deur die geïmpliseerde skrywer) ruimskoots gebruik gemaak van 'n effektiewe tipe gespreksimplikasie met die oog op *engagé*-perlokusies, naamlik hoorder-ironie (d.w.s. wanneer 'n uiting deur die hoorders as ironies geïnterpreteer word, hoewel nie deur die spreker so bedoel nie). Die ironie lê daarin dat die studente die kampus inderdaad as 'n gevegsterrein beskou, maar nie in die figuurlike sin waarin die kanselier dit bedoel nie. Die gebruik van indrukwekkende, maar binne die konteks betekenislose begrippe, is weer eens opvallend: Is dit die toekoms wat *bevestig, behou* en opnuut *geskep* moet word? Wat dit presies mag beteken, sou net die spreker kon raai; die gespreksreëls van kwaliteit en relevansie word hier oortree.

6. "*Why* do we have to sacrifice?" (16)

Die studenteraadsvoorsitter, Ephraim Tito, is aan die woord tydens die gradeplegtigheid. Die kontras in toon en inhoud tussen sy toepraak en dié van die kanselier, is opvallend. In hierdie geval is die illokusie spesifiek gerig op sy medestudente; die bedoelde perlokusie is om hulle (kollektief betrek as *we*) op te wek tot aksie, dit wil sê tot opstand teen blanke oorheersing. Die "wittes" reageer soos volg: "die opruiende toespraak het nie begrip by ons gewek nie. Vrees ja, en verstaanbare verontwaardiging" (17). Dit blyk dat hierdie groepie se bevoorregte posisie daartoe lei dat hulle nie in staat is om krities na die apartheidsituasie te kyk nie. In dié stadium vereenselwig Jeanne haar nog met hierdie ideologies bepaalde posisie. Die studente se reaksie is totaal anders - Tito se perlokutiewe bedoeling het geslaag: *Die studente het begin opstaan: eers die voorste rye, toe dié agter hulle, 'n swart vuis in die lug.(...)* (17). In die lig van wat later met Tito gebeur, herken die leser die skrynende ironie van hierdie taalhandeling (vgl. ook Dawn se woorde, no.17). Tito was uiteindelik waarskynlik nog 'n offer wat gebring moes word voor die Afrikaner se gunsteling afgod: Apartheid (deur afgodspriesters in die gedaante van die Veiligheidspolisie!).

7. "*As ek vandag moet gaan, vat ek ten minste drie swartes saam met my!*" (17)

Gouws, woordvoerder van die aarts-rassiste as tipe, se reaksie op die studente se optrede ná Tito se toespraak, dui daarop dat hy instinktief aggressief optree uit selfbehoud - 'n tipiese reaksie van iemand wat nog altyd heimlik moes vermoed het dat hy deel is van 'n minderheid wat op onregverdige wyse heers oor die meerderheid. Teen die einde van die verhaal blyk dit dat hy hom nie aan hierdie verbintenis hou nie, aangesien hy tydens die kritieke uur waarin die beplande rewolusie tot 'n hoogtepunt gevoer word, besonder sterk steun op die polisie met hul wapens en vangwaens, soos blyk uit die volgende kru uiting: "*Die polisie vat nie hulle stront nie, boetie. Jy moet sien hoe lyk dit hierbo by Mankoeng; die vangwaens staan net gereed vir vat en inlaai (...)*" (98).

8. "*Dis 'n belediging vir jare se toegewyde arbeid en goeie bedoelings, hoekom offer ons soveel op, ek en my wit kollegas?*" (18-19)

Gouws is weer eens die spreker, maar hy verwoord waarskynlik die gevoelens van verskeie ander personeellede. Hierdie uiting laat die (ideologiekritiese) leser opnuut besef dat daar min dinge is wat meer skrikwekkend kan wees as wanneer een party sy/haar/hulle 'goeie bedoelings' teen die ander party se sin en wil op hom/haar/hulle afdwing. Die leser wat die ironie in hierdie taalhandeling realiseer, sal dit in verband bring met die breë Suid-Afrikaanse konteks, waarin 'n formidabele arsenaal 'goeie bedoelings' oor dekades heen as regverdiging gedien het vir apartheidswetgewing, wat onberekenbare menslike lyding tot gevolg gehad het.

9. "*Die rewolusie is nie so belangrik nie, al kom dit ook. Rewolusie is so oud soos die mensdom. Uiteindelik sal dit 'n paar lêers in polisiekantore vul, die spreuke en die plakkate netjies georden, miskien 'n geregtelik kommissie. Dit sal koerantberigte word en sistematies geliasseer word in persbiblioteke in lêers wat 'Swart universiteite' gemerk is (...)*" (20)

Hillary konstateer dat die dreigende kampus-rewolusie onbelangrik is, en analiseer dan die situasie klinies, objektief en afstandelik. Dit is duidelik dat hy die studente se ontevredenheid en opstand alles behalwe ernstig opneem. Deur die veralgemenende stelling oor rewolusies wat so oud soos die mensdom is, relativeer

en nivelleer hy dit waarvoor 'n student soos Tito bereid is om sy lewe te gee. Hillary verwoord hier die effektiewe wyse waarop 'lastighede' soos opstande onder swart studente gehanteer word binne 'n gemeenskap waar *die leisels stewig in wit hande is* (16).

10. "*Toe ek klein was, het my ma by 'n Afrikaanse vrou gewerk. Ek het toe altyd saam met haar gegaan. Ek het baie met die kinders Afrikaans gepraat.*" (29)

Met hierdie drie nugter, onemosionele stellings verklaar Dawn haarself tot die besitlose werkersklas. Die presupposisie is dat Jeanne (en die leser) die gespreksimplikasie sal snap en gevolglik sal besef watter ingrypende konsekwensies hierdie eenvoudige verklaring vir die swart vrou se hele lewe het. Later blyk dit dat Dawn se ma haar en nege broers en susters alleen grootgemaak het, slegs met die karige salaris van 'n 'huisbediende' (die hedendaagse term 'huishulp' is 'n effens sagter benaming vir ongeveer dieselfde posisie). Naas die persoonlike implikasies van hierdie uitinge, gaan dit hier ook oor Afrikaans, die taal wat veral gedurende die sewentigerjare vir baie swartmense 'n ergernis geword het, vanweë assosiasies met die apartheidsregime van Malan, Strydom, Verwoerd en Vorster. (Hierdie kwessie kom in 'n ander voorbeeld weer ter spake - vgl. no.25).

11. "*Die praktyk...(...) Min daarvan stem ooreen met wat in die teksboeke staan. Dis 'n beroep waarin jy jou kliënte nooit kan geld vra of waarde vir hulle geld gee nie.*" (30)

Dawn vertel waarom sy nie as prokureur praktiseer nie, hoewel sy dié kursus reeds voltooi het. Die illokusies dui aan dat die werklikheid vir die swart gemeenskap radikaal verskil van dit wat blankes ervaar en aan die universiteit vir swart studente leer. Sy vertel, ter illustrasie, vervolgens van 'n ou swart man, ene Kirufu, wat saam met sy seun in hegtenis geneem is weens veediefstal. Die seun is tydens aanhouding deur die polisie vermoor en die skuldiges het 'n boete en opgeskorte gevangenisstraf gekry, deels omdat die ou man te ontsteld was om behoorlik getuienis te lewer. Jeanne besef dat Dawn besig is om die blanke aan te kla: *Haar aanklag was rustig, haar waarneming en gevolgtrekking feitelik* (31). Die perlokusie-effek van hierdie vertelling op Jeanne is die volgende: "Dit het my onrustig gestem, byna geïrriteer" (31). Haar emotiewe uiting - "Ek is jammer" (31) - waardeur sy haar deelneming wil betuig, het kwalik meer effek as dat Dawn haar kop skaars merkbaar knik, *asof sy kennis neem van my jammerte en dit in haar mandjie met boeke en aantekeninge sit*

*om later uit te haal en tuis te bestudeer* (31). By implikasie word dit aan die leser oorgedra dat hier leed ter sprake is wat slegs begryp kan word deur iemand wat dit aan eie lyf gevoel het.

12. "*Al wat ons eintlik in gemeen het, is dat ons dieselfde klippe en bome en plante sou geken het, Jeanne.*" (37)

Die implikasie van hierdie indirekte taalhandeling van Dawn is dat die afstand tussen hulle twee onoorbrugbaar is. By Jeanne is daar die *onrustige wete dat haar Laeveld anders as dié van* (Jeanne se) *kinderjare gelyk het* (37), wat bevestig word deur Dawn se stelling. Jeanne se poging om 'n 'normale' vriendskapsverhouding met Dawn in stand te hou, is tot mislukking gedoem binne die abnormale omstandighede in 'n land waar mense van verskillende rasse kwalik meer gemeen kan hê as dat hulle dieselfde klippe, plante en bome ken. Hierdie insident tussen Jeanne en Dawn kan beskou word as gedeeltelik parallel met die hoofkarakter in *Om te awol* se ervaring wanneer hy as volwassene besef dat hy en Tombile wel op dieselfde plaas grootgeword het, maar dat hy eintlik nie weet hoe sy swart speelmaat as kind geleef het nie (vgl. Van Heerden, 1984:34-35). 'n Belangrike verskil is egter dat hierdie 'grens' in Van Heerden se roman nooit oorgesteek word nie, terwyl die twee vroue in *Sitate om 'n rewolusie* wel op gelyke voet met mekaar omgaan en selfs 'n hegte vriendskap sluit.

13. "*We were told at the time it had been sent from Geneva.*" (39)

Met hierdie kortaf stelling dra Dawn die skokkende nuus van Tito se dood (onder verdagte omstandighede), aan Jeanne oor. Die feit dat sy in haar ontreddering onwillekeurig die uiting in Engels maak, dui daarop dat sy haar in hierdie omstandighede wil distansieer van Afrikaners, wat volgens haar vir sy dood verantwoordelik was (soos later geïmpliseer word in 'n gesprek tussen Jeanne en Hillary). Jeanne reageer kras op hierdie uitlating: *Ek het geskree omdat ek so bang was* (39). Hierna probeer sy haar vriendin egter oortuig van haar meelewing: "*Luister na my Dáwn, op Afrikááns: ek is jammer, hoor jy my?*" (39). Met hierdie uiting wil sy terselfdertyd implisiet bevestig dat Afrikaans, ongeag of dit ook die taal van die onderdrukker is, steeds die vermoë het om kontak en versoening te bewerkstellig.

14. "*Die vervloekste swartgoed lê weer die hele lokasie vol vanmôre, papgesuip. Nie 'n dooie nerf by die pakkery vanmôre nie. Ek en die vrou en die oorlamse kombuismeid het soos ons vinger gestaan en pak (...)*" (44)

Hierdie kru uitinge deur 'n boer uit Jeanne se jeugomgewing, maak deel uit van die herinneringe wat daardie ruimte konstitueer en vorm die agtergrond waarteen haar latere opstand teen die heersende orde gesien moet word. Die growwe, dehumaniserende verwysings na swartmense is waarskynlik herkenbaar vir elke Afrikaanse persoon wat 'n plaasagtergrond het. Die verwysings na *die vrou* en die *oorlamse kombuismeid* impliseer dat hierdie persoon waarskynlik ook (manlik) chauvinisties is en selfs nie aan vroue wat sy opdragte getrou uitvoer, erkenning gee as volwaardige mense nie.

15. "*Madume! Ek is jou baas! Jy lig nie jou pote vir 'n baas nie!*" (45)

'n Insident wat op Jeanne 'n groot indruk omtrent rasseverhoudinge gemaak het in haar kinderjare, word onder meer opgeroep met hier taalhandeling deur een van die boere wat 'n swartman aangerand het met die hulp van nog 'n blanke man. Hoewel dit nie vir my duidelik is vir wie die klein dogtertjie (Jeanne) kwaad was ná hierdie insident nie, blyk dit duidelik dat die witman se aandrang daarop dat hy die swartman se baas is, 'n negatiewe indruk op haar gelaat het. Hierdie uitings deur iemand in 'n heersersposisie dui aan hoedanig hierdie situasie van ongelyke magsverhoudinge onder die toenmalige (en huidige) bedeling uitgebuit kon/kan word. Die gebruik van 'n pejoratiewe, beledigende woord soos *pote* wanneer daar na 'n medemens verwys word, is sprekend van die dehumaniserende ideologiese siening wat die witman van die swartman het. Die bedoelde perlokusie van die geïmpliseerde skrywer wat hierdie tiperende rassistiese uitinge in die teks opgeneem het, is sekerlik om die (gewetensvolle) leser tot herkenning en 'n verwerping van hierdie soort optrede te dwing.

16. "*Ek het régtig nou genoeg gehad. Vandat ek jou ken, het jy nog nooit opgehou om my te vertel hoe ek en jy verskil nie. Jy het nooit opgehou om die wit ras se sondes voor my vuil voordeur in te vee nie.*" (53-54)

Ná Tito se begrafnis, wat Jeanne as politiekery bestempel het, sê Dawn aan haar dat niemand haar kan kwalik neem omdat sy nie verstaan nie, en dat dit 'n geleentheid

vir swartmense was. Jeanne prostesteer heftig teen Dawn se deterministiese standpunt oor die verhouding tussen swart en wit in die land. Haar reaksie dui egter daarop dat sy nie die onreg van rassisme wil ontken nie, maar dat sy ook nie bereid is om alleen die skuld te dra en permanent daardeur gekortwiek te word nie (vgl. ook no.22).

17. *"Tito wás 'n politikus, 'n priester! Dis hoekom hy met 'n bom flenters geskiet is in Botswana, Jeanne! Ons politiek is ons Gód! Toe Tito dood is, het ek vir die eerste keer die kruis verstaan. Jy moet vir jouself besluit wie Israel is."* (54)

Volgens die Bybels-Reformatoriese siening (vgl. 2.1.5.) het die standpunte wat Dawn hier so eksplisiet stel, reeds die gedaante van 'n pseudo-religie aangeneem, aangesien Tito 'n soort verlossersfiguur word, wat homself offer vir ander, en die politiek as hulle God beskryf word. Sy druk haar gevoelens uit in die terme van die sogenaamde Bevrydingsteologie (wat in die verlede so graag deur Afrikaanse kerke verguis en verketter is). Jeanne word voor 'n keuse gestel tussen haar eie groep, die onderdrukkers, en die nie-hegemoniese groep waartoe Dawn behoort wanneer sy moet besluit wie die volk van God is (vgl. die gebed op p.13). Jeanne se reaksie hierop is egter 'n verwoede teenaanval (55) waarin sy Dawn op haar beurt kwets.

18. *"Askies Báás! Hy het Báás gesê, Jeanne, (...) As hulle vir ons gesê het ons is sleg en dom, het ek hulle geglo, Jeanne. Ek het geweet hulle kan nie anders nie, omdat dit vir hulle waar was."* (56-57)

Dawn verwoord met hierdie taalhandelinge die wyse waarop ideologie die onderdruktes interpelleer, sodat hulle van kleins af leer om die hegemoniese groep se siening van hulleself as inherent minderwaardig, te glo. Ook die oorheersers word deur hulle ideologiese bepaaldheid gedwing om stereotiepe negatiewe menings te huldig oor diegene wat hulle as ondergeskiktes moet beskou ter wille van die voortbestaan van die ideologie wat hulle bevoorregte posisie in stand hou. Die vokatief *Baas*, wat hier geuit word nadat 'n wit dosent een van die studente verneder het omdat sy voete glo sleg geruik het, is waarskynlik dié woord in die Afrikaanse taal wat die sterkste ideologiese lading dra en waarin onderdrukker en onderdrukte se interpellasie binne die apartheidskonteks die felste uitgedruk word (vgl. ook no.15).

19. *"U sê hier dat dit vir die neo-Marxistiese literatuurkritiek (...) altyd gaan om die sosiale en maatskaplike implikasies wat die werk van 'n skrywer het. U het gesê die teks is 'n reaksie op die maatskaplike konteks. (...) Hoekom behandel ons dan die Afrikaanse letterkunde ook?"* (59-60)

Hierdie stellings van Dawn, en veral die vraag aan die einde, is 'n indirekte aanval op Jeanne en die hegemoniese groep wat sy verteenwoordig. Jeanne verweer haar later ten opsigte van hierdie tipe literatuurkritiek, met die stelling dat die neo-Marxistiese kritiek nie verabsoluteer moet word nie, en voeg by: "Dis nie die enigste literatuurbeskouing wat ons het nie" (61). Uit Dawn se uitinge kan egter afgelei word dat Jeanne hierdie benadering met sodanige erns aan die studente voorgedra het dat hulle dit as besonder belangrik beskou. Hieruit blyk, by wyse van gespreksimplikasie, ook die dosent se positiewe houding teenoor 'n literatuurbenadering wat die sosiale en maatskaplike implikasies van die letterkunde in ag neem.

20. *"Die Afrikaanse letterkunde ná Sestig is nog altyd 'n white man's view. Die skrywers skryf wat hulle sien, hulle weet nie regtig nie..."* (60)

Jeanne se suggestie dat die Afrikaanse letterkunde ná die sestigerjare wel begin het om die swartman se sosiale konteks te verreken, word deur Dawn verwerp op grond van die feit dat dit steeds net die witman se stem is wat gehoor word, ook wanneer daar namens swartmense gepraat word (soos in verskeie van André P. Brink se romans). Die aantyging teen Afrikaanse skrywers dat hulle slegs hulle oppervlakkige waarnemings weergee, kan in verband gebring word met Jeanne se agterna-insig oor haar eie tekortkoming in hierdie opsig: *Ek begryp nou: om te kyk is nie genoeg nie* (8). Uit hierdie verband kan die leser aflei dat hier ook 'n implisiete taalhandeling van die konkrete skrywer aanwesig is, naamlik 'n subtiele ondergrawing van haar eie poging om die totale Suid-Afrikaanse konteks te verreken deur middel van 'n verhaal oor hierdie universiteitskampus, wat by geleentheid deur Hillary as 'n *mikro-kosmos* (75) beskryf word.

21. "*...van die swart volke se onderdrukking waaraan hulle self deel het nie, juffrou?*" (60)

Jeanne se vinnige reaksie op Dawn se verwyt (vgl. no.20) is wel gedeeltelik gegrond op haar siening van die situasie, maar het 'n sarkastiese ondertoon. Die wind is vir 'n oomblik uit die studente se seile geneem aangesien hulle volgens die verteller nie daaraan gewoond was dat dosente sulke direkte politieke stellings maak nie: *die meeste dosente het 'n veilige neutraliteit bewaar as politiek ter sprake kom* (60).

22. "*Die skrywers skryf vanuit 'n bepaalde belewingswêreld; dis hulle gegewe, hulle het geen ander kennis nie. (...) ek glo u sal my reg begryp, dis onmoontlik vir 'n witman om te skryf oor iemand se lot as daar geen kommunikasie is met die mense oor wie hy skryf nie, as volledige kommunikasie gekortwiek word.*" (61)

Weer eens sou die leser afleidings kon maak oor die geïmpliseerde skrywer se siening van die Afrikaanse skrywer se dilemma. Die term *gegewe* word in hierdie geval gebruik om mense se sosio-politieke bepaaldheid aan te dui, in teenstelling met die kanselier se gebruik daarvan (vgl. no.3). Die emotiewe gedeelte van die taalhandeling - "*ek glo u sal my reg begryp*" - is 'n poging om kontak te bewerkstellig met die hoorders deur haar opregte strewe om te kommunikeer te beklemtoon. Die stelling oor kommunikasie wat gekortwiek word, sluit aan by haar gesprekke met Dawn en is 'n indirekte verwyt, sowel as 'n pleidooi vir groter begrip en toeganklikheid.

23. "*Die swartman moet self skryf. Dis sy verhaal.*" (61)

Hierdie uitspraak deur Dawn kan gelees word in die lig van die verteller se eksplisiete erkenning dat die verhaal wat sy vertel haar eie storie is; sy (en deur haar die geïmpliseerde skrywer) wil dus nie daarop aanspraak maak dat sy 'n ander se verhaal sou kon vertel nie, allermins *die swartman* s'n. Die onderliggende illokusie wat Dawn hier tot Jeanne en die ander studente rig, is dat die tyd aangebreek het vir die swartman om sy menswaardigheid ten volle uit te leef, ook deur middel van die letterkunde.

24. "*Ek weet, meneer, maar dis iets waaraan ék niks kan doen nie.*" (61)

Jeanne antwoord op 'n student se uitlating oor swart skrywers se situasie: "*Hulle kan nie publiseer nie. Hulle sukkel*" (61). Die dilemma van die onderdruktes, wat dit om 'n groot verskeidenheid redes moeiliker vind om hulle stem hoorbaar te maak, veral op literêre gebied (vgl. 3.4.1), word aan die orde gestel met hierdie uiting. Jeanne reageer hierop met 'n eksplisiete verontskuldiging, wat egter nie deur die studente aanvaar word nie: *Weer 'n gesis. Ek het my met moeite beheers* (61).

25. "*Nou gaan dit weer oor Afrikaans as een van die universiteit se amptelike voertale. 'n Mens wonder wat hulle eintlik wil hê.*" (62)

Hierdie reaksie volg op die lees van 'n plakkaat wat die volgende boodskap dra: *Away with Afrikaans! English only please!/ The language of the oppressor must go!/ Education in a civilized language please!* (62). Prof. Krause, van nature 'n simpatieke persoon, toon met hierdie uitspraak die soort onbegrip vir swartmense se opstand wat tiperend is van lede van die bevoorregte groep. Die kwessie oor Afrikaans as voertaal, wat hier so ligtelik afgemaak word, sou slegs een jaar ná die historiese tyd waarin *Sitate om 'n rewolusie* afspeel (d.w.s. in 1976), in Soweto lei tot 'n bloedbad wat die hele wêreld se aandag op Suid-Afrika gevestig het. Teen hierdie agtergrond interpreteer die leser hierdie uiting as 'n implisiete ironiese taalhandeling deur die geïmpliseerde skrywer.

26. "*Noem dit wat jy wil, Jeanne. Dis mense wat dink. Ons moet begin om vir onsself te dink, anders gaan die witman tot in ewigheid vir ons bly dink terwyl die kinders vee oppas en die ou mense pap eet by die huis.*" (65)

Dawn probeer steeds om aan Jeanne te verduidelik waarom sy eerder die kollektiewe belange van haar mense dien deur haar politieke aktivisme, as om haar eie belange voorop te stel. Die *ons* en *onsself* wat sy gebruik, sluit vir Jeanne en alle ander witmense by implikasie uit, en bevestig opnuut dat die swart-wit-polarisasie in die land nie genegeer kan word nie. Die noodsaak van die volgehoue stryd om bevryding uit 'n situasie van onderdrukking wat reeds eeue oud is, word in hierdie uitinge verwoord in terme wat begrip moet wek by die hoorder (en die leser).

27. "*Vir 'n rewolusie moet 'n mens alles verander, álles; dit moet 'n volledige*

*omwenteling wees. Op die oomblik moet ons net kies; én julle: òf julle is deel van die probleem, òf julle is deel van die oplossing.*" (65)

Die ingrypende aard van 'n suksesvolle rewolusie word deur Dawn uitgespel. Jeanne betwyfel egter die swart vrou se status as spreker wanneer sy hierdie soort uitinge maak, omdat Dawn na haar mening bloot standpunte weergee wat sy van ander aktiviste oorgeneem het. Die belangrikheid van 'n keuse tussen progressiewe deelname en 'n konserwatiewe (of selfs regressiewe) houding, word eksplisiet aan Jeanne uitgespel. Die bedoelde perlokusie is dat Jeanne tot aksie moet oorgaan, na die een of ander kant toe. Terugskouend meen Jeanne later dat sy hierdie keuse sou kon maak, dié middag voor die finale opstand en voor haar miskraam, indien sy nie so ontsteld en bang was terwyl sy daar voor die muur met graffiti gestaan en lees het nie (10). Die stelling wat sy vervolgens maak, is taamlik raaiselagtig, maar na my mening dui dit haar uiteindelike posisie aan: *Maar dis die ding, as ek op daardie oomblik geweet het wat kort daarná sou gebeur* (die mislukking van die rewolusie en haar miskraam? - MAR), *sou ek nie een se storie wou verwerp of onderskryf nie* (d.w.s. die graffito-skrywer en die doodverwer s'n - MAR). *Ek sou 'n ander storie daarby gevoeg het*" (10). Na my mening relativeer die verteller hiermee beide die progressiewe en die konserwatiewe posisies, en voeg boonop haar eie daarby as nog 'n alternatief. Sy maak dus in der waarheid ten slotte geen keuse nie, maar stel die onderskeie standpunte op gelyke vlak naas mekaar.

28. *That in pursuit of this direction, therefore, personal contact with Whites, though it should not be legislated against, must be discouraged, especially where it tends to militate against the beliefs we hold dear./ That, therefore, we believe, that in all matters relating to the struggle towards realising our aspirations, Whites must be excluded.* (85-86)

Hierdie beleidsverklaring deur SASO, wat Jeanne in die dameskoshuis raaksien wanneer sy vir Dawn gaan soek ná hulle laaste groot woordewisseling, skep die agtergrond waarteen hulle finale verwydering beskou moet word. Die taal van Swart Bewussyn en van die bevrydingstryd word hier gebruik, wanneer 'n soort omgekeerde rassisme aanbeveel word. Dit is egter betekenisvol dat wetgewing in hierdie verband nie voorgestaan word nie, aangesien die blankes se apartheidswetgewing daardeur indirek gekondoneer sou word. Dat blankes geen bydrae te maak het in die swartman se bevrydingstryd nie, is 'n herhaling van Dawn

se standpunte soos uitgespreek teenoor Jeanne.

29. *"Die Minister van Justisie het 'n verbod geplaas op alle oproerige byeenkomste, soos bepaal deur die Wet op Oproerige Byeenkomste, nommer 17 van 1956. Die verbod geld vir alle vergaderings wat belê is of ondersteun word, of gehou word namens die South African Student's Organisation, op enige plek in die Republiek van Suid-Afrika, tot en met 20 Oktober 1974."* (93)

Op die dag voor die opstand luister Jeanne na hierdie nuusberig, hoewel sy nie in 'n emosionele en fisiese toestand is om veel ag te slaan daarop nie. Hierdie verklaring lui 'n tydperk in waarin onderdrukkende wetgewing verskerp is, en waarin daar toenemend beperkinge geplaas is op aktiwiteite rondom die bevrydingstryd. Die feit dat juis SASO uitgesonder word, dui daarop dat hierdie organisasie se bedrywighede in daardie tydperk die maghebbers se argwaan gewek het. Hoewel dié tipe geïnstitusionaliseerde taalhandelinge gedurende die afgelope dekade en 'n half 'n algemene verskynsel in die Suid-Afrikaanse konteks geword het, is die implikasies daarvan in terme van die skending van menseregte (soos vryheid van spraak, beweging en assosiasie) ingrypend.

30. *"This is the last and final warning!/ You múst leave now, each one to his hostel!/ MOVE!"* (101)

Hierdie uiting deur die polisie dwing gesag af, veral vanweë die trompetluidspreker wat die dreigemente meer indrukwekkend laat klink. Hierdie bevelsuitinge, 'n verbintenis tot gewelddadige optrede, duld geen teenstand nie, veral nie met gewere, gaspistole, rewolwers, honde en vangwaens in die agtergrond nie! Dié soort taalhandelinge, geuit in die naam van wet en orde, maar deur die hoorders ervaar as 'n growwe aantasting van hulle regte, het veral gedurende die tagtigerjare algemeen geword in Suid-Afrika. Die gewenste perlokusie word bereik: die studente verdeel in twee groepe, die mans aan die een en die dames aan die ander kant van die sokkerveld, wat na my mening daarop dui dat hulle op pad was na hulle onderskeie koshuise. Die verteenwoordigers van die maghebbers het die laaste woord gespreek!

### 6.2.3 Afleidings oor ideologiese implikasies op die mikrovlak

'n Opvallende aspek van die mikrovlaktaalhandelinge is dat die konserwatiewe en die progressiewe standpunte ongeveer in gelyke mate aan die orde gestel word, deur middel van die onderskeie woordvoerders van hierdie opponerende posisies. Dié eienskap van die teks is na my mening 'n illustrasie en bevestiging van die kode rakende die dualiteit van die menslike situasie wat deur die sterreteken van die Gemini geaktiveer is (vgl. veral 6.1.5). Die intense bewustheid van hierdie dualiteit is veral teenwoordig in die hoofkarakter, wat as deiktiese sentrum en as ek-verteller, die naaste aanduiding behoort te gee van die ideologiese/ideologiekritiese illokusies waaraan die geïmpliseerde skrywer voorkeur gee. Die seleksie wat gemaak is met betrekking tot dié uitinge wat in die teks gerepresenteer is, is vir die leser 'n riglyn van wat die konkrete skrywer se oorkoepende bedoeling was toe sy die roman geskryf het.

Aangesien verteenwoordigers van beide kante spreekbeurte kry, is dit belangrik om die perlokutiewe bedoeling agter die onderskeie uitinge te probeer bepaal.[5] Geykte, konserwatiewe taalhandelinge, wat telkens na my mening onderliggende ideologiese ladings dra, word verrig deur die dominee wat die opening van die gradeplegtigheid waarneem (no.2), die kanselier van die universiteit (no.3,4,5) en Hillary (no.9). Naas die *status quo*-standpunte wat in hierdie uitinge gestel word, word eksplisiete rassistiese illokusies gerig deur dr. Gouws (no.7,8) en veral deur die boere wat Jeanne as kind geken het (no.14,15). Die taalhandelinge van maghebbers soos die Minister van Justisie en die polisie, verskaf bykomende besonderhede oor die aard van die sosio-politieke konteks waarbinne die verhaal afspeel. Die *engagé*-perlokusie van elkeen van die genoemde uitinge is dat die leser sy/haar eie situasie herken en vervolgens gevoelens van afwysing en selfs weersin ervaar. Dit is ook moontlik dat daar 'n gevoel van kollektiewe skuldaanvaarding gewek word by die lees van subtiele én blatante voorbeelde van die wyse waarop magsmisbruik in die Afrikaanse taal tot uiting gekom het in die verlede, maar ook tans nog.

Die teenoorgestelde posisie as dié van die witmense na wie hierbo verwys is, word ingeneem deur daardie karakters wat namens swartmense aan die woord gestel

---

5 Die perlokusie-effekte waarna vervolgens verwys word, is my eie, wat moontlik kan verskil van ander lesers s'n.

word. Ideologiekritiese, progressiewe, soms selfs aktivistiese taalhandelinge word hoofsaaklik deur Dawn verrig (vgl. no.10-13, 17-20, 23,26,27).[6] Omdat al hierdie taalhandelinge tot Jeanne gerig is, moes die perlokusie-effek daarvan op haar op die lang duur beduidend gewees het, hoewel sy in daardie stadium telkens aanvallend (bv. no.16) en verontskuldigend (no.24) gereageer het. Ook Tito word 'n enkele keer aan die woord gestel (no.6), naas verskeie 'sitate' in die vorm van graffiti, plakkate, 'n beleidsverklaring van SASO (no.28), plakkertjies, en so meer. Een van die illokusies waarin hierdie standpunt te ver gevoer word vir my gevoel as Christen, is wanneer Dawn beweer dat die politiek wat hulle as studente bedryf hulle God is. Miskien moet hierdie uiting egter gelees word binne die raamwerk van die desperate, geradikaliseerde posisie waarin swartmense in Suid-Afrika oor dekades heen gedwing is (vgl. no.17).

Jeanne se volgehoue pogings om 'n posisie tussen Dawn en Hillary te probeer handhaaf, sluit aan by haar Gemini-aard, dit wil sê as iemand wat bewus is van die dualiteit van die menslike situasie. Dit blyk ook dat sy uiteindelik nie in staat was om 'n keuse te maak nie, wat volgens my siening 'n keuse vir die *status quo* is. In die literatuurwetenskapklas lewer sy byvoorbeeld 'n indirekte pleidooi vir groter begrip van die swartmense se kant vir witmense se onvermoë om deur die grense te breek (vgl. no.22), maar verontskuldig haar ook vinnig wanneer die problematiek van swart skrywers ter sprake kom (no.24). Hoewel sy nie Dawn se SASO-standpunte wou aanvaar, of haar voortdurende verwyte kon verduur nie (vgl. no.16), neem sy mettertyd ook teenoor Hillary se regeringsgesinde uitsprake standpunt in wanneer sy haar soos volg uitspreek teen aparte universiteite in die besonder, en apartheid in die algemeen: "as mense gedwing word om apart te bly leef, sal hulle mekaar nooit leer ken nie. Swart en wit word in Suid-Afrika van kleins af in twee rigtings gedwing; as hulle mekaar vorentoe ontmoet, het hulle geen benul van wat die ander dink of voel nie" (76) (vgl. ook 6.1.3). In hierdie gesprek posisioneer sy haarself teen apartheid, maar ook teen SASO, wat 'n soort omgekeerde apartheid voorstaan. Hoewel sy dus nie tussen Dawn en Hillary kies nie, maak sy in elk geval duidelik 'n keuse teen apartheid en die vervreemding wat dit tussen mense veroorsaak.

---

6 Die aantal uitinge van Dawn wat ek as voorbeelde gebruik, verraai waarskynlik ook heelwat van my eie posisie en moet gesien word in die lig van die standpunt téén (veral) die apartheidsideologie wat ek in hierdie ondersoek probeer inneem.

Jeanne en haar studente se gesprek oor die Afrikaanse letterkunde en die Afrikaanse skrywer se onvermoë om ook die swartman se sosiale konteks te verreken, is belangrik ten opsigte van die geïmpliseerde skrywer se illokusies hieroor. Jeanne erken dié stand van sake, maar plaas die onus op die swartman wat die wit skrywer nie toelaat om werklik met hom te kommunikeer nie. Die kern van die probleem word dan deur Dawn verwoord: Die swartman moet sy eie verhaal skryf (no.23). In die lig van hierdie uitspraak is dit betekenisvol dat Dawn in die loop van die verhaal soveel spreekbeurte kry; hoewel die skrywer dan nie werklik die swartmense in Suid-Afrika se verhaal kan vertel nie, kan 'n poging wel aangewend word om hulle self aan die woord te stel. Ook hierdie soort representasie bly egter in hierdie roman beperk, omdat dit steeds neerkom op *a white man's view* (vgl. no.20) van hoe die studente hulle opstand beleef en motiveer. Hierdie beperking word deur die verteller erken (no.33), en sodoende indirek ook deur die geïmpliseerde skrywer. Ook die verwysings na die neo-Marxistiese literatuurkritiek dui die posisie van die hoofkarakter in 'n mate aan. Wanneer Dawn sê: "U het gesê die teks is 'n reaksie op die maatskaplike konteks" (no.19), lei die leser af dat Jeanne (en die geïmpliseerde/konkrete skrywer?) die literatuur nie beskou as outonoom en losstaande van die sosio-politieke konteks nie. Die bespreking wat volg (6.3.1), bevestig hierdie vermoede omtrent die konkrete skrywer se sieninge in hierdie verband.

## 6.3 Makrovlak: 'n vergelyking tussen die bedoelde perlokusie en enkele werklike perlokusies

### 6.3.1 Bedoelde perlokusie: Jeanette Ferreira aan die woord

Die meeste lesers is 'van nature geneig' om op 'n 'ongeoorloofde' (*intensional fallacy*-) manier verbande te wil trek tussen die konkrete skrywer van 'n literêre teks en die vertelinstansie of een van die karakters in die verhaal wat vertel word. Indien sulke outobiografiese ooreenkomste wel gevind word, interpreteer die leser byna onwillekeurig taalhandelinge wat deur sodanige vertelinstansie of karakter gemaak word, as nou verwant aan die konkrete skrywer se bedoelings. Indien die besonderhede rakende **Jeanne de Bruyn**, die ek-verteller en hoofkarakter in *Sitate om 'n rewolusie* vergelyk word met dit wat aan my bekend is omtrent die skrywer **Jeanette Ferreira**, is daar heelwat ooreenkomste aan te toon. In die eerste plek lê die twee vroue se name besonder na aan mekaar, wat waarskynlik geïnterpreteer

kan word as 'n aanduiding van die besondere status wat die konkrete skrywer aan hierdie hoofkarakter wou toeken. 'n Latere uitspraak deur Ferreira kan in die geval van hierdie roman ook as geldig beskou word: "Dalk is skryf 'n manier van dinge verstaan, sin maak vir jouself uit die onbegryplike, die oënskynlik onveranderbare" (1991:15).

Daar is verskeie ooreenkomste tussen Jeanne de Bruyn en Ferreira. In 'n onderhoud met Kitching (1991:15) sê die skrywer: "Ek het al die paaie geloop wat 'n Afrikaanse kind van die platteland af sou kon loop, ek spaar jou die detail." Dit is, breedweg gesien, ook hoe Jeanne se ontwikkeling plaasgevind het: die sensitiewe kind van die "plaas agter die berg" (45 e.v.) is as hoërskoolleerling aan 'n landbouskool besonder voorbeeldig (47-48); sy word 'n taamlik verskrikte eerstejaarstudent aan die Universiteit van Pretoria, oftewel 'Tuks' ("Vir 'n plaaskind is 'n universiteit skrikwekkend" - p.48), en spoedig daarna 'n bekwame dosent aan die swart universiteit naby Magoebaskloof en Moria (14). Sedertdien neem sy haar eie besluite en trotseer die gemeenskap se argwaan en verwerping vir dit waarin sy glo. Ferreira self is gebore op Duiwelskloof in die Oos-Transvaal, haar ouers was boere op 'n plaas naby Tzaneen en sy het haar hoërskoolloopbaan afgesluit op Merensky, 'n landbouskool naby Tzaneen. Daarna het sy begin studeer aan die UP totdat sy die graad Hons. BA verwerf het. Sy beklee 'n lektoraat aan die Universiteit van die Noorde van 1977 tot 1980 (vgl. Ferreira, 1984:1). Die ooreenkomste is dus meer as toevallig.

In 1982 verwerf Ferreira ook 'n MA-graad aan die UP, oor die "terugkerende simbool" in die poësie van Breyten Breytenbach Die verteller in *Sitate om 'n rewolusie* maak die volgende uiters positiewe verwysing na Breytenbach, wat hom uitsonder tussen ander wit skrywers wie se werk deur haar studente verwerp word: "As hulle Breytenbach hoor, dink hulle meer politiek as poësie. Wit soos hy is, steel hulle sy white man's view" (63). Sy voltooi hierna 'n Ph. D. onder leiding van André P. Brink, weer eens oor Breytenbach. Indien die gesprekke oor politieke kwessies tussen Jeanne en Hillary enersyds, en tussen haar en Dawn andersyds, krities bekyk word, sou 'n mens ooreenkomste kon aantoon met sodanige gesprekke in werke van Brink, soos *Kennis van die aand* (1973) en *'n Droë, wit seisoen* (1978).

Ferreira se siening van haar eie posisie en rol as skrywer word indirek aangedui in die volgende stelling met betrekking tot die sogenaamde Watervalberaad tussen

skrywers en die ANC in 1989: "'n Mens aanvaar dat mense wat deur Idasa na hierdie beraad genooi is, deur hul kreatiewe en kritiese werk reeds betekenisvolle aanduidings van hul demokratiese strewe gegee het" (1989:28). Volgens haar is dit ook te verwagte dat daar in 'n samelewing met soveel konflik en verskeurdheid meer gekonsentreer sal word op wat sy noem: "literatuur wat primêr handel met kritieke sake wat bedreig word deur 'n apartheidskultuur" (1989:29). Vir deelname aan die "omvorming van 'n oneffektiewe sisteem", is na haar mening die volgende eienskappe nodig: ingeligtheid, 'n sin vir regverdigheid, 'n begeerte na vrede en 'n bereidwilligheid om kragte saam te span. In daardie stadium (aan einde van Tagtig) is dit duidelik dat sy 'n keuse gemaak het vir deelname aan die demokratiseringprosesse in die land. Of sy hierdie posisie reeds so duidelik ingeneem het tydens die skryf van *Sitate om 'n rewolusie*, sou 'n mens kwalik kon sê indien die hoofkarakter se ambivalente, soms teenstrydige sieninge as riglyn gebruik sou word (vgl. 6.1.2).

In 'n onderhoud wat onlangs met Ferreira gevoer is, stel Kitching (1991:15) dit aan haar dat die "basiese tema" in haar werk "liefde en politiek"[7] is, waarop sy antwoord: "Ja, maar ek dink dit gaan vir my eerder om verhoudings." Hierby voeg sy: "En 'n mens se verhoudings is basies een soort verhouding, dieselfde problematiek, dieselfde toegeeflikheid, dieselfde onversetlikheid, wat hom in verskillende vorme manifesteer: liefde, politiek, religie, noem maar op." Wat sy hier sê, is by uitstek ook waar van *Sitate om 'n rewolusie* - 'n roman waarin die onvermoë om betekenisvolle, durende verhoudings aan te gaan 'n kerngegewe is. Ferreira se betrokkenheid by die sosio-politieke konteks waarin sy haar bevind, blyk uit die volgende stelling: "Ek dink ek skryf by implikasie seker oor dinge wat my in dié stadium nie wil verbygaan nie - onderdrukking, vernedering, wreedheid, chauvinisme (niks nuuts nie)" (1991:15). In hierdie eerste roman van haar, wat ses jaar tevore verskyn het, is al hierdie kontensieuse, en steeds relevante sake alreeds gedeeltelik onder woord gebring.

Sommige latere uitsprake van Ferreira kan op indirekte wyse in verband gebring word met *Sitate om 'n rewolusie*. In die volgende verwysing na die Afrikanervolk word verdeeldheid byvoorbeeld by implikasie gekoppel aan voortplanting en groei: "'n Verenigde maar seniele volk wat weier om te sterf of voort te plant, is immers

7 Blykbaar n.a.v. Kannemeyer (1988:371) se formulering, soos Ferreira self tereg opmerk!

hoogs onprogressief" (1989:29), waaruit afgelei kan word dat sy die teenoorgestelde toestand as die ideaal beskou. Wanneer Jeanne de Bruyn se onwilligheid om 'n keuse te maak gesien word in die lig van die volgende uitspraak, blyk dit dat Ferreira hier 'n insig verwoord wat dié karakter nie ten volle wou besef nie, naamlik dat "statiesheid, inskiklike aanvaarding, 'n keuse is" (1991:15). Die skrywer Jeanette Ferreira verklaar nou ronduit haar posisie ten opsigte van die onderdrukking, vernedering, wreedheid en chauvinisme waarna hierbo reeds verwys is: "En as jy goed is, dan sou jy ook kon wys hoe dit kan verander" (1991:15). 'n Geslaagde werk is ook een wat nie soseer handel oor die feit dat hierdie dinge voorkom nie, maar ook wil uitvind hoekom dit gebeur, "juis met alles anders in ag genome" (Ferreira aangehaal deur Kitching, 1991:15). Hieruit kan afgelei word dat Ferreira steeds bewus is van die veelkantigheid van die werklikheid, waarbinne mense in verskillende, soms uiters komplekse verhoudinge te staan kom. *Sitate om 'n rewolusie* is as makrotaalhandeling veral gebou op hierdie tematiek van verwikkelde menseverhoudinge, binne 'n nog meer verwikkelde sosio-politieke situasie.

In haar jongste werk, 'n kortverhaalbundel getiteld *Die mammies, die pappies, die hondjies, die katjies* (1990), is die keuses wat die skrywer maak veel meer opvallend. In hierdie teks word postmodernistiese procédé's op 'n progressiewe wyse ingespan[8]. Lombard (1990:21) beskryf Ferreira se posisie na aanleiding van hierdie werk onder meer soos volg: "Dit wil voorkom asof Ferreira haar indiwiduele skrywerskap wil aflê; asof sy eerliker as die meeste skrywers wil wees en wil erken en toegee dat enige skryfhandeling 'n kollektiewe daad is" (1990:21). Volgens Lombard wil Ferreira wegbeweeg van die gedagte van 'n bevoorregte posisie vir skrywers en sien sy haar eie werk as deel van 'n "people's culture"; sy wil ook as Afrikaanse skrywer deelneem aan die *struggle*, wat onder meer afgelei kan word uit die feit dat hierdie kortverhaalbundel opgedra is aan "alle Watervallers". Daar blyk egter ook in hierdie bundel iets van die "skisofreniese toestand van verset en verbondenheid" (Lombard, 1990:21), wat reeds in *Sitate om 'n rewolusie* gestalte gekry het in die Gemini-hoofkarakter se skisoïde ingesteldheid teenoor ander karakters sowel as teenoor die sosio-politieke situasie waarin sy haar in die sewentigerjare as jong dosent aan 'n swart universiteit bevind het.

8 Volgens Hambidge (1990:8) word die "holruggeryde argument dat 'n mens nié oor die 'struggle' in post-modernistiese terme kan skryf nie, ten slotte verkeerd bewys" met hierdie bundel.

Jeanette Ferreira se ontwikkeling gedurende die afgelope dekade, dit wil sê sedert die verskyning van haar digbundel *Waar een mens saam is* (1980) tot en met hierdie laaste bundel kortverhale, kan gesien word in die lig van die volgende uitspraak deur haar: "(...) ek het nie een of ander tyd besluit nou kom ek in opstand of so iets nie, dit is 'n langsame proses. Om agter te kom vasgelegde konsepte omtrent mense en toestande is nie noodwendig 'n onveranderbare werklikheid nie" (Kitching, 1991:15). Hiermee erken sy die mens se vermoë om sy eie ideologiese bepaaldheid te konfronteer en progressiewe verandering in die samelewing teweeg te bring. 'n Soortgelyke proses van geleidelike bewuswording en toenemende betrokkenheid as dié waarvan Ferreira self, sowel as haar skrywerskap getuig, is teenwoordig in *Sitate om 'n rewolusie* se hoofkarakter en ek-verteller, Jeanne de Bruyn, met dié verskil dat laasgenoemde volgens die verhaal ná tien jaar steeds nie bereid is om 'n definitiewe keuse te maak nie (vgl. p.10).

Die moed en oortuiging waarmee Ferreira tans steeds aan die demokratiseringsprosesse meewerk, het onlangs weer geblyk toe sy saam met Antjie Krog en een of twee ander skrywers by die Skrywersgilde se beraad gestem het teen die mosie vir die opheffing van die kulturele boikot, tot groot ontsteltenis van ander skrywers, literatore en die res van die belanghebbende establishment. By geleentheid sluit Ferreira 'n artikel af met hierdie ontroerende woorde van Athol Fugard: "We are here a short time. At the end of that short time all we have is the dignity that comes from courage and truth" (aangehaal in Ferreira, 1989:29). By hierdie leuse leef, werk en skryf sy reeds die afgelope dekade, en in toenemende mate. Ook tydens haar termyn as voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde het sy getoon dat sy die moed van haar oortuiging het om so eerlik as wat sy maar kan te streef na die waarheid, na regverdigheid en na vrede.

6.3.2 Werklike perlokusies: resensies en besprekings

Soos in die geval van die twee werke wat reeds bespreek is, wissel die reaksie op *Sitate om 'n rewolusie* van uiters positief tot totaal afwysend, maar met 'n beduidende oorwig aan die positiewe kant. André P. Brink, wat in dié tyd Ferreira se Ph. D.-studieleier was, se besonder lang resensie (hoewel reeds verkort deur die redakteur) gloei as't ware van trots en tevredenheid met sy student se "pragstuk van 'n novelle". Volgens hom het Ferreira iets "merkwaardigs" vermag deur die "versoening van die sensitiewe en die intellektuele, die politieke en die private"

(Brink, 1985:16) en word die teks ten slotte een van die rykstes wat hy lank in Afrikaans gelees het.

Dit is duidelik dat Brink aansluiting vind by die wyse waarop die politieke aktualiteit in Ferreira se werk aangebied word en dat hy die ideologiekritiese suggesties daarin realiseer, byvoorbeeld wanneer hy sy indruk weergee van wat gelei het tot Jeanne se mislukte verhoudinge met Hillary en Dawn: "In laaste instansie maak 'n apartheidsituasie self normale menslike verhoudinge onmoontlik" (Brink, 1985:16). Volgens sy interpretasie misluk die rewolusie by implikasie slegs op die oppervlak, en dui die slot eerder daarop dat "rewolusie" begin met dieselfde soort verdeling en verwildering wat die voorwaarde is van alle groei: die tweede wet van termodinamika is na Brink se mening hier ter sprake, naamlik dat natuurlike prosesse altyd beweeg in die rigting van toenemende wanorde. Die feit dat Brink (1985:16) duidelik *engagé*-perlokusies gerealiseer het by die lees van hierdie teks, blyk veral ook uit sy slotopmerking daaroor: "**Sitate om 'n rewolusie** is op stuk van sake iets baie besonders: (...) tegelyk 'n skerpsinnige en bewoë vroulike in-sig in die skokkende werklikhede van 'n gesplete land."

Ook Steenberg (1987:22 e.v.) slaan die roman besonder hoog aan. Aangesien hy hierdie teks as 'n 'rewolusieprosawerk' beskou en ondersoek, is dit duidelik dat hy die romangegewe rondom politieke aktualiteit as belangrik beskou vir die realisering van hierdie roman. Steenberg verwys byvoorbeeld na die feit dat rewolusie hier baie regstreeks gerepresenteer word in die woord, en dat Jeanne de Bruyn se ervaring van 'n kampusrewolusie vervleg raak met haar eie, persoonlike rewolusie teen aanvaarde norme en samelewingsinstellings (soos die huwelik). Die Goudzwaard-definisie van ideologie (vgl. 2.1.5) word spesifiek betrek op Dawn se verbandlegging tussen rewolusie-ideologie en godsdiens, waarin sy onder meer sê dat die studente se politiek hulle God is (vgl. ook 6.2.2 no.17). Ook die sitaat op die Students' Christian Movement se kennisgewingbord dui hierop: "NOTICE! Christ is the popular leader of a liberation movement!" (64). Dawn se siening dat alles verander moet word vir 'n rewolusie (65), word volgens Steenberg herken vir wat dit is wanneer sy haar soos volg daaroor uitspreek:

"Julle wil alles verenig met niks meer as 'n ideologie nie, en dis 'n foefie, Dawn, 'n windeier wat julle in elk geval uit Frelimo se nes gesteel het en nou hier wil kom uitbroei." (66)

Die gevolgtrekking wat Steenberg (1987:23) uit hierdie reaksie van Jeanne maak, lui só: "hiermee laat die outeur die karakter 'n standpunt inneem wat die leser trefseker oriënteer ten opsigte van die twispunt." Aangesien ek nie daarvan oortuig is dat die (geïmpliseerde) skrywer Jeanne de Bruyn se eie ideologiese posisie (steeds binne die hegemonie) bo verdenking wil plaas in die roman nie, het ek bedenkinge daaroor of so 'n afleiding gemaak kan word. Na my mening stel Jeanne gereeld die tipiese *status quo*-standpunt wanneer sy met Dawn in gesprek is, en 'n toenemende progressiewe standpunt wanneer sy vir Hillary konfronteer. In die lig hiervan slaag Jeanne se uitspraak oor die rewolusie nie daarin om my as leser "trefseker" te oriënteer nie, omdat dit nie vir my na haar eie, 'eerlike' opinie klink nie! Sy tree moontlik hier op as woordvoerder vir haar groep, op soortgelyke ideologiese wyse as waarvan sy Dawn verdink het: "Haar eie insigte? Netshifhefhe se beeldspraak of manifestaal?" (66).

Steenberg se interpretasie van die *engagé*-illokusies in die roman, bring insigte aan die lig wat betekenisvol is vir 'n ideologiekritiese ondersoek. Hy wys byvoorbeeld daarop dat die "gemeensaamheid" (68) en toegeneentheid tussen wit en swart vrou - wat selfs die krisis van politieke verskille oorleef - "nuut en positief" is, en vervolg: "Hiermee word 'n dimensie in swart-wit-verhouding oopgeslaan wat dusver skaars in die Afrikaanse prosa aanwesig was - verruimend na die verhewigde seksualiteit in die werk van Brink (...)" (Steenberg, 1987:25). Van Jeanne se poging om haar lewe "agter die berg" in haar verbeelding met die kampuslewe te versoen, deur vir Lassie in haar kantoor voor te stel[9], lei Steenberg (1987:26) af dat die feodale verhouding en apartheidsituasie van die leser (sommige lesers?) se verwagtingshorison deurbreek word ten gunste van die oopheid van 'n vrye verhouding tussen twee vroue uit twee kulture wat met mekaar in aanraking kom. Na sy mening word hier 'n grens in gerepresenteerde menseverhoudinge oorgesteek in 'n Afrikaanse prosawerk wat 'n kulturele waterskeiding vir die Afrikaner word (Steenberg, 1987:26). Hoe hoog Steenberg (1987:26) die werk aanslaan op veral estetiese gronde, blyk uit menings soos die volgende: "Egtheid en sensitiwiteit en identifiseerbaarheid soos in geen rewolusieprosawerk voorheen in Afrikaans nie."

---

9 'n Soortgelyke ervaring as wat die verteller in John Miles (1970) se verhaal "Voorgevoel" gehad het, word hier verwoord - MAR.

Ook Roodt (1985:10) is besonder beïndruk deur hierdie "ryk en boeiende teks", waarin verskeie kodes ontgin en geïntegreer is om "as geheel 'n boeiende en meevoerende problematiek" te vorm. Pieterse (1985:6) meen dat die titel 'n aanduiding gee van die moontlike betrokke aard van die werk, en dat dit inderdaad ook tot 'n sekere mate aansluit by die sogenaamde "betrokke literatuur", ook vanweë die feit dat die broeiende onrus aan swart universiteite in daardie stadium steeds besonder relevant was. Hierteenoor meen Riana Botha (1985:4) uitdruklik dat *Sitate om 'n rewolusie* nie versetliteratuur is nie, juis vanweë die tweeledige interpretasie van die titel wat reeds suggereer wat in die teks gerealiseer word: "Die titel het enersyds 'n periferiese konnotasie, naamlik dat dit gaan om sitate rondom die rewolusiegegewe, en andersyds 'n neutrale konnotasie in die sin van 'n objektiewe verslaggewing" (Botha, 1985:4). Ten slotte oordeel Botha (1985:4) dat Ferreira dit met hierdie roman reggekry het "om eietydse en kontroversiële stof te verwerk tot 'n uiters geslaagde roman."

Blykbaar is dit onder meer teen hierdie algemeen aanvaarde 'geslaagdheid' van Ferreira se roman dat L.I. Bertyn[10] (1985:2) beswaar aanteken: "Ferreira se boek is netjies geskryf, maar sonder allure of tekstuur. Dit word wat baie Afrikaanse boeke nog altyd is: 'n Verjaarsdagkoek, iets besonders." Die verwysing na "iets besonders" is waarskynlik 'n sydelingse aanmerking in die rigting van Brink (1985:16) se resensie (wat vroeër in hierdie afdeling reeds aangehaal is) waarin Ferreira se boek "iets baie besonders" genoem word.

Volgens hierdie rubriekskrywer het hy by die lees van *Sitate om 'n rewolusie* gedink: "betrokke literatuur", en skielik besef dat dit geen kompliment is nie. Die strewe om *engagée* te wees, het volgens hom in die sewentigerjare in die studeerkamer ontstaan; "dit was 'n paaiement op 'n oortrokke politieke rekening, 'n nooduitgang uit die eksperimentele grammadoelas van Sestig" (L.I. Bertyn, 1985:2). In Ferreira se werk is dit dan na sy mening ook so dat die rewolusie self anekdoties op die agtergrond bly en oordonder word deur die hoofkarakter se persoonlike belewenisse (soos die geval in *Om te awol* ook was - MAR). Die volgende stukkie kritiek wil ek graag volledig aanhaal ter wille van die fyn waarneming en unieke invalshoek (vir 1985) waarvan dit getuig:

---

10 Hierdie hekelrubriek oor die Afrikaanse letterkunde, oftewel 'Lekkerkunde', is na die beste van my wete meestal behartig deur Gerrit Olivier.

"Daar is iets grootogigs aan die hoofkarakter se vriendskap met 'n swart vrou. Asof sy trots is daarop, asof so iets nog nie vanselfsprekend geword het nie. Só word 'n boek deel van die Afrikaanse letterkunde waarvan dit vir dekades nog deel sal bly." (L.I. Bertyn, 1985:2)

Met die laaste gedeelte van sy opmerking word daar na my mening geïmpliseer dat hierdie boek so netjies inpas binne die verwagtingshorison vir "betrokke literatuur" ('n begrip wat volgens hom na formalien ruik), dat dit met daardie etiket om die groottoon begrawe kan word tussen ander boeke wat tot die Afrikaanse Letterkunde (met 'n hoofletter) behoort. Die moontlikheid dat dit ooit 'n betekenisvolle rol sal speel in die gemeenskap, of dat dit opgeneem sal word binne die wyer dampkring van die Suid-Afrikaanse letterkunde, word hiermee by voorbaat uitgesluit. Ten slotte sê die rubriekskrywer dat hierdie roman pretensieus klink, wat hy deels daaraan wyt dat belangrike werke[11] in die sewentigerjare verbied is, sodat die natuurlike ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde gekortwiek is (om 'n term uit die roman te gebruik).

Die gesprekke tussen karakters wat oor die politiek handel, oortuig nie al die resensente nie. Pieterse (1985:6) meen dat die gesprekke irriteer omdat dit dikwels te lank (en bekend) is; L.I. Bertyn (1985:2) stel dit meer eksplisiet as hy sê dat die woorde miskien uit Brink-romans kom. Ook Kannemeyer (1988:371) merk taamlik onvriendelik, maar diskreet op dat Ferreira Brink as haar "literêre voorloper" gehad het wat verskeie aspekte van die werk betref. Unterslak (1985:47) se kritiek teen hierdie "promising debut" is dat dit soms "pretentious in its language and somewhat over-written" is, laasgenoemde byvoorbeeld wat die gebruik van die simbool van die Gemini betref. By 'n kritiese herlees van gedeeltes van die roman, vind ek dit moeilik om nie met al hierdie punte van kritiek saam te stem nie, náás al die positiewe aspekte waarop daar ook gewys kan word. Dit blyk weer eens dat ook kundige lesers (resensente en ander literatore) uiteenlopende standpunte kan huldig oor 'n literêre werk, afhangende van die posisie wat ingeneem word; dieselfde geld van my eie ambivalente gevoelens oor *Sitate om 'n rewolusie.*

---

11 Hier word in die besonder verwys na Welma Odendaal se *Keerkring*, wat later met dié kaartjie van die patoloog om die groottoon (oftewel op die flapteks) op die rak beland het: Literatuur van geweld.

### 6.3.3 Gevolgtrekkings

Dat daar *engagé*-illokusies in *Sitate om 'n rewolusie* teenwoordig is, ten spyte van die hoofkarakter se aandrang daarop dat sy haar eie 'storie' vertel, het uit die meso- en mikrovlakontledings (vgl. **6.1** en **6.2**) geblyk. Ook Jeanette Ferreira se uitsprake oor haar eie rol as 'n skrywer wat nie anders kan nie as om te skryf oor "onderdrukking, vernedering, wreedheid, chauvinisme" (vgl. 6.3.1), dui daarop dat die leser ideologiekritiese illokusies, gerig op die verandering van die sosio-politieke werklikheid in Suid-Afrika, te wagte kan wees. Die twee literatore wat die duidelikste blyke gee daarvan dat hulle hierdie illokusies gerealiseer het, is Brink en Steenberg. Eersgenoemde kom tot die slotsom dat die leser hier te doen het met die "bewoë in-sig" van 'n vrou in die skokkende werklikhede van 'n gesplete land; dit blyk ook duidelik uit sy resensie dat hy van sy eie strewes as skrywer herken in Ferreira se teks. Steenberg dui aan dat die bedoelde perlokusies werklike perlokusie geword het deurdat hy onder meer melding maak van die "egtheid, sensitiwiteit en identifiseerbaarheid" van hierdie "rewolusieprosawerk". Die eksplisiete verwysings wat hy maak aangaande die neerslag van ideologie in hierdie roman, het veral betrekking op die rewolusie-ideologie wat Dawn in die terme van Swart Bewussyn verwoord.

Pieterse meen dat die werk wel aansluit by "betrokke literatuur", soos aangedui deur die titel, maar dat die hoofkarakter in werklikheid 'n buitestaander is wat meestal onbewus bly van die politiek. Volgens Botha kan Sitate om 'n rewolusie nie as 'versetliteratuur' beskou word nie, aangesien die titel alreeds volgens haar die periferiese (rondom) en neutrale (objektiewe verslaggewing) aard van die roman aandui. Laasgenoemde stelling lyk egter nie vir my geregverdig nie, veral in die lig van die verteller se eie woorde: "Natuurlik kan ek nie waarborg dat ek objektief sal vertel nie" (12). In Roodt se resensie kom slegs estetiese, strukturele oorwegings aan bod, en Kannemeyer verwys in sy kort opmerking slegs na die verhouding tussen Jeanne en Hillary, asof dié tussen haar en Dawn nie presies dieselfde gewig (of selfs meer) dra in die verhaal nie. Die verhaal handel na sy mening oor "die verhouding tussen die vertellende ek en 'n getroude joernalis, maar met terugflitse en revokasies van haar jeug" (Kannemeyer, 1988:371). Soos in die geval van Van Heerden se roman (vgl. 5.3.3), wil dit weer eens vir my voorkom asof Kannemeyer nie erkenning wil gee aan die teks se *engagé*-illokusies, soos veral verwoord binne die swart-wit-verhouding tussen Jeanne en Dawn, nie.

Die mening wat die skaal na die negatiewe kant wil laat kantel, is dié van L.I. Bertyn. Hoewel hy die werk onomwonde as "betrokke literatuur" beskryf, kry hierdie etiket duidelike negatiewe konnotasies omdat dit "pretensieus", "grootogig" en "goedbedoeld, maar vervelig" is. Deurdat die roman te netjies wil inpas in die verwagtingspatroon vir "betrokke literatuur", en 'n te duidelike poging aanwend om "iets besonders" te wees, word dit bloot deel van die Afrikaanse letterkunde, vanwaar dit (by implikasie) 'n geykte en beperkte ideologiese rolletjie moet vervul. Dit is veral die gesprekke tussen karakters wat oor die politiek handel, wat hierdie leser nie oortuig nie en hom verveel; ook Pieterse vind die gesprekke irriterend lank en die argumente wat gebruik word reeds oorbekend. L.I. Bertyn (1985:2) se mening omtrent etikette soos "betrokke" of "grens"-literatuur, is dat die skrywer hom uit so 'n kategorie moet uitskryf, "weg uit die akademiese verwagtinshorison wat aan hom én die leser opgedwing word uit luiheid en beheptheid met rubrisering." Na sy mening het Ferreira kennelik nie hierin geslaag nie.

Ook uit die ontvangs en resepsieverslae van hierdie roman blyk dit dat daar binne dieselfde tyd en konteks wyd uiteenlopende menings onder 'kundige' lesers van 'n literêre teks kan voorkom. Die posisie wat 'n resensent byvoorbeeld inneem teenoor die teks (en sy skrywer?), sowel as teenoor die sosio-politieke, kulturele en literêre kontekste waarbinne die teks as makrotaalhandeling geproduseer word, is van beslissende belang by die interpretasie en beoordeling van elke indiwiduele literêre teks (soos ook in die geval van ander taalhandelinge). Wat estetiese aspekte betref, is daar by sekere ontvangers van die teks ongeveer eenstemmigheid. Tog meen Unterslak byvoorbeeld dat sommige van die kodes en simboliek "overused" is, terwyl ander resensente die teks as byna onverbeterlik geïntegreer en "fynversorg" beskou; wat vir die een "feitlik waterdigte outentisiteit" is, is vir die ander pretensieus, vervelig en soms irriterend. Dit is egter veral wat die realisering van die teks se *engagé*-illokusies betref, dat die uiteenlopende, hoofsaaklik sosiaal-bepaalde posisies van die onderskeie lesers die duidelikste waarneembaar word.

**6.4 Ideologiese implikasies van die taalhandelinge in** ***Sitate om 'n rewolusie***

Omdat die hoofkarakter haarself nadruklik bekendstel as iemand wat meer as ander mense bewus is van die dualiteit van die menslike situasie, behoort dit die leser nie te verbaas dat die ideologiese implikasies van die teks as makrotaalhandeling ook

vol dualismes, teenstrydighede en ambivalensie is nie. Dit is daarom feitlik onmoontlik om 'n enkelvoudige, konsekwente afleiding hieroor te maak, en die enkele gedagtes wat vervolgens uitgespreek word, moet in hierdie lig beoordeel word, te meer nog omdat my eie indrukke oor die roman ook verskeie ambivalensies bevat!

Geïmpliseerde illokusies van die skrywer oor haar skrywerskap kom voor waar die verteller verwys na die graffito-kunstenaar, wat sy 'storie' dapper teen die muur verf (solank niemand hom sien nie!) en só sy "spesiale en uiters belangrike bydrae (maak) tot die rewolusie wat nou al te lank talm" (9). Dit is moeilik om hieruit af te lei of die skrywer se rol as kunstenaar ook hier geïmpliseer word, en of die verteller sarkasties is. Die feit dat die spreuk op die muur so gou weer doodgeverf is, impliseer moontlik dat die literêre kunstenaar se bydrae tot die stryd so vervlietend soos dié van die graffito-kunstenaar is: "Sjwiep-sjwap, dis wat hy dink van die noukeurige denker se goedbeplande storie" (9). Hierdie stelling kan selfs gelees word as 'n toespeling op haar eie storie (roman) wat net so maklik uitgewis sou kon word, en dit is inderdaad so dat hierdie boek van Ferreira in 1990 reeds uit druk was en tans moeilik in die handel bekombaar is. Ook die wit skrywer se onvermoë om die volle Suid-Afrikaanse werklikheid te verreken, omdat hy die swartman se ervaringswêreld nie ken nie, word erken en verduidelik (59-61). Die feit dat die swartman, wat sy eie verhaal moet vertel, nie die geleentheid daartoe het nie (61), dui indirek op die wyse waarop die nie-hegemoniese groep se stem onderdruk word ter wille van die voortbestaan van die heersende ideologie.

Die wyse waarop die historiese werklikheid in die roman gerepresenteer word, dui 'n gerigtheid op aktualiteit aan, hoewel die verteller ekplisiet aandui dat die persoonlike (haar eie storie) voorop staan. Sodoende word die indruk geskep dat die leser nie *engagé*-verwagtinge omtrent die verhaal moet koester waaraan moontlik nie voldoen kan word nie. Ook die literêre verwagtinge van die leser word ondergrawe deurdat die verteller haar "storie" uit wans uit as "triviaalliteratuur" (11) beskryf. Desnieteenstaande is die roman sodanig gestruktureer dat dit duidelik 'literêr', en esteties besonder bevredigend is. Ook dring die sosio-politieke werklikheid die verteller se leefruimte algaande op 'n dwingende wyse binne en neem haar betrokkenheid toe, tot op dié punt waar sy vir Hillary verloor as gevolg hiervan.

Voordat sy haar verhaal begin vertel, waarsku die verteller die leser indirek dat sy nie gaan probeer om die swart studente se verhaal ook te vertel nie. Sy meen dat hulle haar sou gehaat het indien sy haar storie langs hulle s'n op die vuil muur sou probeer skryf het: "Verbeel jou, my onbetrokke wit hand daar, saam met hulle s'n, en mý storie, so gewoon teen die groot en belangrike ding waarmee hulle so ernstig besig was, hulle rewolusie en hulle opposisie en alles" (11). Wanneer sy na die rewolusie verwys as "die groot en belangrike ding", is dit moeilik om te bepaal of hier spreker-ironie aangewend word om die verteller se afwysing van die rewolusie te suggereer en of sy dit inderdaad so sien. Die hoofkarakter se houding teenoor die politieke situasie waarin sy haar bevind, kan moontlik as besonder eerlik beskou word (die ideaal wat sy self stel vir haar storie - p.12), aangesien sy deurgaans erken dat sy haar nie aktief met die bevrydingstryd bemoei het nie, maar ter versagting tog aandui dat sy werklik vir Dawn 'n vriendin wou wees.[12] Alhoewel haar storie "niks met spyt te make" het nie (11), is sy opreg wanneer sy vir Dawn sê: Ek is jammer (31, 39). Jeanne kritiseer wel vir Dawn oor haar "ideologie" wat 'n "foefie" is, maar sy spreek haar ook sterk uit teen apartheid waardeur mense van kleins af gedwing word om apart te leef sodat hulle mekaar nooit kan begryp en aanvaar nie (76).

Dit is duidelik dat die hoofkarakter haar distansieer van die oppervlakkige en valse morele en godsdienstige waardes van dié soort Afrikanergemeenskap wat sy leer ken het tydens haar kinderjare en onder die personeellede van die swart universiteit. Ook met die soort Afrikaner wat Hillary is, wil sy nie geassosieer wees nie. Tog verklaar sy uitdruklik: Ek hoort ook in Afrika! (72). Die spreker se liefde vir die land is opvallend: inheemse woorde sowel as die plante, bome en berge van die omgewing is intiem bekend aan haar; wanneer die studente vryheidsliedere en *Nkosi sikelel' iAfrika* (62, 59) sing, ontroer hulle stemme haar, hoewel sy dit ook as "bedrieglik bekoorlik" (62) beskryf - weer eens 'n aanduiding van haar ambivalente gevoelens oor die land en sy (inheemse) mense. Die vrees wat die blanke in Afrika ervaar, word nie ontken nie, ook nie haar eie vrees wat by geleentheid "soos die eerste gewaagde klippe van 'n opstand" teen haar slape gedreun het nie (22). Daar word vertel van onreg en onderdrukking, van polisiewreedheid teenoor swartmense en moord (tydens aanhouding) - dit alles ontstel vir Jeanne (30-31) en skok haar

12 Na my mening is dit inderdaad soms meer betekenisvol om te kan sê dat jy vir 'n spesifieke mens daadwerklik omgegee het, as om te meen dat jy 'n bydrae gelewer het deur bloot politieke uitsprake te maak.

selfs tot herkenning, hoewel sy persoonlike skuld ontken. Die dilemma van die indiwiduele wit persoon, wat mettertyd begin kennis dra het van al hierdie dinge, maar nie weet wat om met die kollektiewe skuldlas te maak nie, word hierin verwoord.

Na my mening is die bedoelde perlokusie van *Sitate om 'n rewolusie* hoofsaaklik dat die leser onder die besef moet kom dat die werklikheid vol dualismes en teenstrydighede is, en dat elke saak, ook die sosio-politieke vraagstukke van Suid-Afrika, meer as een kant het wat in berekening gebring moet word wanneer keuses gemaak word. Waaroor daar egter nie twyfel is nie, is dat apartheid in hierdie land mense van mekaar vervreem het, sodat menseverhoudinge in so 'n mate gekompliseer en gekortwiek word, dat die hoofkarakter dit onmoontlik vind om 'n blywende relasie met iemand aan te gaan. By nabetragting besef sy (en hopelik ook die leser), dat daar aktief uitgereik sal moet word om hierdie grense en klowe te oorbrug. Die een mens kan die ander nie leer ken en verstaan deur bloot afstandelik en 'objektief' waar te neem nie, word geïmpliseer, en daarom is die volgende taalhandeling van die verteller-hoofkarakter dié een wat die sterkste perlokusie-effek op my as leser het: "Ek begryp nou: om te kyk is nie genoeg nie" (8). Na my mening pleit die skrywer met hierdie illokusie indirek by die leser om meer aktief uit te reik as wat die hoofkarakter in hierdie verhaal bereid was om te doen. By herhaling word daar gesê dat die land groot is en dat daar baie mense is. Vanuit hierdie gegewe kan twee uiteenlopende weë ingeslaan word: òf die land kan omskep word in 'n swart-en-wit-skaakbord waarop die konflik onbepaald voortduur, òf daar kan kompromieë aangegaan word sodat 'n sinvolle saambestaan moontlik sal wees. By die gedagte van kompromieë, wat juis deur die swartvrou Dawn uitgespreek word, sluit ook die suggesties rondom verdeeldheid en verdeling as 'n teken van groei en vrugbare denke aan. Hierdie illokusies styg na my mening uit bo die persoonlike, indiwiduele verhaal van liefde en leed wat in *Sitate om 'n rewolusie* vertel word.

### 6.5 *Sitate om 'n rewolusie* as sosiaal-simboliese handeling

Die dualiteit en kompleksiteit van die menslike situasie, wat deur die Gemini-aard van die hoofkarakter van hierdie roman geïmpliseer word, bepaal ook die dubbele, byna skisoïde rol wat die teks vervul as sosiaal-simboliese taalhandeling binne die Suid-Afrikaanse diskoers. Omdat Jeanne de Bruyn, net soos die hoofkarakter in *Om*

*te awol*, sodanig bewus is van die tweeledigheid van byna elke aspek van die sosio-politieke werklikheid in Suid-Afrika, maak sy ten slotte nie 'n duidelike keuse tussen die *struggle* en die *status quo* nie, maar voeg haar eie 'storie' by hierdie twee posisies. Uit haar posisie alleen kan die leser dus nie die roman se uiteindelike rol vasstel nie. Die teks moet egter sover moontlik in sy geheel bekyk word om te bepaal of dit 'n oorwegend progressiewe of konserwatiewe rol vervul binne die eietydse literêre, kulturele en sosio-politieke konteks.

Die taalhandelinge en houding van die hoofkarakter, as die deiktiese sentrum van die verhaal, kan 'n sleutel bied tot die oorkoepende illokusie, veral in 'n geval soos hierdie waar daar enkele aanduidings van outobiografiese verbande voorkom. Tog word die status en perspektief van die verteller na my mening nie bo verdenking geplaas nie; as behorende tot die bevoorregte groep, kan sy haar nooit werklik vereenselwig met die onderdruktes nie: "Jy sal nooit weet hóé swárt is nie", sê Dawn vir haar (58). Omdat die nie-hegemoniese groep se standpunt dikwels en duidelik gestel word by monde van Dawn Mokgatla, blyk dit vroeg in die verhaal reeds dat daar méér vertel word as die blote "(h)erhaalbare liefdesverhaal" (11) waarvoor die verteller in die begin die leser se aandag gevra het. Dit lyk byna asof hierdie uitspraak van die verteller as 'n rookskerm aangewend word, met daaragter 'n poging van die skrywer self om sin te maak uit 'n situasie wat vir haar onbegryplik is (vgl. 6.3.1). Die boodskap wat die (geïmpliseerde) skrywer uiteindelik oordra, is veel sterker op die sosio-politieke aktualiteit afgestem as wat die verteller aanvanklik wil toegee.

Moontlik is dit te wyte aan die dualiteit in die teks self, dat dit besonder moeilik is om te bepaal watter storie uiteindelik oorheers, die persoonlike verhaal van onsuksesvolle verhoudinge of die politieke verhaal oor 'n mislukte rewolusie. Enkele kere is daar aanduidings dat laasgenoemde as belangriker beskou word, byvoorbeeld waar Hillary de Wit erken dat hy en Jeanne so besig was om oor hulle eie probleme te redekawel, dat hulle skoon vergeet het hulle woon in 'n land met veel groter probleme (74). Jeanne self beskryf haar storie as "so gewoon teen die groot en belangrike ding waarmee hulle so ernstig besig was" (11), maar klink effens sarkasties as sy dit sê. Miskien berus die besluit oor watter storie die 'belangrikste' is grootliks by die indiwiduele, konkrete leser, wat met sy/haar besondere verwagtingshorison en ingesteldheid deelneem aan die literêre kommunikasieproses. Uit die resepsieverslae het dit inderdaad geblyk dat 'kundige'

menings oor die teks kan wissel van 'uiters geslaagde betrokke teks', tot 'beslis nie versetliteratuur nie', of selfs 'betrokke literatuur wat klaaglik misluk het' - afhangende van wie die ontvanger van die teks is.

Die ontleding van *Sitate om 'n rewolusie* het onder meer die volgende aan die lig gebring met betrekking tot die sosiaal-simboliese aard daarvan. Op die mesovlak het dit geblyk dat die historiese tyd en die sosio-politieke ruimte besonder outentiek ingeklee is, wat dui op *engagé*-illokusies en op 'n poging om die leser by die gebeure te betrek. Wat die karakterisering betref, dui die verteller se houding daarop dat daar toenemend voorkeur gegee word aan Dawn. Teen die einde van die verhaal is dit duidelik dat 'n keuse gemaak is vír haar, rewolusionêre aktiwiteite ten spyt, en téén Hillary met sy *status quo*-lewensuitkyk (hoewel hy in 'n sekere sin saam met Jeanne betrokke is in 'n 'rewolusie' teen die huwelik as sosiale instelling). Hierdie voorkeur vir die vriendskap met 'n swart karakter word ondersteun deur die feit dat stereotipering van blankes meer algemeen voorkom en soms besonder kru is, veral waar rassisme ter sprake is.

'n Groot deel van die geslaagdheid van die roman as estetiese struktuur, is volgens verskeie resipiënte geleë in die wyse waarop 'n verskeidenheid kodesisteme suksesvol geïntegreer is. Veral die Gemini-simboliek, en die dualiteitsbesef wat daarmee gepaard gaan, is 'n kerngegewe wat tot in die vesels van die roman deurgewerk is: tweeledigheid, opposisie en konflik lê onder meer tussen swart en wit; man en vrou; die persoonlike (liefde en vriendskap) en die kollektiewe (politiek en rewolusie). Die verdeling tussen regressief/konserwatief en progressief/liberaal kom eweneens by die leser op wanneer 'n poging aangewend word om die posisie van die roman as oorwegend ideologies of ideologiekrities te bepaal. Na my mening berus die keuse by die leser, afhangende dus van die illokusies wat hy/sy verkies om te realiseer, en van sy/haar indiwiduele (wat my as leser betref beslis ook wisselende) perlokutiewe reaksie daarop.

Die ontleding op die mikrovlak het aan die lig gebring dat verteenwoordigers van standpunte van heel regs tot heel links aan die woord gestel word. Beide die *status quo*-kant en die rewolusionêre groep stel hulle standpunt, en dit blyk dat beide partye soms skuldig is aan ideologiese verdraaiing van die werklikheid. Volgens my lesing van die roman lê die oorwig van die geïmpliseerde skrywer se simpatie by die meer progressiewe standpunte. Besonder baie spreekbeurte word toegestaan aan

Dawn as verteenwoordiger van die onderdruktes. By geleentheid word hierdie standpunt egter gevoer tot by die punt waar dit as 'n 'volgroeide' ideologie getipeer kan word, hoewel dit binne die konteks waarin dit gestel word steeds op die leser se begrip aanspraak kan maak (volgens my siening). Hierteenoor word die rassistiese en *status quo*-sieninge van blankes na my mening in 'n meer ironiese, negatiewe lig gestel. As verteller neem Jeanne self wisselende posisies in: teenoor Dawn klink sy dikwels konserwatief, en in Hillary se geselskap word haar menings toenemend progressief. As dosent in Literatuurwetenskap blyk dit dat sy haar voorheen reeds uitgespreek het ten gunste van die neo-Marxistiese siening van die literêre teks as 'n reaksie op die maatskaplike konteks. Hierin kan die (geïmpliseerde) skrywer se siening na my mening afgelees word. Dieselfde geld vir die hoofkarakter se erkenning dat die wit skrywer nie die volle Suid-Afrikaanse konteks kan verreken nie, en die gepaardgaande besef dat die swartman, wat veronderstel is om sy eie verhaal te vertel, dit moeilik vind om te publiseer. Hieruit kan die leser die (ideologiekritiese) siening aflei dat die persoon in 'n nie-hegemoniese posisie se stem op verskeie wyses onderdruk en beperk word, veral wanneer die heersende orde daardeur bedreig kan word.

Jeanette Ferreira, die konkrete skrywer van dié roman, het dit onlangs onomwonde gestel dat sy by implikasie skryf oor dinge wat haar in hierdie stadium nie wil verbygaan nie - onderdrukking, vernedering, wreedheid, chauvinisme. In *Sitate om 'n rewolusie* het al hierdie vorme van magsmisbruik, wat veral ook inherent deel is van die apartheidsbestel, reeds aan die orde gekom, hoewel nie so prominent soos in haar latere kortverhaalbundel nie. Dit is tans ook vir haar duidelik dat inskiklike aanvaarding van dinge wat oënskynlik onveranderbaar is, wel 'n keuse is, 'n insig waarvan die hoofkarakter in die roman nie veel blyke gee nie - na tien jaar is sy steeds nie bereid om 'n keuse te maak nie, maar verkies sy om haar eie storie by die ander te voeg. Dit kom ook voor asof die teks te bewustelik 'betrokke' wil wees, hoewel dit op die oog af nie as sodanig aangebied word nie. Volgens een van die resipiënte, met wie ek in 'n mate saamstem, voldoen die werk te netjies aan die *engagé*-verwagtinge wat deur die titel gewek word, veral sover dit die 'politieke' gesprekke tussen karakters aangaan. Die resepsieverslae toon dan ook dat sommige resensente so beïndruk is deur die strukturele voortreflikhede van die roman, dat die *engagé*-aard daarvan hulle skaars getref het (vgl. bv. Roodt en Botha). Ander verslae toon weer dat *engagé*-perlokusies wel gerealiseer is, in noue samehang daarmee dat hierdie resipiënte ook die roman as esteties bevredigend beskou.

Die tweeledige rol wat hierdie roman as diskoers in 'n verskeurde samelewing wil speel, stem ooreen met Jameson se siening van verhalende tekste as tegelyk utopies en ideologies van aard (vgl. 2.3.4). Hierdie dubbele posisie is veral kenmerkend van 'n roman wat binne 'n onderdrukkende samelewing en vanuit die hegemoniese groep geproduseer is. Dit geld veral in tye waarin daar 'n sterk besef is van die *interregnum*, soos dit byvoorbeeld ervaar sou wees tydens 'n dreigende rewolusie in die mikrokosmos van 'n afgeleë swart universiteit, maar ook in die breër konteks van Suid-Afrika. Omdat die uitgediende bestel tydens die *interregnum* duidelik aan die verbygaan is, maar die nuwe nog nie 'n herkenbare, aanvaarbare vorm aangeneem het nie, ondervind veral die persoon wat hom/haar in die bevoorregte posisie bevind 'n onvermoë om 'n keuse te maak tussen die *struggle* en die *status quo*, oftewel tussen sy/haar gewete of sin vir regverdigheid, en sy/haar eie belange wat so goed gedien word deur die heersende orde!

Na analogie van Dawn Mokgatla se woorde aan Jeanne oor die deurslaggewende keuse wat elke Suid-Afrikaner moet maak (vgl. p.65), vra die leser ten slotte die vraag: Is die roman wesenlik deel van die probleem of maak dit 'n deel uit van een of ander oplossing? Jameson se siening dui tereg aan dat beide gewoonlik die geval is, te meer nog wanneer die teks self aandui dat tweeledigheid in die wesensaard daarvan vervat is. Watter siening van die teks vir 'n indiwiduele leser die geldigste sal wees, word grootliks bepaal deur daardie leser se eie posisie en verwagtingshorison. Die leser se ingesteldheid bepaal ook die uiteindelike perlokusie-effek wat die teks as makrotaalhandeling op hom/haar sal hê.

Die tweeledigheid van hierdie roman lê na my mening veral in die volgende: Enersyds is daar in die verhaal progressiewe elemente wat aantoon hoe die toestand van onderdrukking, vernedering, wreedheid, chauvinisme en vervreemding kan verander, veral omdat die vriendskap tussen Dawn en Jeanne aandui dat intermenslike verhoudinge tussen wit en swart op gelyke voet moontlik, verrykend en selfs wenslik is. Tog word daar, aan die konserwatiewe kant, gesuggereer dat hierdie vriendskap gedoem is en dat dit gekortwiek word deur die swart persoon se onwilligheid om te kommunikeer. 'n Ander moontlikheid wat geïmpliseer word, is dat die grens nie werklik oorgesteek kan word nie, omdat die wit persoon lede van die ander groep net afstandelik wil waarneem, en nie regtig bereid is om uit te reik en hulle aan te raak nie. Hierop moet die leser self 'n antwoord vind, soos ook op

die volgende vrae: Ideologiese interpellasie van beide swart en wit word aan die kaak gestel, maar is daar enige aanduiding dat dit regtig oorkom kan word? In die slot van die verhaal dui die rewolusiepoging indirek op verdeling en groei, maar waarom lyk dit asof die mislukking daarvan juis positief is? Liberaal en konserwatief word ook in die posisie wat die hoofkarakter inneem, nie alte duidelik onderskei nie - wat is die finale illokusie oor hierdie kwessie? Die gebrek aan antwoorde is kenmerkend van 'n literêre teks wat die teenstrydighede van sy eie bestaan nie kan/wil ontkom of oorstyg nie. Dit is ook kenmerkend van 'n postmoderne teks, waarin betekenis al die deelnemers aan die literêre kommunikasieproses voortdurend bly ontwyk (vgl. ook die wyse waarop *Die laaste Sondag* en *Om te awol* eindig, naamlik sonder om 'n slotsom te bereik).

Onopgeloste teenstrydighede, sê Marxiste en ander ideologiekritici, dui op repressiewe samelewingstrukture. *Sitate om 'n rewolusie* dui aan dat dit in die Suid-Afrikaanse situasie veral normale menseverhoudinge is wat onmoontlik gemaak word deur die apartheidsisteem, in hierdie verhaal sowel tussen Jeanne en Dawn (vanweë apartheid) as tussen Jeanne en Hillary (omdat hulle verskillend dink oor die apartheidsideologie). Al die onreg rondom hierdie onderdrukkende strukture word egter terselfdertyd steeds effektief in die kollektiewe onbewuste van die gemeenskap gerepresseer. Hierdie roman is daarom binne hierdie konteks enersyds net 'n denkbeeldige oplossing vir die reële probleme wat ervaar word; dit hou onder meer die heersende ideologie in stand deur stereotipes te bevestig, byvoorbeeld rakende die swart-wit-opposisie (vgl. die weglating uit die Cirlot-aanhaling, behandel onder 6.1.5); verhoudinge word gekortwiek, blykbaar veral vanweë swartmense se onwilligheid om te kommunikeer; die totale omwenteling waarna die onderdruktes smag, loop uit op 'n mislukte klein studente-opstandjie. Resepsieverslae toon onder meer dat die pynlike, werklike kontradiksies binne die Suid-Afrikaanse maatskappy hier verwerk is tot 'n "uiters geslaagde roman". Die illusie van 'n oplossing bestaan daarom hoofsaaklik in die strukturele samehang van 'n "fynversorgde", "geïntegreerde" (let wel!) roman.

*Sitate om 'n rewolusie* is egter andersyds ook méér as net 'n denkbeeldige oplossing vir die werklike teenstrydighede in ons samelewing; dit is inderdaad ook 'n reële handeling, en gevolglik word dit medeskepper van die Suid-Afrikaanse werklikheid. As onmiskenbare deel van die diskoers in die land, skep dit 'n wêreld waarin normale verhoudinge oor die kleurgrens heen moontlik is. Dit wys die ideologie van

die hegemoniese groep uit, maar laat nie na om die opponerende party se ideologiese bepaaldheid ook aan te dui nie. Die verhaal bevat sekere utopiese impulse, soos die uitgesproke strewe na gelykheid en geregtigheid, en wil daarom verandering in die hand werk deur toepaslike *engagé*-perlokusies teweeg te bring. Om hierdie effek te kan bereik, word spesifieke, toepaslike illokusies tot die leser gerig: daar word onder meer gewys op onreg en onderdrukking; op die moontlikheid van toegeneentheid ten spyte van kulturele en politieke verskille; en op die wenslikheid daarvan dat die "baie mense" van hierdie "groot land" met mekaar kompromieë sal sluit, sodat die swart-en-wit-skaakbord omskep kan word in 'n land met diep, bruin grond waarin almal kan saamleef.

# HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKINGS

## 7.1 Ideologie en taalhandeling in die Afrikaanse roman van die tagtigerjare

### 7.1.1 Samevatting: die werkdefinisies en die ondersoekraamwerk

Die redelik uitvoerige teoretiese gedeelte van hierdie ondersoek het wenslik geblyk te wees vanweë die noodsaak om te 'historiseer', dit wil sê om die historiese ontwikkeling van die saamgestelde benadering wat ek wou volg, te verreken, sowel as om die konteks waarbinne die literêre tekste geplaas is, te probeer omlyn. Die volgende kort uiteensetting van die resultate van hierdie teoretiese gedeelte dien bloot as aansluiting by die gevolgtrekkings van die ondersoek wat daarna uiteengesit sal word. Die funksionele, pragmatiese wyse waarop ideologiekritiek en 'n taalhandelingsteoretiese benadering na my mening by mekaar aansluit om 'n raamwerk vir die ondersoek van prosatekste te vorm, sal ook (weer eens) beklemtoon word.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die begrip 'ideologie' gedefinieer as 'n diskoers waarin die indiwidu veral deur taal gekonstitueer word as 'n subjek binne 'n bepaalde sisteem van idees, waardes, norme en so meer. Binne sodanige sisteem word die belange van een groep (die hegemoniese groep) bevorder ten koste van ander, hoofsaaklik deur die instandhouding en vermeerdering van mag. Die ongelyke magsverhoudinge binne so 'n gemeenskap lei daartoe dat sosio-politieke kontradiksies ontstaan wat gerepresseer en verdoesel moet word en daarom 'n groot onbewuste komponent verkry. Hierdie komponent kom onder meer tot uiting in die literêre taaluitinge van die betrokke gemeenskap. Die taak van die ideologiekritiese ondersoeker is dan om aan te toon watter progressiewe en/of konserwatiewe elemente daar in 'n bepaalde teks aanwesig is, met die vooronderstelling dat die ideologiese interpellasies binne die gemeenskap nie onveranderbaar en onvermydelik is nie, maar gedemistifiseer en ontmasker kan word.

Die belangrikste ideolgie waarop daar in hierdie ondersoek gefokus is, is die apartheidsideologie - 'n soort wit nasionalisme, gegrond in rassisme, wat veral sedert 1948 deur die Afrikaner-regering tot 'n volgroeide, geïnstitusionaliseerde ideologie

ontwikkel is. Die drie romans wat ontleed is, toon elk 'n besondere mate van gerigtheid op die representasie van hierdie ideologie en die wyse waarop (wit en swart) mense in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, sowel as die diskoers in Suid-Afrika daardeur gekonstitueer en bepaal word. Ander vorme van oorheersing en onregverdige bevoorregting sou ook in 'n ideologiekritiese ondersoek betrek kon word, maar weens die beperkte omvang van hierdie studie moes ek my beperk tot dié aspek wat my persoonlik die meeste boei en ontstel. So sou 'n feministiese ondersoek oor die wyse waarop die posisie van die vrou in die Afrikaanse literatuur gerepresenteer word, eweneens vrugbaar gedoen kon word; hierdie kwessie het egter slegs sydelings ter sprake gekom in die ontleding van *Sitate om 'n rewolusie*.

Die motivering vir die ideologiekritiese benadering tot die literatuurstudie wat ek gevolg het, is die gedagte dat literatuur deel is van die totaliteit van die gemeenskap en die diskoers wat daarin gevoer word, sodat dit verkieslik nie in isolasie bestudeer behoort te word nie. Op die ondersoeker wat ideologiekrities ingestel is, rus daar die bykomende verantwoordelikheid, naas dié teenoor die literatuur self, om ook maatskappyanalities om te gaan met die literêre tekste wat hy/sy bestudeer. Ek het daarom ook probeer om krities te kyk na die wyse waarop magsverhoudinge gerepresenteer is, en in die taalhandelinge tot uiting kom in die drie romans wat ontleed is. Die ideologiekritiese doel was hoofsaaklik om vas te stel (1) watter konserwatiewe elemente daarin voorkom, in die vorm van versweë ideologiese reste, of waar ongelyke verhoudinge as onvermydelik en natuurlik voorgestel word; en (2) watter progressiewe, ideologiekritiese aspekte geïdentifiseer kan word, byvoorbeeld waar die *status quo* eksplisiet gekritiseer word en ongewenste ideologiese patrone voorgestel word as abnormaal en veranderbaar.

Die taalhandelingsteorie is by die ondersoek betrek ten einde die pragmatiese aspek van 'n ideologiekritiese benadering noukeuriger te kan benoem. Sodoende het ek gepoog om die totale literêre kommunikasiesituasie in ag te neem, dit wil sê die spreker en sy/haar bedoeling, die hoorder en sy/haar houding, sowel as die tyd en die plek waarbinne die makro-, meso- en mikrotaalhandelinge verrig word. Die erkenning van die aktiewe sosiale rol wat veral die roman in die gemeenskap vervul, berus ook op die aanname dat dit as literêre makrotaalhandeling met 'n bepaalde kommunikatiewe intensie uitgevoer is en dat gespreksreël en -strategieë, indirekte taalhandelinge, presupposisies, en so meer in werking gestel word om die spreker se bedoelings (illokusies) werklike reaksies (perlokusies) te laat word wanneer die teks

gerealiseer word deur die ontvanger. Die veronderstelling was ook egter steeds dat die literêre gespreksituasie nie 'n een-tot-een-relasie is nie, maar dat dit 'n geïnstitusionaliseerde vorm van kommunikasie is waarin die skrywer sowel as die lesers sosiaalbepaalde rolle vervul en daarom nie as private, geïndividualiseerde, gesentraliseerde of absoluut 'opregte' subjekte beskou kan word nie. Uit die ontledings het dit dan ook geblyk dat skrywers sowel as resipiënte van die romans wisselende, ambivalente posisies ingeneem het binne die literêre kommunikasiesituasies wat ter sprake was.

Uit die situasie-ontledings het dit duidelik geword dat verskeie literatore gedurende die tagtigerjare toenemend daarop ingestel geraak het om die literêre teks te bestudeer in relasie tot die sosio-politieke Suid-Afrikaanse werklikheid waarbinne dit geproduseer en ontvang word, dit wil sê hierdie literatore poog om op 'n gemeenskapsrelevante wyse met die teks om te gaan. By diegene wat steeds 'n hoë prioriteit plaas op die outonomie van die teks, het hierdie benadering weinig byval gevind, sowel as by sommige dekonstruktiviste wat ideologiekritici daarvan beskuldig dat hulle 'n ander meesternarratief of -kode stel in die plek van dié wat hulle probeer ontmasker en demistifiseer. In die lig hiervan het ek dit duidelik probeer stel dat ek in my benadering nie op 'n posisie 'buite' ideologie probeer aanspraak maak nie, maar eerder op 'n diskoersstrategiese wyse te werk wil gaan deur te erken dat my eie posisie eweneens sosiaal bepaal en gekonstitueer is, dit wil sê dat ek met 'n spesifieke 'bril' na die tekste en na die werklikheid gekyk het terwyl ek met die studie besig was. Hiermee erken ek dan dat my eie sieninge nie as finale, outoritêre menings geld nie, maar eweneens aan kritiek onderworpe is, en selfs 'gedekonstrueer' sou kon word deur 'n ondersoeker wat 'n ander posisie inneem.

In die raamwerk vir die ontleding wat uiteindelik saamgestel is, het ek 'n poging aangewend om die sake wat hierbo genoem is, te verwerk tot 'n bruikbare ondersoekmodel wat spesifiek vir die roman gebruik sou kon word. Met hierdie benadering het ek daarna gestreef om die literêre teks, en die Afrikaanse roman in die besonder, te plaas binne die Suid-Afrikaanse konteks om dit sodoende 'n volwaardige posisie binne die diskoers van hierdie gemeenskap te laat inneem. Deur die Afrikaanse romantekste nie in isolasie, of op 'n elitistiese, uitsluitlik literêr-estetiese wyse te bestudeer nie, kan die marginalisering wat sulke tekste bedreig, na my mening teengewerk word. Omdat die effektiewe oordrag van 'n boodskap of intensie egter ook afhanklik is van die estetiese gehalte van 'n literêre teks, is

strukturele aspekte ook in ag geneem in die teksontledings, en veral in die gevolgtrekkings wat gemaak is na aanleiding van die resepsieverslae wat by die ondersoek betrek is. Die bedoeling was egter veral om 'n progressiewe bydrae te maak tot die bestudering van die Afrikaanse roman, deur aan te dui dat hierdie tekste nie net die Suid-Afrikaanse werklikheid beskryf nie, maar ook medeskeppers daarvan is.

7.1.2 Ideologiese implikasies van literêre taalhandelinge: 'n vergelyking tussen die drie romans

Die drie gekose romans, wat in opeenvolgende jare (1983 tot 1985) verskyn het, vertoon 'n interessante patroon van ooreenkomste en verskille wanneer dit ideologiekrities ontleed en met mekaar vergelyk word. Die opvallendste ooreenkoms is dat daar in elke roman 'n konfrontrasie met die rasseproblematiek voorkom en dat daar gevolglik afgelei kan word dat die skrywers by die skryf van elke teks veral ook ideologiekritiese, *engagé*-illokusies en -perlokusies in gedagte gehad het, wat daarop dui dat hulle intens bewus is van en betrokke is by die gemeenskap waarvan hulle deel is, soos ook geblyk het uit die verwysings na elke skrywer se persoonlike siening van sy/haar rol as skrywer binne die eietydse Suid-Afrikaanse konteks. Enkele opvallende resultate van die ontledings word vervolgens vergelykenderwys naas mekaar gestel ten einde vas te stel of algemene afleidings gemaak kan word oor die wyse waarop ideologie taalhandelinge geword het in die Afrikaanse roman van die tagtigerjare.

Die ontledings op die mesovlak het onder meer aan die lig gebring dat die hoofkarakters van die onderskeie romans soos volg vergelyk: In *Die laaste Sondag* is die hoofkarakter dominee Falk, 'n karakter wie se innerlike worsteling nie juis die leser kan oortuig nie, vanweë die pseudoproblematiek waarop hierdie worsteling gebaseer is. Die naamlose hoofkarakter in *Om te awol* se innerlike stryd, en sy soeke na 'n eie identiteit, loop uit op 'n gevorderde stadium van (Jungiaanse) indiwiduasie, waardeur geïmpliseer word dat daar hoogstens 'n persoonlike oplossing moontlik is binne die situasie van ideologiese gebondenheid waarin die indiwidu in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te staan kom. Hoewel hierdie hoofkarakter-verteller bewus is van kollektiewe skuld, wend hy geen daadwerklike poging aan om iets aan die werklikheid te verander nie. Die hoofkarakter in *Sitate om 'n rewolusie* is 'n vrou, dit wil sê iemand wat self ervaring het van onderdrukking en daarom veel meer

volgehoue deernis het met lede van die nie-hegemoniese groep. Hoewel Jeanne de Bruyn meestal nie bereid is om teenoor Dawn te erken dat sy so skuldig soos ander blankes is aan die apartheidsituasie nie, sê sy tog ook twee maal vir haar dat sy jammer is. Sy erken uiteindelik dat dit nie genoeg was om net waar te neem nie. Waar dominee Falk sy dwaling ten slotte op die duiwel se 'rekening' wil plaas, probeer die ander twee hoofkarakters hulleself indirek verontskuldig deur te beklemtoon dat hulle nog jonk is (*Awol*) of was (*Sitate*). Al drie romans bied 'n blanke perspektief op die Suid-Afrikaanse rasseproblematiek. *Die laaste Sondag* word op 'n afstandelike wyse deur 'n ouktoriële verteller aangebied, hoewel daar ook dikwels deur die rassistiese hoofkarakter gefokaliseer word, en die ander twee word meer direk en intiem vertel deur ek-vertellers wat as buitestaanders krities staan teenoor die Afrikaner se rasse-ideologie. Die ontleding van hierdie drie voorbeelde toon hoedat die leser se simpatie deur middel van die keuse van 'n vertelinstansie in 'n roman gelei kan word in die rigting van 'n ideologiekritiese perspektief op die Suid-Afrikaanse konteks.

Die wyse waarop intermenslike verhoudings, veral dié tussen swart en wit, in die drie romans gerepresenteer is, bied vir die leser 'n aanduiding van die soort wêreld wat elke teks wil skep, ook indirek deur die afwysing van onaanvaarbare praktyke en houdings. In *Die laaste Sondag* word een vriendskap oor die kleurgrens heen (tussen die swart dominee en Duvenhage) geteken, hoewel op die periferie, as korrektief op al die ander verhoudinge tussen swart en wit waarin diskursiewe outoriteit en ongelykheid aan die orde van die dag is. Die hoofkarakter in *Om te awol* vind as volwassene dat dit steeds vir hom onmoontlik is om sy ideologiese interpellasie te deurbreek en uit te reik na die swart speelmaat van sy jeug, waardeur (deterministies) geïmpliseer word dat geen 'normale' verhouding moontlik is binne 'n abnormale samelewing nie. Die duidelikste verbreking van hierdie patroon word aangetref in *Sitate om 'n rewolusie*, waarin die opregte vriendskap en gemeensaamheid tussen 'n swart en 'n wit vrou op gelyke vlak moontlik is. In al drie romans kom stereotipering van wit sowel as swart voor - naas die afwysing van en kritiek teen lede van die eie groep, is daar dus telkens ook negatiewe verwysings na die 'ander'. Voorbeelde van laasgenoemde is die volgende: in *Die laaste Sondag* word die swart dominee stereotiep uitgebeeld, sonder dat dit die bedoeling van die geïmpliseerde skrywer kon wees; vanuit die deiktiese sentrum van *Om te awol* word Tombile in geykte terme beskryf, waardeur die hoofkarakter se ambivalente gevoelens jeens die ander groep blyk; en in *Sitate om 'n rewolusie* word daar woorde

in Dawn se mond gelê wat dui op die (blanke?) siening dat swartmense in magsposisies graag ander swartmense onderdruk en verneder. Versweë ideologie kom dus in elke teks voor.

Omdat elkeen van hierdie tekste na my mening as 'betrokke' beskou kan word, kan die leser verwag dat die *engagé*-illokusies in elke roman ondersteun sal word deur die aanbiedingswyse. 'n Teksstrategie wat in al drie tekste effektief aangewend word, is outentifisering deur middel van 'n noue aansluiting by die tydruimtelike ervaringswêreld van die eietydse leser. In *Die laaste Sondag* word hierdie mimetiese kode aangewend deurdat 'n outentieke plattelandse milieu geteken word waarin die blanke kerk en dominee 'n belangrike plek inneem; rassisme, vererger deur die blankes se gevoel van bedreigdheid op die grenspos, is aan die orde van die dag. *Om te awol* speel hoofsaaklik in 1983 af, 'n tydperk wat herkenbaar opgeroep word; ook bepaalde sosio-politieke ruimtes word geskep: Kaapstad, die Karoo, die oorlogruimte in Angola, die Verwoerdiaanse era van die sestigerjare, ensovoorts. Identifikasie met die hoofkarakter se innerlike worsteling met die erfenis van die voorgeslagte, word hierdeur aangemoedig. Die hoofkarakter in *Sitate om 'n rewolusie* se bewustheid van die dualiteit van die menslike situasie word aan die leser oorgedra deurdat die standpunte van die hegemoniese groep voortdurend afgespeel word teen dié van die opkomende proletariaat. Die atmosfeer aan 'n swart universiteit in 1974, met die opkoms van Swart Bewussyn en 'n Biko-agtige figuur (Tito), die herkenbare geografiese ruimtes wat voorgestel word, en so meer, verhoog die trefkrag van die *engagé*-illokusies van hierdie roman.

In 'n vergelyking van die mikrovlakontledings kom dit aan die lig dat hiërargiese taalsituasies tussen wit en swart die algemeenste voorkom in *Die laaste Sondag*, teenoor *Sitate om 'n rewolusie* waarin diskursiewe outoriteit grootliks verbreek word. Wanneer magsverhoudinge in laasgenoemde teks wel manifesteer in taalhandelinge, word dit in 'n kritiese lig gestel, byvoorbeeld waar 'n blanke boer 'n swartman dwing om hom as sy 'baas' te erken. Dit is ook betekenisvol dat Dawn Mokgatla dikwels volle spreekbeurte kry en dat daar gesag en 'n hoë status aan haar taalhandelinge toegeken word, selfs bo dié van al die ander blanke karakters (behalwe Jeanne self). In hierdie roman word daar eksplisiet erken dat die wit skrywer nie die swartman se werklikheid kan verreken nie, maar van die drie tekste wat ontleed is, slaag juis *Sitate om 'n rewolusie* die beste daarin om aan die nie-hegemoniese groep 'n stem te gee. In *Om te awol* bly die hoofkarakter-verteller self aan die woord en stel hy

homself slegs by geleentheid, en afstandelik voor hoe die onderdruktes hulle situasie moontlik ervaar; geen swart karakter kry die geleentheid om sy/haar saak te stel nie. Uit hierdie mikrovlak-ontledings van gesprekke tussen karakters het dit duidelik geword dat die ideologiese stryd veral ook op die terrein van intermenslike relasies gestry word.

’n Opvallende ooreenkoms tussen die drie romans is dat die hoofkarakter in elkeen een of meer ’grenservarings’ beleef, dit wil sê die gevoel dat daar van een era of toestand oorbeweeg moet word na ’n nuwe, onbekende lewensfeer en dat ingrypende veranderinge op hande is. Hierdie ’grenservarings’ word op die persoonlike vlak voltrek, maar soms ook in die breër gemeenskap. In *Die laaste Sondag* neem hierdie verandering in die slot vir dominee Falk en sy gemeente die vorm van ’n dreigende apokalips aan. Die ander twee romans se hoofkarakters ervaar in hierdie *interregnum*-periode sterk gevoelens van buitestaanderskap en vervreemding; die poging om ’n nuwe identiteit op te neem, slaag klaarblyklik slegs in *Om te awol*. Hierdie twee jonger hoofkarakters distansieer hulle van die ideologiese erfenis van hulle voorgeslagte en ouers, asook van die Afrikaner se kerk en godsdiens, maar weet nog nie wat om in die plek daarvan te stel nie. Beide besef as volwassenes dat hulle swart speelmaats in ’n totaal ander kinderwêreld opgegroei het as hulleself, wat van die begin af in die bevoorregte posisie was. Die leser kan ook aflei dat Jeanne de Bruyn en die hoofkarakter van *Om te awol* ongeveer tydgenote is en dat hulle daarom soortgelyke jeugervarings gehad het, wat hulle as volwassenes op ooreenstemmende wyse interpreteer en probeer verwerk, met dié uitsondering dat Jeanne (as vrou?) beter daarin slaag om met die onderdruktes te identifiseer en ook, by nabetragting, insig verkry omtrent dit wat nodig is om ’n verhouding oor grense heen te laat slaag: "Ek begryp nou: om te kyk is nie genoeg nie" (8).

Uit ’n ontleding van uitsprake deur die konkrete skrywers kon afgelei word dat elkeen van hulle besonder bewus is van die rasseproblematiek in Suid-Afrika, en by implikasie ook van die uitwerking van die apartheidsideologie op die gemeenskap. Elsa Joubert (1985:206) verwys indirek na laasgenoemde wanneer sy haar bedoeling met die skryf van *Die laaste Sondag* soos volg verwoord: "(dit) was... ’n poging om die aktualiteit verder te verken, om strominge binne ons volksverband te identifiseer en ’n aktualiteit wat ook binne die kerk staan, prakties te bekyk". Sy bly egter bewus daarvan dat die wit skrywer slegs ’n toeskouer kan wees, en dat haar eie ’betrokke’

werke dus waarskynlik nie die toets van die tyd sal kan deurstaan nie. Ook Etienne van Heerden erken ruiterlik dat sy eie posisie as skrywer ambivalent is en dat die "erfsonde" van apartheid 'n blywende letsel op hom gelaat het. Jeanette Ferreira verklaar dat sy skryf oor die dinge wat haar nie wil verbygaan nie, naamlik "onderdrukking, vernedering, wreedheid, chauvinisme" (Kitching, 1991:15). Omdat laasgenoemde twee romans ook onmiskenbare outobiografiese elemente bevat (wat indirek afgelei kon word uit hulle uitsprake), word die verwagting van ideologiekritiese illokusies en (bedoelde) perlokusies by die leser des te sterker. Kontradiksies of diskontinuïteite tussen die oorkoepelende *engagé*-taalhandelinge wat aangedui is en sommige illokusies op die meso- en mikrovlak wat as versweë ideologiese elemente beskryf kan word, is veral gevind in *Die laaste Sondag* en *Om te awol*. Hierdie verskynsel is 'n illustrasie van die ambivalente, byna tweeslagtige posisie wat die 'gewetensvolle' wit skrywer in die Suid-Afrikaanse samelewing beklee (vgl. die klaagrede van 'Hermias de Witte' wat aangehaal is in **1.1**).

Die ongemaklike, gekompliseerde situasie waarin so 'n skrywer moet skryf, word verder bevestig deur die uiteenlopende reaksies wat elke roman volgens resepieverslae (d.w.s. resensies en ander besprekings) by resensente en ander literatore uitgelok het. Die reaksie op die tekste wissel telkens van uiters positief tot byna heeltemal afwysend. *Die laaste Sondag* is die swakste ontvang, hoofsaaklik omdat die hoofkarakter se innerlike stryd nie al die resipiënte kon oortuig nie ('n strukturele probleem dus), terwyl Ferreira se roman die beste ontvang is, eweneens op grond van estetiese oorwegings. Die *engagé*-illokusies wat onmiskenbaar en opvallend in elkeen van die drie romans voorkom, is slegs deur sommige resipiënte gerealiseer (te oordeel aan die verslae). Dit het geblyk dat die onderskeie ontvangers se ingesteldheid teenoor die teks, die skrywer en die Suid-Afrikaanse konteks in mindere of meerdere mate bepalend was vir die interpretasie sowel as die evaluering van elke roman. My eie ambivalente gevoelens jeens die drie afsonderlike tekste is telkens ondersteun deur die uiteenlopende menings van die resipiënte. Van 'n 'objektiewe', verifieerbare, suiwer literêr-estetiese ontleding en beoordeling van 'n literêre teks kan daar na my mening weinig sprake wees; selfs konsensus is op hierdie gebied kwalik haalbaar. 'n Gespreksbydrae waarin die eie posisie by voorbaat omlyn word, is die naaste wat literatore kan kom aan 'n 'eerlike' benadering tot die literatuur.

Die eindresultate van 'n ideologiekritiese taalhandelingsontleding dui daarop dat

hierdie drie romantekste blyke gee van (1) 'n progressiewe ingesteldheid en (2) die feit dat dié skrywers gedurende die tagtigerjare algaande meer bewus geword het van die kompleksiteit en dualiteit van die Suid-Afrikaanse werklikheid, sowel as van hulle eie ambivalente posisie binne hierdie situasie. Al drie skrywers gee ook blyke van 'n postmoderne lewensgevoel deur die slot van hul verhale te laat eindig waar betekenis die verteller (en die leser) steeds bly ontwyk, ook sover dit oplossings vir die sosio-politieke probleme van Suid-Afrika aangaan.

Wat die spesifieke ideologiese en ideologiekritiese implikasies van die drie tekste betref, het ek tot die volgende gevolgtrekkings gekom. *Die laaste Sondag*, wat die duidelikste ingestel is op 'n houdingsverandering ten opsigte van die rasse-ideologie en byna eksplisiete waarskuwingsillokusies bevat, het die minste geslaag, ook as 'betrokke' teks, hoofsaaklik as gevolg van strukturele, estetiese tekortkominge; *Om te awol* is outentiek eietyds, en kyk krities na die ideologieë van die voorvaders, maar loop uit op 'n slot wat na 'n verheerliking van indiwidualisme klink; *Sitate om 'n rewolusie* skep self die verwagting van 'n blote liefdesverhaal, maar in hierdie teks word *engagé*-illokusies die verste gevoer en die beste gerealiseer. Die moontlikheid van 'n verandering in die *status quo* van blanke oorheersing word in Ferreira se roman die sterkste gesuggereer, hoewel dié progressiewe standpunt nie enduit gevoer word nie. Hierdie teks gee ook eksplisiet te kenne dat die literatuur in die gemeenskap 'n rol te vervul het, hoe onvolkome dit ook al mag wees.

### 7.1.3 Die Afrikaanse romanvorm en ideologie

Hoewel elkeen van hierdie drie werke deur sommige literatore as 'n novelle beskou word, is daar by elk 'n aanduiding (hetsy op die voorblad of op die flapteks) dat dit aangebied word as 'n roman. Op die onderskeid tussen roman en novelle wil ek nie ingaan nie, omdat dit nie vir hierdie ondersoek van besondere belang is nie. Hierin sluit ek aan by Viljoen (1986:27) wat meen dat 'n mens hoogstens sou kon sê dat 'n novelle korter is as 'n roman en miskien op 'n lirieser wyse vertel word; verteltegnies word daar egter geen onderskeid gemaak nie. Wat die romanvorm betref, is daar van die standpunt uitgegaan dat die dinamiek van die politieke stryd en van sosiale veranderinge binne 'n gemeenskap die inhoud en vorm van literêre tekste beïnvloed. Vervolgens enkele gedagtes oor die Afrikaanse roman as ideologiese taalhandeling binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem.

In 'n vorige onderafdeling (vgl. 3.4.1) is daar aangedui dat die oorspronklike missie/sending van die roman verband gehou het met 'n subjektiewe, kritiese, analitiese en wegvretende ingesteldheid teenoor die sosiale werklikheid, maar dat die genoemde eienskappe geleidelik verlore geraak het deurdat hierdie vorm gedurende die twintigste eeu in die Weste deel begin uitmaak het van die kulturele rewolusie van die bourgeoisie. Die kapitalistiese oorsprong van die Westerse romanvorm blyk ook uit die volgende: (1) die geïndiwidualiseerde produksie en konsumpsie daarvan; (2) die liberale ideologie en realistiese epistomologie wat daaraan ten grondslag lê; (3) die skisoïde held wat optree; en (4) die kenmerkende vervreemding, angs en eksistensialisme wat die resultate is van 'n kapitalistiese sisteem. Die representasie van die indiwidu se bedenklike posisie binne 'n afsydige verbruikersamelewing kan hierby gevoeg word (5).

Die drie romans wat ontleed is, toon verskeie ooreenkomste met hierdie vorm en kan dus, breedweg gesien, beskou word as deel van die Westerse romantradisie. Die opvallendste ooreenkoms is die optrede van 'n skisoïde hoofkarakter in elkeen van die tekste wat ontleed is: dominee Falk worstel ten slotte met die vraag of sy opdrag van God of van die duiwel kom; die ek-verteller in *Om te awol* ervaar voortdurend ambivalente gevoelens teenoor die sosio-politieke werklikheid om hom; en Jeanne de Bruyn voel haar innerlik verskeurd vanweë haar intense bewustheid van die dualiteite van die menslike bestaan. Die twee jonger karakters ervaar ook dikwels eksistensiële angs en voel hulleself vervreem van hul eie groep, maar tog ook nie deel van die opponerende groep nie, en daarom is hulle buitestaanders. In al drie tekste figureer die "inner quest"-gedagte sterk, en vind die indiwidu dit ten slotte onmoontlik om op 'n sinvolle wyse deel te word van 'n kollektiewe gemeenskap - weer eens tipiese eienskappe van die Westerse romantradisie.

In teenstelling hiermee word die held in die Afrika-roman dikwels spesifiek geskep om kolonialisme en kapitalistiese imperialisme te bevraagteken, en nasionalistiese politiek te bevorder. Hierdie romanvorm sal daarom eerder 'n groepsbevestigende funksie hê (vgl. Viljoen, 1986:368), wat ver verwyderd is van die Afrikaanse romans wat bespreek is (veral dié van Van Heerden en Ferreira), waarin die stryd tussen verset teen en verbondenheid aan die eie groep voortdurend oorhel na die versetkant. Volgens Amuta (vgl. 3.4.1) is die vernaamste erfenis wat die Afrika-roman oorgehou het van sy Europese voorgangers uit die negentiende eeu, sosiale realisme, dit wil sê dié soort realisme wat bepaal word deur die siening dat 'n

indiwidu se optredes en lotgevalle gekondisioneer word deur sy/haar posisie in die gegewe gemeenskap. Na my mening oorheers hierdie soort representasie in al drie Afrikaanse romans wat bespreek is, en is dit inderdaad ook (op enkele uitsonderings na) kenmerkend van die Afrikaanse romansisteem van die tagtigerjare.

Die drie hooftipes sosiale realisme wat Amuta (1980:127) in die sisteem van die Afrika-roman onderskei, is die volgende: (1) kritiese realisme (hierin word volstaan met 'n kritiese beskrywing van politieke kwessies); (2) sosialisitese realisme (die moontlikheid en dinamiek van verandering deurdrenk die sosiale ervaring in die romanwêreld); en (3) animistiese realisme (hier word die mens se optrede deterministies bepaal deur bonatuurlike magte). Myns insiens kan die drie werke wat bespreek is, vrugbaar hiervolgens beoordeel word: *Die laaste Sondag* en *Om te awol* is hoofsaaklik krities ingestel teenoor die sosio-politieke werklikheid, maar toon tekens van onderliggende animisme - in eersgenoemde ervaar dominee Falk die inwerking van hoër magte (God of die duiwel?) as bepalend vir sy lewe, terwyl die hoofkarakter in Van Heerden se roman voel dat sy optredes gedetermineer word deur die ideologiese erfenis van sy voorgeslagte. Slegs in *Die laaste Sondag* meen ek dat kritiese realisme ook sosialistiese realisme word deurdat die moontlikheid van progressiewe verandering sterker gesuggereer word as in die ander twee romans. Tog meen ek dat 'n mens veralgemenend kan sê dat Afrikaanse romanskrywers hulleself sedert die sewentigerjare reeds in 'n mindere of meerdere mate sien as sosiale kritici, werksaam in 'n deur ideologieë geteisterde Suid-Afrika; eweneens 'n "unweeded garden" soos die res van Afrika, waarin die skrywers van die sogenaamde Afrika-roman (vgl. 3.4.1) hulle sosiaalkritiese bydrae wil maak. Die patroon van tradisionele (mondelinge) vertellings, soos die legende en volksverhaal, is steeds sterk te bespeur in die Afrika-roman; in die Afrikaanse roman van die tagtigerjare is daar, met die uitsondering van *Die eerste lewe van Adamastor* (Brink, 1988), weinig te bespeur van hierdie tradisie. Nie een van die drie romans wat ontleed is, het tekens hiervan getoon nie. Die hoofkarakter in *Sitate om 'n rewolusie* bring egter haar Afrika-gebondenheid op verskeie ander wyses tot uitdrukking.

Die volgende sosiale vraagstukke is in die drie bespreekte romans op 'n kritiese wyse gerepresenteer: die apartheidsideologie, gebaseer op rassisme wat voortgespruit het uit Westerse imperialisme; vervreemding as gevolg van 'n gesekulariseerde (kapitalistiese?) samelewing wat sy kollektiewe funksies verloor het; die onderliggende vrees van die wit persoon in Afrika wat nie heeltemal tuis

kan voel in dié 'donker kontinent' nie, maar ook nie 'n ander heenkome het nie; en die innerlike stryd van die blanke indiwidu wat sy/haar eie groep se ideologiese verknogthede met afsku bejeën, maar self ook daarin gewortel bly. In die gepreokkupeerdheid met hierdie kwessies, sluit die Afrikaanse roman aan by die Engelse Suid-Afrikaanse roman van die afgelope dekade, soos verteenwoordig deur die werke van Nadine Gordimer, J.M. Coetzee, Richard Rive, Sipho Sepamla, en andere (vgl. ook die studie van Viljoen, 1986). Oor die Suid-Afrikaanse roman sê Clayton (vgl. 3.4.1) dat die roman, as "genre for inner quest", binne ons sosio-politieke konteks bruikbaar gemaak moes word vir kollektiewe doelstellings. In 'n samelewing sonder sosiale konsensus, wat die verskeurde Suid-Afrikaanse gemeenskap by uitstek is, vind die romansier dit egter uiters moeilik om vas te stel watter doelstellings nou eintlik kollektiewe geldigheid het. Jeanette Ferreira se uitgesproke demokratiese strewe en haar gerigtheid op die "omvorming van 'n oneffektiewe sisteem" ter wille van geregtigheid en vrede (vgl. 6.3.1), pas uitstekend binne hierdie raamwerk. Dieselfde geld vir Elsa Joubert (1985:205) se dwingende "strewe na die waarheid" wat tydens die skryf van *Die swerfjare van Poppie Nongena* die begrip Literatuur kon laat wegspoel. By Etienne van Heerden leef die gedagte egter sterk dat hy hom nie as skrywer binne die hegemonie kan losmaak van die erfsondes van rassisme en oorheersing wat hy as't ware saam met sy eerste slukkies moedersmelk al ingekry het nie; dat hy afwysend staan teenoor apartheid en die gevolge daarvan, is egter nooit te betwyfel nie.

Coetzee (1990:49) wys tereg daarop dat Afrikaanse prosatekste sedert 1976 'n meer direkte poging (as bv. die poësie) bied om die kontradiksies in die Suid-Afrikaanse werklikheid "wat met repressie verband hou", te identifiseer. Uit die voorafgaande teksontledings het die vernaamste teenstrydighede wat in dié drie romans geïdentifiseer is, die volgende geblyk te wees: teenstrydighede rakende die huidige sosio-politieke (en ekonomiese) bestel van blanke oorheersing; sosiale wanpraktyke wat deur die kerk gesanksioneer word; die onregverdigbare militarisasie gedurende die tagtigerjare; en ander morele kwessies wat met die apartheidsbestel in verband staan. Clayton (1986:38) se siening van literatuur as 'n vorm van aksie, gebore uit en gerig op die werklikheid, geld in 'n besondere mate van die Afrikaanse roman van die tagtigerjare. Van die drie wat in hierdie ondersoek ontleed is, gee slegs *Sitate om 'n rewolusie* na my mening werklik blyke van die bykomende eis wat Clayton vervolgens aan die roman in die besonder stel (vgl. ook 3.4.1): "The novel must show the world as changeable. And help to change it."

Aan die einde van hierdie kort bespreking oor die Afrikaanse romanvorm van die tagtigerjare, is dit nodig om weer eens (vgl. 3.4.1) te wys op die gaping/leemte/stilte wat daar binne hierdie sisteem bestaan vanweë die afwesigheid van gekanoniseerde, of selfs net gepubliseerde, Afrikaanse prosatekste deur swart skrywers. Die oorspronge van hierdie leemte lê waarskynlik in die rassisme, chauvinisme, onderdrukking en vernedering wat oor dekades heen die kenmerke was van blanke oorheersing in Suid-Afrika. Die ideologiese bepaaldheid van Afrikaanse romanskrywers en van die Afrikaanse roman, spreek op geen ander manier harder nie as juis deur hierdie stilte.

## 7.2 Die sosiaal-simboliese rol van die Afrikaanse roman in die tagtigerjare

### 7.2.1 Die Afrikaanse romansier in die jare tagtig

In hierdie studie is daar van die standpunt uitgegaan dat literêre tekste, en in die besonder 'n roman, geproduseer word ter wille van die diskoers binne 'n bepaalde gemeenskap. Die teksontledings was gevolglik daarop afgestem om die onderskeie literêre taalhandelinge wat ter sprake gekom het, te plaas binne die Suid-Afrikaanse konteks. Sodoende moes teksanalise ook, hoewel in 'n beperkte mate, maatskappyanalise word. My keuse vir dié soort benadering was, weens die gemeenskapsrelevante bedoeling met die studie, afgestem op die bepaling van 'n plek of rol vir die Afrikaanse literatuur binne die totale, kollektiewe Suid-Afrikaanse samelewing. Aangesien daar in die loop van hierdie ondersoek telkens verwys is na Jameson se siening van die verhalende teks as 'n sosiaal-simboliese handeling binne die gemeenskap (vgl. bv. 2.3.4), word daar vervolgens gepoog om samevattend te bepaal watter sosiaal-simboliese rol daar gedurende die tagtigerjare binne die Suid-Afrikaanse diskoers aan die Afrikaanse roman toegeken is.

'n Gepaste vertrekpunt met die oog op die soeke na sodanige rol, is die mening van die skrywers self. In die teksontledings het die sieninge van Joubert, Van Heerden en Ferreira oor hulle werk en oor hulle posisie as Afrikaanse skrywers aan die orde gekom. Dit het geblyk dat elkeen van hulle 'n groot mate van 'betrokkenheid' by die Suid-Afrikaanse sosio-politieke situasie openbaar, by Ferreira mettertyd selfs 'n oorgawe aan en verbintenis tot die stryd om demokratisering in hierdie land. Hierby wil ek nog enkele uitsprake voeg wat net na die middel van die tagtigerjare gemaak

is deur André P. Brink, die romansier wat in daardie tyd nog die vernaamste verteenwoordiger en woordvoerder was van dié Afrikaanse skrywers wat hulleself as 'betrokke' (in die sosio-politieke sin) wou of kon tipeer. In hierdie tyd verwoord Brink (1987:229) die "opdrag" (wat volgens hom 'n simplistiese, selfs vulgêre formulering is) van die skrywer as (steeds) 'n stryd teen valsheid, skynheiligheid, die leuen - "in die naam van (ten minste) die móóntlikheid van iets meer begrip, iets meer regverdigheid, iets meer deernis, iets meer vryheid". Hierby voeg hy dan sy siening dat alle Suid-Afrikaanse skrywers 'n dubbele stryd voer: téén sekere prosesse en gegewens en vír ander:

"Teen: stereotipes; vooropstellinge; die grense wat mense van mense skei en hulle moeilik bykombaar maak in hul gewone menslikheid, makliker 'groepeerbaar'. Teen ideologie (énige ideologie, omdat dit per definisie werk met wat die mens ónmerkwaardig, ónuitsonderlik, ónmenslik maak). / Vir: kommunikasie. Miskien dit, bowenal. En watter gedugte opgaaf is iets wat so vanselfsprekend behoort te wees, in 'n land waar 'n Groepsgebiedewet en vroeër, 'n Wet op Gemengde Huwelike, 'n Ontugwet en tallose ander maatreëls die kommunikasie tussen mense op sy ergste onmoontlik of onwettig en op sy beste ontsettend moeilik maak?" (Brink, 1987:229)

Die drie romans wat in hierdie studie ontleed is, het alle blyke daarvan gegee dat die onderskeie skrywers deur hulle skryfdaad wou deelneem aan hierdie stryd téén stereotipering van die ander, téén die grense wat daar in hierdie land opgerig is tussen mense, téén die dehumaniserende werking van ideologieë. Vir elkeen, sou 'n mens na my mening kon sê, was die skryf van dié spesifieke roman die "opneem van 'n pynlike verantwoordelikheid" (Brink, 1987:229) ter wille van meer begrip, regverdigheid, deernis, vryheid, en veral: kommunikasie - tussen mense en oor grense heen. Uit Brink (1987) se skrywe oor die rol en "opdrag" van die Suid-Afrikaanse skrywer in die tagtigerjare word dit veral duidelik dat hy, soos verskeie ander prosaïste van dié dekade, die wisselwerking tussen literatuur en sosio-politieke konteks besonder belangrik geag het, soos ook blyk uit die volgende besonder betekenisvolle uitspraak: "Dit is in die oor-en-weer aanvulling van hul funksies dat sowel die literatuur as 'n hele sosiopolitieke situasie 'oopgeskryf' word. En die wagwoord bly: kommunikasie" (Brink, 1987:229). In hierdie kommunikasieproses, wat verdraagsaamheid as grondslag het, is die leser/kritikus/literator na my mening eweneens 'n onontbeerlike skakel.

### 7.2.2 Ideologie en utopie in die literatuur

Volgens Brink (1987:237) het hy uit die destydse reaksie op *Kennis van die aand* (1973) reeds afgelei dat die ou onderskeid tussen "woord" en "daad" nie net oorvereenvoudig is nie, maar inderdaad vals word in 'n konteks (soos dié in Suid-Afrika) waar repressie 'n faktor is: "Dat die woord in so 'n situasie sélf die gewig van 'n daad verkry." Hierby wil ek aansluit met Jameson se siening van literatuur, in die besonder die narratiewe vorm, as 'n daad of handeling, hoewel een wat veral denkbeeldige oplossings wil bied vir die reële teenstrydighede wat in 'n repressiewe gemeenskap aangetref word. In aansluiting by hierdie tweeledige rol wat aan die narratiewe teks toegeken kan word, wys Jameson ook op die dubbele werking van so 'n teks, naamlik die ideologiese sowel as utopiese werking of funksie daarvan. Op grond van hierdie dubbele aard van die literêre teks stel hy dan voor dat 'n dialektiese benadering sowel die negatiewe Marxistiese hermeneutiek (d.i. ideologiese analises) as die positiewe Marxistiese hermeneutiek (die ontsyfering van utopiese impulse in tekste) sal insluit: "This is a unified perspective and not the juxtaposition of two options or analytic alternatives: neither is satisfactory in itself" (Jameson, 1982:291).

Paul Ricoeur (1986:269-314) se siening van die interafhanklikheid van utopie en ideologie, as die twee pole waarbinne groei en verandering in 'n gemeenskap kan plaasvind, sluit indirek aan by Jameson se insigte omtrent 'n hermeneutiese eenheidsperspektief, en bied aanvullende moontlikhede vir 'n ideologiekritiese ondersoek. In hierdie stadium wil ek Ricoeur se sieninge omtrent die werking van die utopie slegs kortliks by die studie betrek, veral ter wille van die hieropvolgende vergelyking tussen die drie romans. Soos Jameson is Ricoeur (1986:312) oortuig daarvan dat ons altyd vasgevang is in 'n ossilasie tussen ideologie en utopie, en volgens hom is die enigste antwoord op hierdie paradoksale situasie, die volgende: "we must try to cure the illnesses of utopia by what is wholesome in ideology - by its element of identity, which is once more a fundamental function of life - and try to cure the rigidity, the petrification, of ideologies by the utopian element". Dit is egter belangrik om daarop te let dat die begrip 'utopie' in Ricoeur se behandeling daarvan algaande 'n oorwegend positiewe en progressiewe funksie verkry, en dat dit daarom duidelik geskei word van die utopiese elemente wat in alle ideologieë aanwesig is (op lg. rig Jameson hoofsaaklik sy 'positiewe Marxistiese

hermeneutiek').

Die utopie is in Ricoeur se positiewe sin van die woord die middel by uitstek wat aangewend kan word teen die vervreemding, onderwerping en magsmisbruik wat die gevolg is van die ideologisering van die mens en sy werklikheid. Du Toit (1989:82) verwoord die aard van hierdie werking soos volg: "Die verbeeldingryke en produktiewe werking van die utopie as ideologiekritiese beginsel verbreek die solipsistiese werking van die ideologie." In lyn met Jameson se siening, wys Ricoeur (1986:310) daarop dat die utopie op dieselfde simboliese vlak funksioneer as die ideologie en dat beide tot die vlak van die sosiale en kulturele (Jameson voeg die politieke hierby) verbeelding van die gemeenskap behoort. Die kardinale verskil tussen die twee instellings is dat die verbeelding deur die ideologie (as 'n verwronge afbeelding van die werklikheid) aangewend word om die bestaande ideologiese bestel te verdedig en te legitimeer, terwyl die utopie oor die fiktiewe krag beskik om die werklikheid te herinterpreteer (*redescribe*) en 'n hoopvolle blik op die toekoms te werp (Ricoeur, 1986:309-310).

Ricoeur (1986:312) dui aan dat die dialektiek alleen nie 'n antwoord bied op die voortdurende ossilasie tussen ideologie en utopie waarin die mens vasgevang is nie: "My more ultimate answer is that we must let ourselves be drawn into the circle and then must try to make the circle a spiral." Min of meer haalbare utopiese doelwitte verteenwoordig die strewes en ideale van 'n gemeenskap. In dié doelwitte lê daar dus besondere moontlikhede opgesluit vir toepaslike optredes, waardeur hierdie deterministiese sirkelgang oopgebuig kan word ter wille van progressiewe verandering. Oor die aard van die utopie en my eie siening daarvan sal daar aan die einde van hierdie onderafdeling meer gesê word (vgl. 7.2.4). Binne 'n eenheidsraamwerk, dit wil sê 'n raamwerk waarin sowel die ideologiese as die utopiese elemente van die literêre teks verreken word, wil ek vervolgens opsommenderwys na die bespreekte romans van Joubert, Van Heerden en Ferreira kyk.

### 7.2.3 'n Vergelyking tussen die drie romans as sosiaal-simboliese taalhandelinge

In *Die laaste Sondag* word kontradiksies wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap onderdruk word, na die oppervlak gedwing. Die wyse waarop rassisme en die apartheidsideologie in stryd verkeer met die Afrikaner se aansprake op Christelike waardes, sowel as die kollektiewe skuldgevoelens wat in die kollektiewe onbewuste van dié gemeenskap onderdruk word, vorm die basis van hierdie kontradiksies. Dit het uit die ontleding geblyk dat die waarskuwingsillokusies wat deur die apokaliptiese slot opgeroep word, hoofsaaklik op die Afrikaner afgestem is, maar nie sonder 'n mate van begrip vir die eksistensiële angs wat die wit persoon in die sogenaamde donker kontinent ervaar nie. In hierdie roman word daar geïmpliseer dat die skep van 'n gemeenskaplike vyandsbeeld vir ideologiese doeleindes spoedig katastrofale afmetings kan aanneem. Die rol van die kerk in hierdie proses waarin 'n volksideologie tot pseudoreligie verhef word, word uiters krities gehanteer en duidelik afgestem op die Suid-Afrikaanse situasie. Dominee Falk en sy gemeentelede se hunkering na 'n valse utopie waarin blanke eenheid en dominasie vir ewig sal voortduur, is volgens Jameson se siening 'n afskynsel van die ware utopiese verlange, wat op 'n breë, inklusiewe basis van kollektiwiteit berus. Teenoor hierdie groepie blankes se verlange na 'n eie klein utopie neem die geïmpliseerde skrywer van *Die laaste Sondag* sterk standpunt in, veral deur die waarskuwing wat in die slot geaktiveer word.

Uit die ontleding van *Die laaste Sondag* het dit egter ook geblyk dat die waarskuwingsillokusies in die teks belemmer word deur sekere estetiese tekortkominge (skrywersmanipulering en die pseudoproblematiek waarmee die hoofkarakter worstel) en deur verskuilde ideologiese taalhandelinge (bv. die stereotipering van die swart dominee). Hierdie gespletenheid in die teks dui op 'n verskeurde werklikheid waarbinne dit 'n posisie probeer inneem. Die ideologiekritiese leser lei hieruit af dat ook hierdie skrywer se 'eerlike' poging om ideologiekrities met die werklikheid om te gaan, sekere ideologiese elemente bevat. Met hierdie teks neem Joubert egter terselfdertyd, by (duidelike) implikasie, deel aan die strewe na geregtigheid en vrede tussen al die bewoners van hierdie land deurdat sy die tragiese gevolge van rassehaat en polarisasie probeer aantoon.

Die ontleding van hierdie roman het ten slotte ook aan die lig gebring dat die duidelike (hoewel indirekte) etiese, ideologiekritiese illokusies waarna reeds verwys

is, nie besonder geslaagd is nie, hoofsaaklik as gevolg van estetiese tekortkominge in die teks. Die gevolgtrekking was daarom dat *Die laaste Sondag* nie 'n besonder effektiewe rol vervul as (selfs net) 'n denkbeeldige oplossing vir sekere onderdrukte teenstrydighede in die gemeenskap nie. Elsa Joubert se kritiese hantering van rassisme, sowel as hierdie roman van haar se onmiskenbare waarskuwings teen rassehaat en die kerk se sanksionering daarvan, dui egter wel op 'n diepliggende (utopiese) strewe na 'n beter, regverdiger gemeenskap.

Die dubbele rol wat *Om te awol* as makrotaalhandeling vervul, het in die ontleding van hierdie teks na vore gekom as 'n manifestasie van die ambivalente, byna skisofreniese posisie wat die wit Afrikaanse skrywer gedurende die tagtigerjare ingeneem het. 'n Verdere bevestiging hiervan is die wyd uiteenlopende reaksies van resensente op hierdie roman. Ook Etienne van Heerden, as konkrete skrywer van hierdie teks, getuig van 'n diepgewortelde ambivalensie in sy houding teenoor die Suid-Afrikaanse sosio-politieke werklikheid. In die roman kom hierdie ambivalensie daarin tot uiting dat die ideologiekritiese houding wat die hoofkarakter gedurende die eerste helfte van die verhaal inneem, terselfdertyd toenemend ondermyn word deur illokusies wat die ideologiese gedetermineerdheid van die hoofkarakter as onvermydelik en onveranderbaar voorstel. Ook die hoofkarakter se aanvanklike poging om 'n egosentriese, gesentraliseerde posisie in te neem, blyk spoedig onsuksesvol te wees vanweë die vervreemding wat hy binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap ervaar. Hierdie gevoelens van buitestaanderskap en onthegting lei tot 'n psigologiese reis, wat uitloop op 'n soort voltooide indiwiduasieproses - 'n denkbeeldige, simboliese oplossing vir die reële sosiale, politieke, ekonomiese en morele teenstrydighede waarmee die hoofkarakter vir die duur van die verhaal gekonfronteer was. Na my mening kan valse utopiese impulse afgelees word in hierdie indiwidualistiese uiteinde waarin die representasie van die disintegrasie en fragmentering van die Suid-Afrikaanse samelewing kulmineer.

Dat daar met hierdie roman terselfdertyd ook uitgereik word na 'n veranderde gemeenskap waarin ideologiese gedetermineerdheid verbreek kan word, is afgelei uit die eksplisiete ideologiekritiese stellings wat die hoofkarakter in die loop van die verhaal maak. Die geïmpliseerde skrywer neem standpunt in teenoor die ideologiese erfenis van sy voorvaders deurdat hy aandui hoedanig die vervreemding, verwydering en rassehaat is wat dit tussen mense laat ontstaan het. Ook die gewelddadige konflik in Angola, op die landsgrense en in die townships, as 'n

uiterlike manifestasie van die grense wat daar tussen mense opgerig is, word uiters krities benader. Die eksplisiete kritiek teen die ideologiese bepaaldheid van die voorgeslagte word egter, op tipies tweeslagtige wyse, telkens in die wiele gery deurdat daar aangedui word dat hierdie bepaaldheid op deterministies wyse aan hom oorgedra is, en deurdat die aangetaste menseverhoudinge as onveranderbaar voorgestel word. Etienne van Heerden (1981:161) se vroeëre siening dat die grense van apartheid volkome is, word in hierdie roman weerspieël, sonder 'n korrektief. Die enigste moontlikheid vir verandering word ten slotte op die 'self' gerig, sodat die gemeenskap onveranderd gelaat word. Elemente wat getuig van die uitreik na 'n ware utopiese toestand waarin die grense tussen mense afgebreek is, kan uiteindelik slegs heel indirek afgelei word uit die kritiese houding wat die hoofkarakter inneem teenoor die verskeurde werklikheid wat hy van sy voorvaders geërf het.

Die dualiteit en kompleksiteit van die menslike situasie, en in die besonder van die sosio-politieke situasie in Suid-Afrika, vorm skering en inslag van *Sitate om 'n rewolusie*. Dit gaan verder ook in hierdie roman oor menseverhoudinge en al die faktore wat dit kortwiek en kompliseer - in Suid-Afrika veral dan ook die genoemde sosio-politieke kwessies. In aansluiting by hierdie tweeledigheid, wat verband hou met die Gemini-aard van twee van die belangrikste karakters, word konserwatiewe en progressiewe standpunte teenoor mekaar gestel en teen mekaar afgespeel deur die geïmpliseerde skrywer. Veral die hoofkarakter, 'n ek-verteller, is innerlik verdeeld, in so 'n mate dat sy ten slotte nie 'n keuse maak tussen die *status quo* en rewolusionêre sieninge nie, maar eerder haar eie verhaal voeg by dié twee 'stories'. Die deurlopende beklemtoning van die inherente dualiteit van die werklikheid, met die getal twee as sentrale simbool, bied besondere aanleiding vir die soort eenheidsperspektief op die narratiewe teks wat Jameson in gedagte gehad het met sy beklemtoning van die feit dat ideologiese en utopiese elemente gewoonlik op integrerende wyse deel uitmaak van dieselfde teks. Omdat die geykte verskille tussen begrippe soos goed en kwaad, rewolusie en liefde, swart en wit, progressief en konserwatief ook soms in die roman as uitwisselbaar voorgehou word, ontstaan daar 'n besonder boeiende netwerk van betekenisse en betekenismoontlikhede in die teks.

Hoewel die verteller in die begin van die verhaal te kenne gee dat sy slegs haar eie 'storie' ('n triviale liefdesverhaal) gaan vertel, word dit spoedig vir die leser duidelik dat die verhaal besonder sterk op die sosio-politieke aktualiteit afgestem is. Uit 'n

ontleding van resepsieverslae het ek afgelei dat ingrypende *engagé*-illokusies slegs deur sommige resipiënte gerealiseer is, terwyl ander die roman hoofsaaklik op 'n persoonlike en simboliese vlak gelees het. Indien die verhaal aan sy slot geoordeel word, sou daar vanuit ideologiekritiese oogpunt inderdaad gesê kon word dat dit uiteindelik slegs 'n simboliese oplossing bied op die diepliggende probleme wat in die loop van die verhaal aan die orde gestel is: die studente se drome van bevryding eindig in 'n mislukte klein rewolusie; Jeanne de Bruyn se miskraam word in verband gebring met die studente-opstand wat eweneens in 'n spontane aborsie eindig; die vriendskap tussen 'n swart en 'n wit vrou, wat soveel belofte getoon het, gaan tot niet. Naas hierdie aspekte, waaruit afgelei kan word dat die roman enersyds 'n ideologiebevestigende funksie het, is daar 'n oorwig van getuienis wat op die teendeel dui.

Kritiek teen ideologiese bepaaldheid blyk onder meer uit die wyse waarop utopiese impulse wat aanwesig is in sowel die apartheidsideologie waarop die bestaan van die swart universiteit berus, as in die rewolusie-ideologie wat deur die Swart Bewussyn-beweging gepropageer word, op implisiete wyse as vals voorgehou word. Egte utopiese elemente blyk onder meer uit die hoofkarakter se keuse vir haar verhouding met Dawn Mokgatla; die gemeensaamheid en vriendskap oor die kleurgrens heen; en die feit dat daar 'n hoër status toegeken word aan die taaluitinge wat Dawn maak as aan dié van Hillary de Wit (haar teenspeler). Jeanne de Bruyn, die hoofkarakter-verteller, distansieer haar van die ideologiese bepaaldheid en onopregtheid van haar eie groep, maar kan haar egter ook nie werklik identifiseer met die opponerende groep nie. Sy slaag nie daarin om oor die grens tussen haar en Dawn heen te reik en haar aan te raak nie, wat dui op 'n terugkeer na die ideologiese posisie wat sy as kind reeds ingeneem het. Tog word die situasie nie daar gelaat nie; met die insig van terugkyk oor 'n aantal jare heen, besef sy dat dit nie genoeg was om die ander net met deernis waar te neem nie, maar dat omgee ook dade moet word. Die geïmpliseerde skrywer dra ook die belangrike insig oor dat die wit Suid-Afrikaanse skrywer nie daartoe in staat is om die swartman se werklikheid te verreken nie, en dat laasgenoemde dit weens allerlei (sosio-politiko-ekonomiese) beperkinge moeilik vind om self sy verhaal te vertel. Hiermee word kritiek uitgespreek teen die wyse waarop die hegemonie in stand gehou word deur die onderdrukking van die opponerende stem.

'n Afwysende houding teenoor die apartheidskultuur, wat normale

menseverhoudinge kortwiek of selfs onmoontlik maak, is uiteindelik die sterkste indruk wat deur die somtotaal van taalhandelinge in *Sitate om 'n rewolusie* gelaat word. Dit is ten slotte betekenisvol dat juis 'n swart karakter die draer is van 'n boodskap van hoop vir 'n verskeurde en gepolariseerde Suid-Afrika, naamlik dat kompromieë wel moontlik is, en dat almal saam sal kan groei in die diep bruin grond van hierdie land - indien indiwidue van beide kante sou kies om deel te word van 'n oplossing vir die land se probleme. Jeanette Ferreira se 'demokratiese strewe' wat in later jare duideliker verwoord is, kom hier reeds tot uitdrukking daarin dat sy aan wit en swart, hegemoniese groep en onderdruktes, gelyke spreekbeurte gee. 'n Aanduiding van die rigting waarin verandering moet plaasvind, word in hierdie roman aangetref deurdat 'n dinamiese uitreik oor grense heen op implisiete wyse bepleit word.

Wanneer die drie romans met mekaar vergelyk word, kan daar in die eerste plek gewys word op die feit dat daar aan elkeen van hierdie literêre tekste 'n dubbele rol toegeken kan word - enersyds 'n ideologiebevestigende, konserwatiewe rol en andersyds ook 'n ideologiekritiese, demistifiserende en progressiewe rol. Elke teks is daarom tegelyk 'n denkbeeldige, simboliese oplossing vir reële probleme in die Suid-Afrikaanse gemeenskap én 'n egte taaldaad wat, as deel van die sosiale diskoers, 'n invloed uitoefen op die gemeenskap. Dit is duidelik dat die skrywers van hierdie romans in elke geval ook intensies gehad het wat as 'betrokke' getipeer kan word, en dat hulle daarom (onder meer) *engagé*-perlokusies by die leser wou ontlok. Uit die drie ontledings het dit geblyk dat daar ongeveer 'n korrelasie is tussen die estetiese of strukturele goedkeuring wat die lesers verleen het aan elk van die tekste en die erns waarmee die ideologiekritiese boodskap daarvan bejeën is.

My eie evaluering van die drie tekste wat ontleed is, kan (in aansluiting by die slotsom onder 7.1.2) kortweg soos volg saamgevat word: *Sitate om 'n rewolusie*, die roman wat esteties die bevredigendste is en die mees sensitiewe, subtiele, maar ook outentieke representasie van die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse situasie bevat, het die beste kans om as 'betrokke' roman 'n progressiewe uitwerking te hê. Die omgekeerde geld ook: Die mees eksplisiete waarskuwing teen rassisme word in *Die laaste Sondag* aangetref, maar weens estetiese tekortkominge is dit nie besonder geslaagd nie. *Om te awol* bevat momente wat diep ontroer, byvoorbeeld waar die hoofkarakter se stryd teen sy ideologiese erfenis gerepresenteer word, of waar hy van aangesig tot aangesig met 'n Swapo-soldaat kom en besef dat dié man 'n mens is

soos hyself. Tog is daar ook in hierdie geval strukturele tekortkominge wat die etiese uitwerking op die leser belemmer, en kan die slot boonop gelees word as 'n verheerliking van indiwidualisme, wat 'n drastiese beperking plaas op die moontlikhede vir sosiale verandering as 'n oplossing vir die indiwidu en die gemeenskap se ideologiese bepaaldheid.

7.2.4 Die progressiewe moontlikhede van utopiese strewes in die roman

Ek wil hierdie gedeelte oor die sosiaal-simboliese rol van die bespreekte romans afsluit deur 'n aanduiding te gee van die soort utopiese strewe wat na my mening deel uitmaak van 'n roman wat 'n progressiewe rol in die gemeenskap kan vervul. Die Marxistiese voorvereiste vir 'n utopiese maatskappy is veral dat dit klasloos sal wees, of ten minste vry van die oorheersing van een klas oor 'n ander. Du Toit (1998:87) wys daarop dat die utopie daarop afgestem is om (ongewenste - MAR) mag te verbreek deur dit te vervang: "Dit droom egter van 'n beter soort mag en ons kan nie ontken dat mag positief ervaar kan word nie." In my studie is daar dikwels verwys na kwessies rakende mag; dit waarteen ek gekant is, is egter nie mag as sodanig nie, maar die misbruik daarvan, byvoorbeeld wanneer ongelyke magsverhoudinge op onsensitiewe wyse beklemtoon en uitgebuit word. Vir my sal die utopiese strewe in 'n literêre teks dus ideologiese magsposisies ondergrawe, maar sonder om nuwe vorme van oorheersing in die plek daarvan te stel. Hiervoor is 'n grondliggende demokratiese houding en strewe onontbeerlik.

Du Toit (1989:98) beskryf hierdie ingesteldheid as 'n houding van openheid, en vervolg: "So 'n houding weet dat ons nie kan ontvlug van ons ideologieë nie, maar dat 'n openheid vir die utopie - en nie maar net die utopiese elemente in ons eie ideologie nie - ons kan bevry tot 'n nuwe siening van ons werklikheid." Hiervoor is insig in ons eie sosiale bepaaldheid en 'n besef van ons ideologiese gekonstitueerdheid onontbeerlik. Omdat 'n Christen-gelowige besef dat die ware utopie slegs as eskatologiese werklikheid bestaan, word daar nie gestreef na 'n finale posisie of toestand nie, maar word die utopiese strewe gerealiseer in die op pad wees na 'n beter bestaan in 'n regverdiger, vryer gemeenskap. Ek voeg my dus by Ricoeur wat onder meer die volgende sê: "the thrust of utopia is to change reality" (Ricoeur, 1986:289), of in sterker taal gestel: "It (d.i. die utopie - MAR) directs itself towards reality; it shatters reality" (Ricoeur, 1986:289). Desnieteenstaande wil ek saam met Ricoeur beklemtoon dat geweld nie as 'n middel tot hierdie doel gesien

word nie, en daarom haal ek die volgende instemmend aan: "This negative attitude towards violence is also a part of the utopian mentality; the effort is to convince others, because imagination must make the break with the past" (Ricouer, 1986:287).

Juis omdat die verbeelding so belangrik is vir sosiale, politieke en ekonomiese verandering, kan die kunstenaar die leiding neem op hierdie weg: "Why do artist take the lead? Because they bring with them the power of imagination" (Ricoeur, 1986:294). Aan die literatuur stel Ricoeur (1986:309) die volgende taak, waarmee ek my in hierdie studie vereenselwig het: "Fictions are interesting not when they are mere dreams outside reality but when they shape a new reality." Uit die ontledings van *Die laaste Sondag*, *Om te awol* en *Sitate om 'n rewolusie* het dit duidelik geword dat die gebroke, verskeurde, gepolariseerde apartheidswerklikheid waarbinne ons in Suid-Afrika leef, by die skrywers prioriteit geniet het in die seleksie van aspekte uit hierdie werklikheid wat gerepresenteer moes word. Hoewel die ideologiese bepaaldheid van indiwidue en van die gemeenskap in die tekste neerslag gevind het, is elke roman ook 'n bevestiging van die feit dat daar deur middel van die literêre teks, as taaldaad by uitstek, getorring kan word aan hierdie ideologiese bepaaldheid, sodat daar ten slotte tog 'n gerigtheid op 'n beter wêreld uit dit alles blyk.

**7.3 'n Bydrae tot die gemeenskapsrelevante gesprek rondom die Afrikaanse literatuur**

Onderliggend aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die breë, maar veral aan die Afrikaanse gemeenskap waarbinne die drie bespreekte tekste as sosiaal-simboliese taalhandelinge funksioneer, is daar bepaalde norme en waardes wat hierdie sosio-politieke konteks help konstitueer. Leatt *et al.* (1986:286) spreek hulle soos volg hieroor uit: "Norms and values are founded in a system of meaning, an overriding convinction, a religion of some sort - a spiritual control in essence." Dit is juis op die vlak van betekenistoekenning en konflikterende innerlike oortuigings dat ideologiese teenstrydighede in die kollektiewe onbewuste van die Suid-Afrikaanse gemeenskap die pynlikste figureer. Volgens Belsey (1980:144) sirkuleer betekenis tussen teks, ideologie en die leser, en sy voeg by: "the work of criticism is to release possible meaning". Die ideologiekritiese benadering wat in my ondersoek gevolg is, was so 'n poging om betekenismoontlikhede vry te stel. Aanvullend tot dié benadering is die taalhandelingsteorie betrek as 'n pragmatiese teoretiese basis

waarop die dialektiese gesprek in en om die literatuur gebou kan word.

In my studie is die standpunt gehuldig dat almal wat aan hierdie dialektiese gesprek deelneem, dit so eerlik moontlik moet doen en hulle daarvoor moet beywer om verdraagsaamheid vir verskillende standpunte te kweek. Daar moet ook voortdurend gesoek word na kompromieë, wat op 'n demokratiese, regverdige wyse bereik word, dit wil sê sonder dat diegene wat magsposisies beklee, versteekte agendes pobeer gebruik om hulle bevoorregting te kontinueer. Ook vir die literêre ondersoeker, die literator en/of die kritikus sal 'n 'eerlike' deelname aan hierdie sosiale diskoers inhou dat hy/sy selfkritiek sal moet toepas, en sy/haar eie bepaaldheid erken en in ag neem. Hierdie siening het ek probeer verreken deur die 'diskoersstrategiese houding' wat ek in die ondersoek ingeneem het, dit wil sê 'n houding waarin ek erken dat ek as Christen na die literatuur kyk, en daarom 'n pragmatiese, ideologiekritiese posisie inneem teenoor die literêre teks en sy rol in die gemeenskap.

Aan die begin van die negentigerjare beskou baie literatore die Marxistiese ideologiekritiese benadering wat gedurende tagtig soveel opspraak verwek het waarskynlik as *passé*. Dit het egter in die loop van hierdie ondersoek vir my duidelik geword dat baie van die insigte wat uit 'n maatskappykritiese benadering verkry kan word, steeds met vrug gebruik sal kan word deur diegene wat 'n gemeenskapsrelevante benadering wil volg. Die ideologiese kwessies wat gedurende die vorige twee dekades onder die soeklig van skrywers en literatore gekom het, sal waarskynlik in hierdie dekade op die spits gedryf word vanweë die feit dat apartheidswetgewing eersdaags afgeskaf gaan word, sodat verskeie onderliggende teenstrydighede wat in die gemeenskap onderdruk was na die oppervlak sal kom. In dié proses sal polarisasie binne Afrikanergeledere steeds toeneem, ook tussen sekere swart en wit groeperinge in die gemeenskap sowel as tussen swart groepe. 'n Versoenende uitreik, veral oor kleurgrense heen, is na veertig jaar van apartheidswetgewing uiters nodig; daarsonder is die normalisering van ons verskeurde samelewing onmoontlik. Solank daar skrywers is wat, in die woorde van Mphahlele (1973:151) dit nodig vind "to attend more urgently and first to the defence of human dignity", sal daar lesers (literatore, kritici ens.) wees wat hulle met die rol van die literatuur in die samelewing wil bemoei.

In hierdie studie het ek nie ander romans van tagtig betrek nie, hoofsaaklik omdat

ek meen dat 'n volledige ontleding van elk 'n vereiste sou wees. Ek is egter oortuig daarvan dat daardie romans wat volgens Brink se definisie as 'betrokke' of geëngageerd beskou kan word (vgl. 4.1.1), soortgelyke resultate sou kon oplewer. Volgens genoemde definisie, wat ek ook onderskryf, is betrokke literatuur daardie literatuur "wat aantoonbaar ontspring uit, en ingestel is op, 'n herkenbare sosio-politieke werklikheid" (Brink, 1985:79); dit sluit ook dié romans in wat historiese temas ontwikkel vir (eietydse) ideologiekritiese doeleindes. Dieselfde gekanoniseerde (min of meer 'literêre') romans wat in die inleiding genoem is, is uiteraard hier weer ter spake, naamlik *Houd-den-bek* (1982), *Onse Hymie* (1982), *Blaaskans* (1983), *Die muur van die pes* (1984), *Grensgeval* (1985), *Die verlore vader* (1986) en *Toorberg* (1986). Vir romans wat hoofsaaklik ander temas ontgin, sou ek verkieslik 'n ander invalshoek as die ideologiekritiese verkies, omdat ek dit nie billik vind om so 'n roman in sy geheel as versweë ideologie te lees nie. Voorbeelde van sulke tekste is *'n Ander land* (1984) van Karel Schoeman en *Missionaris* deur Elsa Joubert (1988). Postmodernistiese tekste soos *Somer II* (1985) en *Suidpunt-jazz* (1989) van André Letoit verg waarskynlik ook ander leesstrategieë as sosiaal-realistiese tekste soos die drie wat in hierdie ondersoek bespreek is.

